# 'N SOSIOLOGIESE STUDIE VAN DIE FUNKSIES VAN KERKBESOEK IN DIE NED. GEREF. KERK VOLGENS DIE KLASSIFIKASIE VAN R.K. MERTON MET SPESIALE VERWYSING NA DIENSPLIGTIGES IN DIE SUID-AFRIKAANSE WEERMAG

deur

ERIC HARRINGTON Honns., B.A.

Verhandeling ingedien ter nakoming
van die vereistes vir die graad

MAGISTER ARTIUM

in die
Departement Sosiologie
aan die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT
vir
CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

Leier: Prof. Dr. J.P. van der Walt

Potchefstroom.
Januarie 1973.

Opgedra aan my Vrou,

en die Ouers van ons dienspligtiges.

VOORWOORD

Dit is my besondere voorreg om langs hierdie weg dank te betuig aan:

God Drie-enig, wat my tot Sy diens geroep het.

My vrou en kinders vir hulle besondere inspirasie en veral hulle bedagsaamheid tydens die studietydperk.

Prof. dr. J.P. van der Walt, van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, vir sy besondere leiding, sy aansporing en inspirasie en veral vir sy daadwerklike hulp. Indien ek reg wou laat geskied sou sy naam onderaan feitlik elke bladsy van hoofstuk 3 by die voetnote moes verskyn met die kommentaar: ‚Samespreking met Prof. J.P. van der Walt'.

Mnr. J.E. Kruger, ook van die Departement Sosiologie van die P.U. vir C.H.O. vir sy onbaatsugtige hulp en vriendelike bystand veral wat die versorging van die vraelys betref.

Die Departement Statistiek van die P.U. vir C.H.O. met betrekking tot die kontrole van die vraelys en die bewerking daarvan met die rekenoutomaat.

My mede kapelane in die Suid-Afrikaanse Weermag vir hulle baie hulp met die voltooing van die vraelyste.

Kol. A. Botes, SM, Bevelvoerder van Diensvakskool, Voortrekkerhoogte vir sy vriendelike bystand ten alle tye.

Die Skrywer.

INHOUDSOPGAWE

VOORWOORD

HOOFSTUK 1

INLEIDING EN ORIËNTERING

1.1 Inleiding 1
1.1.1 Die rol van die gesinsverband 3
1.1.2 Die rol van die kerk 3
1.1.3 Die geestesgesteldheid van die jongmens self 4
1.2 Die omvang en afbakening van die studieterrein 5
1.3 Die doel en metodes van hierdie navorsing 8
1.4 Indeling van stof in hoofstukke 11

HOOFSTUK 2

MERTON SE TEORIE VAN FUNKSIONELE ONTLEDING EN SY SIENING VAN DIE BEGRIPPE FUNKSIE, DISFUNKSIE, NONFUNKSIE, MANIFESTE FUNKSIE, LATENTE FUNKSIE, EN DIE FUNKSIE VAN KERKBESOEK IN DIE LIG VAN HIERDIE BEGRIPPE

2.1 Inleiding 12
2.2 Betekenisse van die term ‚funksie' 13
2.3 Funksionele ontleding 16
2.3.1 Funksionele ontleding in die algemeen 16
2.3.2 Funksionele ontleding van die kerk 18
2.3.3 Merton se postulate van funksionele ontleding 20
2.4 Merton se paradigma vir funksionele ontleding 24
2.4.1 Funksie 25
2.4.2 Disfunksie 27
2.4.3 Nonfunksie 30
2.4.4 Manifeste funksie 30
2.4.5 Latente funksie 32

HOOFSTUK 3

DIE STUDIETERREIN VAN DIE GODSDIENSSOSIOLOGIE EN DIE TEOLOGIESE VERTREKPUNT VAN HIERDIE STUDIE


3.1 Die mens 'n godsdienstige wese 37
3.2 Die breë studieterrein van die godsdienssosiologie 38
3.3 Die funksie van kerkbesoek - teologiese vertrekpunt 39
3.4 Die noue samehang tussen struktuur en funksie 40
3.5 Die vier funksionele probleme van elke sosiale sisteem 41
3.6 Redes vir kerkgang en die vier funksionele probleme van elke sosiale sisteem 43
3.7 Die struktuurfunksionele teoretiese raamwerk van die redes vir kerkgang van dienspligtiges 47
3.8 Samevattende rede op Skriftuurlike gronde waarom 'n mens kerktoe moet gaan 61


HOOFSTUK 4

UITEENSETTING VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK, INTERPRETASIE, VERKLARINGE, BEVINDINGE EN GEVOLGTREKKINGS WAARTOE GEKOM WORD T.O.V. DIE FUNKSIONALITEIT VAN KERKBESOEK, EN DIE MOONTLIKE POSITIEWE EN NEGATIEWE OORSAKE VIR DIE VERMINDERING VAN FUNKSIONALITEIT VAN KERKBESOEK BY DIENSPLIGTIGES WAT LIDMATE EN DOOPLIDMATE VAN DIE NED. GEREF. KERK IS


4.1 Uiteensetting van die empiriese ondersoek 64
4.1.1 Die vraelys 64
4.1.2 Voltooiing van die vraelys 65
4.1.3 Motivering van die verskillende afdelings van die vraelys 66
4.2 Interpretasie, verklaringe, bevindinge en gevolgtrekkings waartoe gekom word t.o.v. die funksionaliteit van kerkbesoek by dienspligtiges 78

4.2.1 Vergelyking van die kerkbywoning van die stedeling met die plattelander 78
4.2.2 Vergelyking van skoolstanderd geslaag met kerkbywoning 78
4.2.3 Vergelyking van die kerkbywoningspatroon van die jong seun tuis met die dienspligtige tans 80
4.2.4 Kerkbywoning en die mening van die dienspligtiges in hierdie verband 83
4.2.5 Redes waarom dienspligtiges gewoonlik kerktoe gaan 84
4.2.6 Kontak met die Here in die kerk 95
4.2.7 Die assosiasie van die woord ,kerk' met sekere begrippe 97
4.2.8 Redes wat verhinder dat dienspligtiges 2 keer per Sondag kerktoe gaan 98
4.2.9 Die funksionaliteit van die kerkdiens 105
4.2.10 Die aantreklikheid van die kerkdiens 117
4.2.11 Die kerklike oriënteri̇ng van die dienspligtige in sy ouerhuis 123
4.2.12 Geloofsekerheid by die dienspligtige 127

HOOFSTUK 5

SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS EN MOONTLIKE TENDENSE, POSITIEF EN NEGATIEF, MOONTLIKE OORSAKE VIR DIE VERMINDERING VAN DIE FUNKSIONALITEIT VAN KERKBESOEK BY DIE DIENSPLIGTIGES WAT LIDMATE VAN DIE NED. GEREF. KERK IS, RIGLYNE VIR DIE TOEKOMS EN AANBEVELINGS

5.1 Inleidend 129
5.2 Samevattende gevolgtrekkings en moontlike tendense 130
5.2.1 Positiewe gevolgtrekkings en tendense 130
5.2.2 Negatiewe gevolgtrekkings en tendense 138
5.3 Enkele riglyne en aanbevelings vir die toekoms 141
5.4 Slotopmerking 144

TABELLE


| | |
|---|---|
| I | Korrelasie van die kerkbywoning van die stad met die platteland 79 |
| II | Korrelasie tussen skoolstanderd geslaag en kerkbywoning 79 |
| III | Kerkbywoning van die jong seun tuis, die dienspligtige tans en sy mening van hoe dikwels 'n mens kerktoe behoort te gaan 82 |
| IV | Korrelasie van die kerkbywoning tuis met huidige kerkbywoning 82 |
| V | Die getal dienste wat daar op 'n Sondag behoort te wees 84 |
| VI | Redes waarom dienspligtiges gewoonlik kerktoe gaan 90 |
| VII | 3 Belangrikste redes waarom kerktoe gegaan word 92 |
| VIII | 3 Belangrikste redes waarom kerktoe gegaan word gegroepeer in kategorieë 93 |
| IX | Korrelasie tussen dienspligtiges wat redes in die ,aanbiddinggroep' verstrek en hulle kerkbywoning 93 |
| X | Korrelasie tussen geloofsekerheid en kerkbywoning 94 |
| XI | Kontak met die Here in die kerk 96 |
| XII | Korrelasie tussen kerkbywoning en kontak met die Here in die kerk 96 |
| XIII | Assosiasie van die woord ,kerk' met sekere begrippe 97 |
| XIV | Redes wat verhinder dat dienspligtiges 2 keer per Sondag kerktoe gaan 102 |
| XV | Korrelasie tussen kerkbywoning en redes wat verhinder dat kerktoe gegaan word 103 |
| XVI | Korrelasie tussen verpligte kerkparades met redes waarom daar nie kerktoe gegaan word nie 104 |
| XVII | Korrelasie tussen bywoning van verpligte kerkparades en kerkbywoning gewoontes 104 |

| | | |
|---|---|---|
| XVIII | Die lengte van die preek volgens die mening van die dienspligtige | 109 |
| XIX | Korrelasie tussen kerkbywoning en die preek van die predikant | 110 |
| XX | Korrelasie tussen diegene wat fout vind met die predikant en die preek self | 110 |
| XXI | Korrelasie tussen persone wat sê daar behoort 'n sekere getal dienste op Sondag te wees en die lengte van die preek | 111 |
| XXII | Die sing van Psalms en Gesange | 111 |
| XXIII | Korrelasie tussen kerkbywoning en die sing van Psalms en Gesange | 112 |
| XXIV | Die dwaal van gedagtes tydens die erediens | 112 |
| XXV | Korrelasie tussen kerkbywoning en die dwaal van gedagtes | 113 |
| XXVI | Korrelasie tussen die lengte van die preek en gedagtes wat tydens die kerkdiens dwaal | 113. |
| XXVII | Geniet van die kerkdiens al dan nie | 114 |
| XXVIII | Korrelasie tussen kerkbywoning en die geniet van die diens | 114 |
| XXIX | Korrelasie tussen die geniet van die diens en lengte van predikant se preek | 115 |
| XXX | Verveeldheid by die erediens bepaal deur die kyk na 'n horlosie | 115 |
| XXXI | Korrelasie tussen kerkbywoning en die kyk na 'n horlosie tydens die erediens | 116 |
| XXXII | Korrelasie tussen die kere dat na 'n horlosie gekyk word en die lengte van die preek | 116 |
| XXXIII | Die diens wat die dienspligtige die graagste bywoon | 121 |
| XXXIV | Korrelasie tussen kerkbywoning en die vraag of die diens aantrekliker gemaak kan word | 121 |
| XXXV | Maniere waarop die kerkdiens aantrekliker gemaak kan word | 122 |
| XXXVI | Wenke om kerkdiens aantrekliker te maak | 122 |
| XXXVII | Kerkverband van vader en moeder van dienspligtiges | 124 |
| XXXVIII | Korrelasie tussen kerkbywoning van die vader met die van sy seun | 125 |

XXXIX Korrelasie tussen kerkbywoning van die moeder met die van haar seun 125
XXXX Gesinne wat huisgodsdiens hou 126
XXXXI Korrelasie van kerkbywoning met die hou van huisgodsdiens tuis 126
XXXXII Gesprekke van predikante oor geloofsekerheid in belydenisklas tuis 128
XXXXIII Geloofsekerheid by belydenisaflegging en tans 128

**SUMMARY (Engelse opsomming)** 146

**BIBLIOGRAFIE** 148

**BYLAE - Vraelys aan dienspligtiges** 151

HOOFSTUK 1

# INLEIDING EN ORIëNTERING

## 1.1 Inleiding

Ons lewe vandag in die moderne twintigste-eeuse wêreld waar die mens homself sien as die uitwerker van sy eie heil, die bewerker van sy eie saligheid hoofsaaklik as gevolg van die geweldige ontwikkeling op tegnologiese gebied wat ruimtes oopgemaak het, die wêreld klein gemaak het, eeue oue raaisels opgelos het, nuwe ideologieë daargestel het, wêreld-kommunikasie alledaags gemaak het en ontspanningsmoontlikhede in sy legio van getalle daargestel het. In hierdie wêreld is die tendens van die massas weg van die kerk en volg die sgn. Westerse beskawing 'n rigting wat uiteindelik op 'n blanke heidendom moet uitloop.

In hierdie moderne samelewing soek miljoene mense die besielende krag van hulle lewe, hulle troos in lewe en sterwe op ander plekke as in die godsdiens. Vele ander institute het vandag die kerk vervang en haar funksies oorgeneem. Daar is die bioskoop, die sport en die klub om maar 'n paar te noem [1]. Veral onder die hedendaagse jonger geslag het ook nog bygekom die natuur- of **hieppi**kultus en die dwelmmiddel. Volgens Banning is die tydperk van die Christelike kultuur vir Europa verby en is die sekularisasieproses soos dit daar tot openbaring kom eintlik 'n ontkersteningsproses [2].

Ook in Suid-Afrika is die tendens van kritiek op en die beweging weg van die kerk duidelik sigbaar, hoewel miskien nog nie so geaksentueerd nie. So onlangs soos 24 Mei 1972 verklaar Prof. W.D. Jonker voor 'n studentegehoor te Stellenbosch dat daar in die jongste verlede van

---

1) Banning, W. in Groenman, Sj. e.a. Het Sociale leven in al zijn facetten - sleutel tot de moderne maatschappelijke problematiek, p. 538.

2) Ibid.

verskillende kante skerp kritiek uitgespreek word teen die kerk. Die inhoud van hierdie kritiek kan min of meer globaal saamgevat word in die gedagte dat die kerk uit pas is, agter die tyd en bekrompe is, nie meer voldoen aan die eise wat die moderne Afrikaner of die moderne jeug aan die kerk stel nie [1].

Hy wys dan daarop dat ons spesifiek in ons tyd ook die gerypte vrugte van 'n eeuelange ontwikkeling van die sekularisasieproses sien, wat onder meer beteken dat die mens geen ander gesag wil aanvaar as die gesag van sy eie insig en rede nie. Daarom verwerp die moderne mens dikwels ook die gesag van die Bybel in alle opsigte [2].

Hy verklaar verder dat die moderne mens soms 'n aksie het teen alles wat institusioneel is. Dit is vir hom te star en onbeweeglik en dit laat die dinamiese lewe vir sy gevoel te veel in vaste vorme stol. Hierdie lewensgevoel bring mee dat die kerk in alle lande vandag aan kritiek onderworpe is en dat baie mense die kerke verlaat. Die redes wat daarvoor aangevoer word, is dikwels dieselfde as die kritiek wat ons op die oomblik in eie midde hoor [3].

Ook in die Ned. Geref. Kerk word daar jaar na jaar op sy Ringsittings dwarsoor die land geworstel met die vraagstukke van kerkloosheid by die lidmaat in die algemeen en by die jeug in besonder en word die vrae gedurig gestel nl. hoe om hierdie mense by die kerk te betrek en vir die kerk te behou. Die Sekretaris vir Ampsbediening en Evangelisasie van die Ned. Geref. Kerk van Noord-Transvaal rapporteer dat die gemiddelde bywoningssyfer van die lidmate van die gemeentes van Noord-Transvaal vir die 1970/1971 kerkjaar vir oggenddienste slegs 31% is van die moontlike totaal en 13% vir aanddienste [4]. Hierdie toestand is eintlik maar simptomaties van die toestand in

---

1) Jonker, W.D. Is die kerk uit pas? Die Kerkbode, 26 Julie 1972, p. 110.

2) Ibid., p. 112.

3) Ibid.

4) Jaarverslag van die Sekretaris vir Ampsbediening en Evangelisasie van die Ned. Geref. Kerk van Noord-Transvaal 1970/71.

die hele kerk. Baie faktore dra tot hierdie toestand by en die doel van hierdie navorsing is om klem op 'n paar daarvan, veral wat die jeug betref, te lê:

### 1.1.1 Die rol van die gesinsverband

Die rol van die gesinsverband kan nooit oorskat word nie. Dit is veral die ouer wat 'n groot invloed uitoefen op sy kind, 'n positiewe invloed ten goede of 'n negatiewe invloed ten kwade in sy opvoedings- en sosialiseringsprøses met betrekking tot die institusionalisering van norme en die internalisering daarvan by kerkbesoek. Tereg word die bewering gemaak dat ongereelde kerkgaande ouers die brug is na algehele kerklosheid en kerkvreemdheid by die volgende geslag [1]). Die teendeel word ook beweer nl. dat jeugdiges wat uit ouerhuise kom waar positiewe godsdientige handelinge soos huisgodsdiens, kerkgang en deelname aan ander kerklike aktiwiteite voorgekom het, 'n groter eenvormigheid in hulle gedrag toon as diegene wat nie uit sodanige gesinne afkomstig is nie. Ook die meeste jeugdiges wat verklaar dat hulle vir Christus aanvaar het, kom byvoorbeeld uit huise waar positiewe godsdienstige handelinge voorgekom het [2]).

In hierdie ondersoek word die klem dan ook veral gelê op die verband tussen die kerkbesoek van die ouers en dié van hul kinders en die funksionaliteit van lg. se kerkbesoek in die lig hiervan.

### 1.1.2 Die rol van die kerk

Dit is egter nie slegs ouers wat invloed uitoefen op die gereeldheid van hulle kinders se kerkbesoek en die funksionaliteit daarvan nie. Dit gebeur dikwels dat kinders uit huise waar vader en moeder selde of nooit kerktoe kom nie self gereelde kerkgangers is. Ook die kerk vervul dus 'n belangrike rol om die jeug te trek.

---

1) Cronje, G. Kerk en huisgesin, p. 159.
2) Pieterse, J.E. Jeug en godsdiens (Deel IV), p. 134.

Naas hierdie positiewe invloed wat die kerk dikwels uitoefen kan daar ook 'n negatiewe invloed van hom uitgaan. Hy kan sy vermoë om die jongmens van ons tyd te trek verloor en daarmee die positiewe invloed van Christelike ouers tot 'n mate elimineer. Daarom word daar in hierdie navorsing vrae soos die volgende gevra:

Bied die kerk nog 'n tuiste vir vandag se jeug?

Word die geestelike behoefte van die jongmens bevredig wanneer hy kerktoe gaan?

Is die kerk nog in pas met die moderne jongmens?

Slaag die predikant daarin om hom te bereik?

Is die aanbieding van die erediens nog aanneemlik en aantreklik vir die hedendaagse jeug?

Wat dra die kerk daartoe by om kerkgang funksioneel te maak?

Hierdie studie trag dan om lig te werp op sommige van dié hinderlike maar aktuele vrae.

### 1.1.3 Die geestesgesteldheid van die jongmens self

Hoewel die gesinsverband van die jongmens en ook die kerk 'n groot invloed op hom uitoefen moet daar nie uit die oog verloor word nie dat die jongmens juis as gevolg van hierdie invloed, of ten spyte daarvan 'n eie geestesgesteldheid en persoonlikheid ontwikkel het.

Hierdie navorsing probeer dus ook vasstel wat die jongmens nou eintlik by sy kerk gaan maak, wat hy daar soek, of hy uit gewoonte gaan, wie hom beïnvloed om te gaan, of die kudde-instink hom na so 'n groepsbyeenkoms dryf, of dit dalk slegs die vrees oor 'n onsekere hiernamaals is wat hom aanspoor om te gaan, en of hy gaan om God daar op te soek en te aanbid en is sy kerkbesoek teologies gesien werklik funksioneel?

## 1.2 Die omvang en afbakening van die studieterrein

### 1.2.1 Die omvang van die studieterrein

Kerklosheid en kerkloosheid en die daarmee gepaardgaande vraag nl. hoe om die mens weer by die kerk te betrek is 'n wêreldwye probleem.

Reeds in die eerste paragraaf is die stelling gemaak dat ons vandag in 'n gesekulariseerde wêreld leef: „Die sekularisasieproses, wat sedert die Hervorming en Rennaissance op gang gekom het, daarna met die Franse Revolusie en Aufklärung verskerp is, en sedert die eerste industriële revolusie 'n groot stoot vorentoe gekry het, is gedurende die twintigste eeu oneindig versnel, geïntensifieer en uitgebrei sodat dit 'n wêreldverskynsel geword het" [1]).

Die kernbelangstelling van die Westerse beskawing is die wetenskap en die tegniese toepassing daarvan. Die mens dink humanisties en antroposentries in die sin dat hy alleen wil aanvaar wat hy empiries kan bewys. Verder is sy grootste strewe om die lewenstandaard te verhoog en te verbeter [2]). Dit is dan ook die besondere kenmerk van ons tyd dat die mens nooit genoeg kry nie en nooit versadig word nie, maar dat hy steeds na meer en beter stoflike dinge strewe.

Hierdie moderne materialistiese mens het dan ook vir God al minder nodig juis omdat God vir hom onwerklik, onkonkreet, onbereikbaar en onvoorspelbaar is. Uiteindelik bestaan God dan ook nie meer vir hom nie. Hy soek nie meer sy heil by God nie. Hy wil wetenskaplik die oorsaak van sy onheil of mislukking nagaan en sy verlossing by sy tegniek en wetenskap gaan soek - dit bied dan vir hom sekuriteit.

---

1) du Plessis, H. Sendingwetenskap vandag, p. 63.
2) Ibid., p. 64.

Die gesinslewe in hierdie gesekulariseerde wêreld van vandag is so ingestel op die stoflike dat daar maar min tyd oorbly vir die een of ander vorm van huislike godsdiensoefening [1]).

Soms kry die godsdienstige nog wel 'n plekkie (gewoonlik nie meer dié plek nie) op 'n Sondag, maar in die week geld daar gans ander waardes en motiewe: „Godsdienstige handelingen worden steeds meer speciale, uitzonderlijke, vreemde - het gewone handelen van de overgrote meerderheid gaat voor het overgrote deel aan de godsdienst voorbij: een radicaal verschil met een 'gesloten' maatschappij: secularisatie" [2]).

In hierdie gesekulariseerde en materialistiese wêreld ondergaan die kind, die skolier, die jong man [3]) sy vormingsproses en dit is onvermydelik dat wanneer hy volwassenheid bereik hy die stempel en letsels daarvan sal dra. Kerklosheid en kerkloosheid is uiteraard die natuurlike uitvloeisel daarvan.

Ook in Suid-Afrika het die proses van sekularisasie reeds aansienlike vordering gemaak. Ook die Afrikanervolk het uiters materialisties geword en veral by die jongere geslag is die neiging al hoe sterker om bande met konformisme, tradisie en veral die met die godsdiens los te maak.

Die persentasie van mense wat vandag nog gereeld kerktoe gaan word onrusbarend ver oorskadu deur die persentasie wat ongereeld of nooit meer die Huis van die Here opsoek nie.

Die roeping en taak van die kerk in hierdie krisissituasie is dan om sy kerklosse, kerklose en kerkvervreemde lidmate weer te laat belangstel in en terug te wen vir die Kerk van Christus en om 'n nuwe geslag van kerkvaste en Godvresende jongmense te kweek en op te skerp.

---

1) Banning, W. in Groenman, Sj. e.a. Het Sociale leven in al zijn facetten.... p. 538.
2) Ibid.
3) Hierdie navorsing handel oor jong seuns wat pas hulle ouerhuise verlaat het om as dienspligtiges in die S.A. Weermag opgelei te word.

Hierdie studie sal dan ook in alle beskeidenheid poog om enkele riglyne in die verband neer te lê.

1.2.2 Afbakening van die studieterrein

Teen die agtergrond wat hierbo geskets is word hierdie navorsing dan ook afgebaken.

Dienspligtiges in die Suid-Afrikaanse Weermag word gebruik as die objek van studie. Daar dien egter op gelet te word dat die feit dat hulle dienspligtiges is hulle nie anders maak as ander jong mense nie en dat daar as die objek van navorsing net sowel 'n ander groep persone verteenwoordigend van die hedendaagse jongmens gekies kon gewees het. Die rede waarom die keuse op die dienspligtiges geval het is hoofsaaklik daaraan toe te skrywe dat hulle as 'n groep jongmense van oor die lengte en breedte van die land in die Weermag saamgetrek word, betreklik maklik bekombaar is met die oog op die voltooiing van vraelyste, en verteenwoordigend is van die jongmense van ons land, in hierdie geval die jong seun wat so pas uit die skool uit is en sy ouerhuis verlaat het.

Sy eie gesinsituasie is nog vars in sy geheue en die navorsing probeer ook hierdie situasie vergelyk met sy optrede teenoor kerk en godsdiens noudat hy op eie bene staan.

Verder word ook gepoog om die invloed van sy gesinsituasie te bepaal op sy oriëntering t.o.v. kerkbesoek en op die mate van sy geloofsekerheid.

Ook word daar getrag om te bepaal in hoeverre die institutêre kerk veral deur sy erediens aanbieding en deur sy ampsdraers, in sonderheid die predikant, daarin slaag om die jeug te trek en te behou vir die Kerk van Christus.

Laastens wil die navorsing ook vasstel hoe funksioneel kerkbesoek nog vir hierdie jongmense is

en in hoe 'n mate die kerk sy taak vervul om die te verwagte funksionele kerkgang by hulle in te skerp en te bewerkstellig.

1.3 Die doel en metodes van hierdie navorsing

Die doel van hierdie navorsing is die volgende:

1.3.1 Om aan te toon dat vanuit 'n bepaalde standpunt mense kerktoe gaan - d.w.s. dat kerkbesoek 'n funksie vervul in die lewe van 'n mens

Daar sal aangetoon word uit die Skrif en uit die praktyk dat die mens inherent 'n religieuse wese is en dat daar daarom by elke mens 'n basiese geloofs-en godsdienstige behoefte is wat hy wil bevredig.

Daar word navraag gedoen na die aard van hierdie basiese behoefte en dan tot die slotsom gekom dat die woord a a n b i d d i n g die beste is om hierdie behoefte te beskrywe.

Die redenasie word tot sy volgende konsekwente stap gevoer deur te verneem op hoedanige wyse die mens nou uiting gee aan hierdie behoefte en dan word daarop gewys dat kerkbesoek een baie belangrike manier is waarop die mens trag om hierdie behoefte te vervul.

Die stelling word dan gemaak dat kerkbesoek funksioneel is vir die mens wanneer hy na die kerk gaan met die doel om te aanbid.

1.3.2 Om in die lig van bogenoemde uitgangspunt aan te toon in hoe verre kerkbesoek funksioneel is vir dienspligtiges in die S.A. Weermag wat lidmate en dooplidmate is van die Ned. Geref. Kerk volgens Merton se teorie van funksionele ontleding

Daar sal dus 'n teoretiese uiteensetting van Merton se teorie van funksionele ontleding gegee word en sy begrippe van funksie, disfunksie, nonfunksie, manifeste funksie en latente funksie sal omskrywe en van

toepassing gemaak word op die kerkbesoek van genoemde dienspligtiges in 'n empiriese ondersoek. Met die resultate van hierdie ondersoek voor hande sal daar gepoog word om aan te toon in watter mate die kerkbesoek van die dienspligtige funksioneel is al dan nie.

1.3.3 In hierdie ondersoek is dit verder van belang om aan te toon:

1.3.3.1 hoedanig die rol en funksie van die huisgesin as agtergrond vir die aard van die kerkbesoek van die dienspligtige is;

1.3.3.2 watter rol en funksie die predikant en die kerk in sy institutêre vorm in die kerkbesoek van die dienspligtige vervul;

1.3.3.3 watter invloed sy vriende en kennisse in hierdie verband op hom uitoefen.

1.3.3.4 Verder sal daar ook bepaal moet word watter waarde hierdie gegewens vir die kerk het met betrekking tot die beter bywoning van eredienste, meer funksionele kerkbesoek ens.

1.3.4 Voorts sal daar ook gewys word op leemtes in die gesin

Hiermee word bedoel veral ouers wat ongereeld, selde of nooit kerktoe gaan asook verwaarlosing van die huisaltaar in soverre dit betrekking het op die kerkbesoek van die jong dienspligtige en die funksionaliteit van sodanige kerkbesoek.

Terselfdertyd sal daar gepoog word om leemtes en tekortkominge aan te toon by die kerk in sy institutêre vorm en sy ampsdraers, veral ook die predikant, in soverre sulke leemtes miskien tot openbaring mag kom in die ondersoek.

1.3.5 Die metode van ondersoek

In hierdie navorsing sal daar hoofsaaklik gebruik gemaak word van literatuurstudie, d.w.s. verskillende

bronne en werke word geraadpleeg i.v.m. die tema vir kompilasie. Dit is dan verder die plig van die navorser om tot 'n sintese te kom van wat veral R.K. Merton en ook verskillende ander skrywers sê oor die teorie van funksionele ontleding, en die begrippe funksie, disfunksie, nonfunksie, manifeste funksie en latente funksie en die toepassing daarvan op kerkbesoek.

In die empiriese navorsing is die volgende voorsorgmaatreëls getref:

Vraelyste is voltooi deur 'n verteenwoordigende groep dienspligtiges van die Ned. Geref. Kerk in die Suid-Afrikaanse Weermag tydens die jaar 1972 - ongeveer een-tiende van die totale aantal dienspligtiges.

Daar is hoofsaaklik twee groot innames van dienspligtiges elke jaar t.w. die Januarie-inname en die Julie-inname. Die Januarie-inname bestaan meestal uit seuns wat die matriek-eksamen geskryf het en dit beoog om moontlik na 'n universiteit of ander hoër opleidingsinrigting te gaan. Die Julie-inname bestaan grotendeels uit seuns met matriek en ook mindere kwalifikasies wat dit nie beoog om dadelik hoër opleiding te ondergaan nie. Daar is verder ook 'n paar kleinere innames.

Vraelyste is op verteenwoordigende basis deur al die groepe voltooi en verteenwoordig dienspligtiges in die Leer, die Lugmag en die Vloot. Daar word nie veel onderskeid gemaak tussen hierdie drie afdelings van die Weermag nie aangesien dit dieselfde seuns uit dieselfde huise in elke afdeling is en hulle slegs 'n betreklike beperkte keuse het t.o.v. hulle indeling.

Opnames is willekeurig by 18 verskillende eenhede gedoen op 9 verskillende stede en dorpe in die Republiek onder dienspligtiges wat toevallig op daardie tydstip daar diens gedoen het en teenwoordig was. Genoemde dienspligtiges is afkomstig van alle plekke dwars oor die Republiek en ook Suidwes-Afrika en is derhalwe verteenwoordigend van jongmense oor die hele land.

Voordat die vraelyste op groot skaal gesirkuleer is is steekproewe met 'n voorlopige vraelys uitgevoer om die objektiwiteit, aanvaarbaarheid en verstaanbaarheid daarvan by die diensgligtige uit te toets en die nodige wysigings aan te bring.

Verder is die Departement Statistiek van die P.U. vir C.H.O. genader met betrekking tot die kontrole van die vraelys en die bewerking daarvan met die reken-outomaat.

## 1.4 Indeling van die stof in hoofstukke

Hoofstuk 2 bevat 'n uiteensetting van Merton se teorie van funksionele ontleding en die nadere omskrywing van sy begrippe funksie, disfunksie, nonfunksie, manifeste funksie en latente funksie soos aangevul, geïnterpreteer en verklaar met die siening van verskillende skrywers.

Hoofstuk 3 behandel die breë studieterrein van die godsdienssosiologie, toon die teologiese vertrekpunt van hierdie studie deur te wys op wat bedoel word met funksionele kerkbesoek in die algemeen en die funksie van kerkbesoek onder dienspligtiges van die Ned. Geref. Kerk in die besonder.

Hoofstuk 4 bevat die uiteensetting van die empiriese ondersoek, motiveer en omskrywe die vraelyste, en toon die bevindinge en gevolgtrekkings waartoe gekom word t.o.v. die funksionaliteit van kerkbesoek by genoemde dienspligtiges.

Hoofstuk 5 handel oor samevattende gevolgtrekkings en moontlike tendense, positief en negatief, moontlike oorsake vir die vermindering van funksionaliteit van kerkbesoek by dienspligtiges wat lidmate of dooplidmate is van die Ned. Geref. Kerk, en enkele riglyne vir die toekoms met aanbevelings vir 'n moontlike positiewe bydrae tot teologiese funksionaliteit.

## HOOFSTUK 2

## MERTON SE TEORIE VAN FUNKSIONELE ONTLEDING EN SY SIENING VAN DIE BEGRIPPE FUNKSIE, DISFUNKSIE, NONFUNKSIE, MANIFESTE FUNKSIE, LATENTE FUNKSIE, EN DIE FUNKSIE VAN KERKBESOEK GESIEN IN DIE LIG VAN HIERDIE BEGRIPPE

### 2.1 Inleiding

„Functional analysis is at once the most promising and possibly the least codified of contemporary approaches to the problems of sociological interpretation. Having developed on many intellectual fronts at the same time, it has grown in shreds and patches rather than in depth. The accomplishments of functional analysis are sufficient to suggest that its larger promise will ultimately be fulfilled" [1]).

Merton se aanvanklike bydrae tot die Sosiologie was op die gebied van die sosiale behaviorisme, dog heel vroeg in sy loopbaan het hy oorgeslaan na wat hy self beskrywe het as die meer belowende teorie van funksionele ontleding [2]).

Sy grootste bydraes is op hierdie gebied gelewer en veral belangrik is sy siening van die begrippe funksie, disfunksie, nonfunksie, manifeste funksie en latente funksie, en die daarmeegepaardgaande gedagte dat die bestaande postulate van funksionele ontleding t.w. die postulaat van die funksionele eenheid van die samelewing, die van universele funksionalisme en die postulaat van onontbeerlikheid nie noodsaaklik is vir funksionele oriëntasie nie [3]).

As ons egter die teorie van funksionele ontleding reg wil probeer begryp moet eers op die betekenis van

---

1) Merton, R.K. Social theory and social structure, p.21.

2) Martindale, D. The Nature and types of social theory, p.471.

3) Merton, op. cit., p. 79.

die term <u>funksie</u> gelet word.

## 2.2 Betekenisse van die term 'funksie'

Merton heg verskillende betekenisse aan die woord funksie. Hy noem o.a. die volgende:

### 2.2.1 Funksie as openbare geleentheid

Die soort van sosiale funksie waarna hier verwys word is die byeenkoms van 'n groep mense vir 'n feestelike geleentheid [1]). 'n Kerklike gemeente sal b.v. kaartjies verkoop vir 'n funksie en hiermee word bedoel 'n sosiale funksie wat die vorm van 'n konsert of iets dergeliks kan aanneem.

Martindale verwys na hierdie soort van funksie as „useful activity" en hy klassifiseer kerkfunksies, pieknieks en soortgelyke byeenkomste onder hierdie term [2]).

Beide Merton en Martindale is dit egter eens dat hierdie gebruik van die term nie waarde inhou vir die Sosiologie nie [3. & 4]).

### 2.2.2 Funksie as 'n beroep

In hierdie sin is funksie nou verwant aan die soort werk wat 'n persoon verrig, d.w.s. sy beroep. Max Weber omskryf beroep (occupation) as „the mode of specialization, specification and combination of the functions of an individual so far as it constitutes for him the basis of a continual opportunity for income or for profit" [5])

---

1) Merton, R.K. Social theory and social structure, p. 74.
2) Martindale, D. The nature and types of sociol. theory, p. 444.
3) Ibid.
4) Merton, op. cit., p. 74.
5) Ibid.

2.2.3 Funksie as aktiwiteit wat toegesê word aan 'n sosiale status

Baie nou verwant aan die vorige begrip van funksie is hierdie omskrywing van die term - Merton noem dit eintlik 'n spesiale voorbeeld van die vorige. Hy verwys hier na 'n persoon wat 'n besondere amp beklee b.v. in 'n politieke party soos die leier van die party of die sekretaris daarvan en in hierdie sin praat ons dan ook van 'n funksionaris in die sin dat so 'n persoon 'n besondere funksie vervul vir die party [1]).

Ook hierdie gebruik van die term is nie geskik vir die teorie van funksionele ontleding nie.

2.2.4 Matematiese funksie

Matematiese funksie verwys na die verband tussen een veranderlike en ander veranderlikes en die terme waarin dit uitgedruk kan word [2]). Martindale sê: „A function in mathematics is a variable whose values are determined by those of one or more other variables. If x and y are two variables, and if to each value of x corresponds one and only one value of y, y may be said to be a single-valued function of $x: y = f(x)$" [3]).

Om dan nou die matematiese funksie van toepassing op die sosiologie te maak verwys ons na die volgende: As Mannheim konstateer dat elke sosiale feit 'n funksie is van die tyd en plek waarin dit gebeur, of wanneer 'n sosioloog sou verklaar dat geboortebeperking 'n funksie is van ekonomiese status, dan word die matematiese konnotasie van funksie gebruik [4]). Ook hierdie betekenis

1) Merton, R.K. Social theory and social structure, p. 75.
2) Ibid.
3) Martindale, D. The nature and types of sociol. theory, p. 444.
4) Merton, op. cit., p. 74.

van die term beantwoord nie aan die vereistes van 'n teorie oor funksionele ontleding nie en daarom dan verklaar Martindale: „Although the needs of a positivistic sociology would be brilliantly met if one were able to express all social relations as mathematical functions, even the most daring positivist has not been willing to go this far" [1]).

2.2.5 Funksie as sosiale prosedure wat die sisteem in stand help hou

Dit is hierdie vyfde konnotasie van die term funksie met sy gedagte van „interdependence", reciprocal relation or mutually dependent variations" [2]) wat sentraal is aan funksionele ontleding. Hierdie gebruik is hoofsaaklik van die biologiese wetenskappe oorgeneem waar die term verwys na organiese prosesse en hulle bydrae tot die instandhouding van 'n organisme. Met veranderinge wat aanpas by die studie van die samelewing stem dit ooreen met die begrip funksie soos die antropologiese funksionaliste dit gebruik [3]).

Hoewel hierdie begrip van funksie verband hou met die matematiese betekenis, het dit tog 'n duidelike afsonderlike betekenis: „. . . en wat sentraal is aan funksionele ontleding soos deur sosioloë in hulle werk gebruik word nl. die van funksionele verwantskap en wedersydse afhanklike variasies" [4]).

---

1) Martindale, D. The nature and types of sociol. theory, p. 444.
2) Merton, R.K. Social theory and social structure, p. 75.
3) Ibid.
4) Steyn, A.F. Metodologiese benaderingswyses in sosiologiese navorsing, p. 58.

Martindale beskrywe hierdie siening van funksie as 'n „system-determining and system-maintaining activity" [1]. Dit kom daarop neer dat die sosiale lewe geïnkorporeer is in sisteme. In hierdie sisteme word elke item beoordeel, eerstens in terme van die plek wat dit in die sisteem inneem, en tweedens deur die bydrae wat dit lewer om die sisteem in stand te hou.

Schneider som hierdie siening van funksie mooi op as hy verklaar dat funksies die gevolge of resultate is van die verwantskappe wat sosiale sisteme met hul omgewings het. Dit is noodsaaklik vir die voortbestaan van sodanige sisteme. Ook Parsons gebruik die term funksie in hierdie sin [2].

Met hierdie omskrywing van die term kan daar nou nader ondersoek ingestel word na die teorie van funksionele ontleding self.

## 2.3 Funksionele ontleding

### 2.3.1 Funksionele ontleding in die algemeen

„A major way in which contemporary sociologists study institutions is by analyzing the consequences of their organization and operations. These effects are not limited to what leaders and spokesmen declare them to be. They may believe the institution accomplishes certain goals when investigation would show consequences to be greatly different, perhaps even directly contradictory to stated objectives. Study of the broad, persistent effects of social action is labelled 'functional analysis'" aldus Moberg [3].

---

1) Martindale, D. The nature and types of sociol. theory, p. 445.
2) Schneider, L. Sociological approach to religion, p. 40.
3) Moberg, D. The church as a social institution, p. 127.

Funksionele ontleding behels dan die bepaling van die objektiewe gevolge, beide direk en indirek, van sosiale handeling [1].

Enige sosiale sisteem het sekere grondliggende funksionele vereistes. Hierdie vereistes is die behoeftes waaraan voldoen moet word indien sodanige sisteem sou wou voortbestaan [2].

Funksionele ontleding verwys na die bydrae wat 'n deel tot die geheel maak: in die Sosiologie dan die rol wat b.v. sosiale of kulturele items speel in die samelewing [3]. Dit beklemtoon die integrasie van dele in 'n geheel, en dit het ten doel die ontleding van die sosiale patrone as dele van groter sisteme van gedrag en veronderstel dat elke handeling die funksie het om die instandhouding van die sisteem te bevorder [4]. In 'n sosiale sisteem vervul die dele funksies wat noodsaaklik is vir die instandhouding en bevordering van 'n sisteem [5]. Die samelewing is die mees omvattende vorm van 'n sosiale sisteem: „waarvan die dele of strukturele komponente wat in hierdie verband die normatief gereguleerde gedragspatrone is, bydra tot die voortbestaan en instandhouding van die totale sisteem, en so onderling afhanklik is, en 'n mate van integrasie toon [6].

Merton skrywe dan ook van funksies as: „Those observed consequences which make for the adaptation or adjustment of a given system", en gebruik in teenstelling

---

1) Moberg, D.O. The Church as a social institution, p. 127.
2) Ibid., p. 127 - 128.
3) Merton, R.K. Social theory and social structure, p. 76.
4) Parsons, T. e.a. Toward a general theory of action, p. 36.
5) Timasheff, N.S. Sociological theory, its nature and growth, p. 222.
6) Steyn, A.F. Metodologiese benaderingswyses in sosiologiese navorsing, p. 59.

die term disfunksies om te verwys na: „those observed consequences which lessen the adaptation or adjustment of the system" [1]).

### 2.3.2 Funksionele ontleding van die kerk

Yinger merk tereg op dat die funksionalisme ook 'n baie belangrike bydrae gelewer het in die Godsdienssosiologie in die sin dat dit die idee laat posvat het dat godsdiens 'n integrale deel van ons komplekse sosiale sisteem is en nie slegs 'n toevallige oorblyfsel daarvan nie [2]).

Verder is die voordeel van funksionele ontleding op hierdie gebied dat dit metafisiese debatte vermy maar in die plek daarvan verklaar dat godsdienstige gelowe en gebruike wel bestaan met bepaalde gevolge vir die menslike gedrag. Funksionele ontleding vra dan hoe hierdie gelowe en gebruike aangewend word [3]) en menslike gedrag raak. So gesien verwys die term funksie dan na die bydrae van die godsdiens tot die instandhouding van die samelewing [4]).

Waar funksionele ontleding dele van 'n sosiale sisteem bestudeer om so vas te stel of hulle 'n bydrae lewer tot die sisteem se funksionele behoeftes [5]), bestudeer die ontleding van die kerk dus die funksionele en disfunksionele gevolge van kerklike aktiwiteite, norme, rolle ens. in sover dit betrekking het op die betrokke samelewing, op die kerk self en op diegene wat daardeur geraak word [6]).

---

1) Merton, R.K. Social theory and social structure, p. 51.
2) Yinger, J.M. Sociology looks at religion, p. 121.
3) Ibid., Religion, society and the individual (Deel 1), p. 56.
4) Nottingham, E.K. Religion and society, p. 12.
5) Moberg, D.O. The Church as a social institution, p. 128.
6) Ibid.,p. 129.

Moberg wys daarop dat kerklike aktiwiteite 'n hele verskeidenheid van funksies vervul soos sosiale, ontspannings, estetiese, ekonomiese, etiese, opvoedkundige en politieke funksies om maar 'n aantal te noem. Hierdie funksies help om die waardes en gebruike van kerklike groepe in hulle betrokke areas in die sosiale lewe te handhaaf, maar in die proses help hulle om ander instellings in stand te hou sowel as om 'n bydrae te lewer tot die hele sosiale sisteem [1].

Onder die godsdienstige funksies van die kerk sien Moberg eerstens en hoofsaaklik die kerk as 'n instelling wat dit vir die mens moontlik maak om te aanbid. 'n Tweede funksie is dat die kerk persoonlike godsdienstige ondervinding vir die individu moontlik maak soos b.v. dat die kerk 'n persoon help om bekend te word met die wil en natuur van God, dat die kerk gemeenskap met God vir die individu bewerkstellig, dat die kerk 'n gevoel van sekuriteit bied, betekenis aan die lewe gee ens. 'n Derde funksie van die kerk is om godsdienstige terapie te bied aan geestelik verstoorde persone [2].

Om nou weer terug te beweeg na die terrein van hierdie studiestuk: as ons dus van die standpunt uitgaan dat die basiese doelstelling van monoteïstiese gelowe soos die Protestantse, Roomse en Joodse gelowe, die reiniging en redding van die siele van mense is, dan is die hoofdoel van die funksionele ontleding om vas te stel wat werklik in hierdie verband gebeur as gevolg van kerklike organisasie en handeling [3].

---

1) Moberg, D.O. The Church as a social institution, p. 160.
2) Ibid., p. 160 - 164.
3) Ibid., p. 159 - 160.

Dit is immers die doel van hierdie navorsing met betrekking tot 'n bepaalde institutêre kerk t.w. die Ned. Geref. Kerk, en 'n bepaalde groep mense t.w. die dienspligtiges in die Suid-Afrikaanse Weermag binne daardie Kerk.

### 2.3.3 Merton en die postulate van funksionele ontleding

Tot dusver het ons nog steeds gepraat van funksionele ontleding in terme van die bydrae wat 'n deel tot 'n geheel maak. In die verbygaan is daar wel verwys na Merton se beskrywing van funksies as „those observed consequences which make for the adaptation or adjustment of a given system", en die term disfunksie wat hy in teenstelling gebruik en beskryf as „those observed consequences which lessen the adaptation or adjustment of the system" [1]).

Met hierdie teenstelling, nl. dat die deel nie altyd 'n bydrae tot 'n geheel lewer nie, maar dat dit ook afbreuk kan doen aan die geheel, kom Merton in botsing met die ou bestaande postulate van funksionele ontleding en toon hy aan dat hulle nie noodwendig noodsaaklik is vir funksionele ontleding nie. In hierdie verband druk Yinger hom soos volg uit: „Perhaps more unfortunate . . . has been the tendency on the part of some of the functionalists themselves to go beyond their evidence and to disregard the problem of dysfunction. Robert Merton has shown that three interconnected postulates are often used, by the more extreme functionalists, that are not necessary to functional analysis and tend to make of it an ideology" [2]).

---

1) Moberg, D.O. The Church as a social institution, p. 51.

2) Yinger, J.M. Religion, society and the individual (Deel I), p. 58.

### 2.3.3.1 Die postulaat van die funksionele eenheid van die samelewing

Hierdie postulaat beweer dat alle gestandardiseerde sosiale bedrywighede of kulturele indiwidualiteite funksioneel is, d.w.s. noodsaaklik en bruikbaar vir die sosiale of kulturele sisteem in sy geheel [1]. Radcliffe-Brown sê hiervan: „The function of a particular social usage is the contribution it makes to the total social life as the functioning of the total social system" [2]. Dit kom hierop neer dat enige sosiale sisteem 'n sekere soort van eenheid besit in die sin dat al die dele van 'n sosiale sisteem saamwerk met so 'n mate van eensgesindheid en interne bestendigheid dat daar nie gedurig konflikte ontstaan wat nie opgelos of beheer kan word nie [3].

Merton toon aan dat die postulaat van die totale funksionele eenheid van die menslike samelewing eintlik in stryd met die werklikheid is en dat sosiale gebruike wat vir sommige groepe funksioneel is vir ander in dieselfde samelewing disfunksioneel is [4]. Daar word dikwels gewag gemaak van die integrerende gevolge van godsdiens sonder om op die disintegrerende gevolge te let in sekere tipes sosiale strukture. Wanneer verskillende gelowe naas mekaar in een samelewing bestaan is daar dikwels skerp konflik tussen die lede van die verskillende groepe [5]. Die beste voorbeeld hiervan is seker die huidige toestand in Ierland. Protestante staan saam in die stryd - 'n

---

1) Merton, R.K. Social theory and social structure, p. 79.;
Yinger, J.M. Religion, society and the individual (Deel I), p. 58.

2) Merton, op. cit., p. 79.

3) Ibid., p. 80.

4) Ibid., p. 81.

5) Ibid., p. 83.

voorbeeld van die eenheid-vormende gevolg van godsdiens. Die Rooms-katolieke staan ook saam, 'n soortgelyke voorbeeld, maar die twee groepe voer 'n hewige stryd tot die dood toe met mekaar - dus die disfunksionele gevolg van godsdiens. Merton is van mening dat daar in die teoretiese raamwerk van funksionele ontleding bepaal moet word vir welke eenhede 'n gegewe sosiale of kulturele item funksioneel is en daar moet in ag geneem word dat 'n gegewe item verskillende gevolge onder verskillende omstandighede mag hê, funksioneel of disfunksioneel, vir die verskillende individue, subgroepe, en vir die meer omvattende sosiale strukture en kulture [1]).

2.3.3.2 Die postulaat van universele funksionalisme

Hierdie postulaat huldig die standpunt dat alle sosiale kulturele vorms 'n positiewe funksie vervul, en soos Malinowski dit stel: „The functional view of culture insists therefore upon the principle that in every type of civilization, every custom, material object, idea and belief fulfills some vital function" [2]) en dat „ . . . no culture forms survive unless they constitute responses which are adjustive or adaptive, in some sense . . ." aldus Kluckhohn [3]).

Ook hier wys Merton daarop dat hierdie postulaat dikwels die aandag aftrek van nonfunksionele gevolge van bestaande kulturele vorms. Kulturele vorms kan wel bestaan wat geen positiewe bydrae lewer of funksie vervul vir die samelewing nie. Kluckhohn gee as voorbeeld die knope wat die baadjiemoue van 'n Westerling versier en konstateer dan dat die funksie daarvan is om die tradisie te handhaaf.

---

1) Merton, R.K. Social theory and social structure, p. 84.

2) Ibid.

3) Kluckhohn, C. aangehaal deur Yinger, J.M. Religion, society and the individual (Deel I), p. 58.

Merton trek dit in twyfel as 'n uiterste voorbeeld wat nie juis opgaan nie [1]) en 'n mens sou tereg kon beweer dat min Westerlinge daarvan bewus is dat dit enigiets met tradisie te doen het.

Merton sê dan ook: „Far more useful as a directive for research would seem the provisional assumption that persisting cultural forms have a net balance of functional consequences either for the society considered as a unit or for subgroups sufficiently powerful to retain these forms intact, by means of direct coercion or indirect persuasion" [2]). Hierdie formulering vermy dan ook die neiging by funksionele ontleding om slegs positiewe funksies te konsentreer en rig die aandag van die navorser ook op ander tipes van gevolge.

2.3.3.3 Die postulaat van onontbeerlikheid (Indispensibility)

Volgens hierdie postulaat is sekere funksies noodsaaklik vir die voortbestaan van 'n samelewing en verder is spesiale kulturele of sosiale vorme onontbeerlik vir die vervulling van hierdie funksies [3]). Malinowski beweer dat elke vorm van beskawing wat daar bestaan, elke gewoonte, elke materiële voorwerp, idee of geloof een of ander lewensbelangrike funksie vervul. Hierdie dinge moet elk op sy eie een of ander taak ten uitvoer bring en verteenwoordig as sulks 'n onontbeerlike deel binne 'n werkende geheel [4]).

---

1) Merton, R.K. Social theory and social structure, p. 85.
2) Ibid., p. 86.
3) Yinger, J.M. Religion, society and the individual (Deel I) p. 59.
4) Merton, op. cit., p. 86.

Merton beweer dat ook hierdie postulaat nie waterdig is nie en dat dit slegs dien om die aandag daarvan af te trek dat alternatiewe sosiale strukture dikwels die funksies vervul wat noodsaaklik vir die voortbestaan van 'n groep is. Net soos dieselfde item veelvoudige funksies mag hê, net so kan dieselfde funksie op verskillende maniere vervul word deur alternatiewe items. In teenstelling met die konsep van die onontbeerlikheid van kulturele vorms ontwikkel Merton dus die konsep van funksionele alternatiewe, of funksionele ekwivalente, of funksionele plaasvervangers [1].

Voortspruitend uit sy verwerping van die absoluutheid van die ou postulate van funksionele ontleding stel Merton nou sy paradigma vir die funksionele ontleding in die Sosiologie daar.

## 2.4. Merton se paradigma vir funksionele ontleding

Yinger sê van funksionalisme: „One needs to use functionalism with great care, however, with full attention, in Merton's terms, to latent as well as manifest functions and to dysfunctions. We need especially to explore, more than anthropological studies have done, the matter of functional alternatives. Granted the need for some sociocultural structure that deals with the ultimate problems of individual and group life, we must explore the range of possible forms that a structure may take in a given society" [2]. Met die oog op hierdie funksionele alternatiewe en die ondersoek van alle moontlike vorms wat strukture in 'n samelewing mag aanneem, formuleer Merton

---

1) Merton, R.K. Social theory and social structure, p. 87 - 88.
2) Yinger, J.M. Sociology looks at religion, p. 125.

nou 'n aantal begrippe wat hy sy paradigma vir funksionele ontleding noem [1].

Merton se doel met hierdie paradigma is:

eerstens om 'n voorlopige gekodifiseerde gids daar te stel vir 'n toereikende en vrugbare funksionele ontleding;

tweedens is die paradigma veronderstel om direk na die postulate en veronderstellings wat onderliggend is aan funksionele ontleding te lei, en

derdens moet die paradigma die sosioloog se aandag vestig op nie slegs die engere wetenskaplike implikasies van verskillende tipes van funksionele ontleding nie, maar ook op die politieke en ideologiese implikasies wat daar dikwels aangetref word [2].

Die begrippe van Merton se paradigma is die volgende:

### 2.4.1 Funksie

Daar is reeds voorheen in hierdie hoofstuk na die verskillende moontlike betekenisse van die woord funksie verwys en die betekenis wat Merton daaraan heg as hy dit in verband met funksionele ontleding bring. Aanvullend en opsommenderwys dan nog net die volgende aanmerkinge: Soos reeds gekonstateer definieër Merton funksie as „those observed consequences which make for the adaptation of a given system" [3]. Verder trek hy ook nog die onderskeiding tussen objektiewe gevolge d.w.s. „observable objective consequences" van sosiale funksies en subjektiewe gevolge wat hy eintlik in verband met persoonlike motiewe bring [4]: „At some point, functional analysis invariably assumes or explicitly operates with some conception of the motivation

---

1) Merton, R.K. Social theory and social structure, p. 104.
2) Ibid., p. 109.
3) Ibid., p. 105.
4) Martindale, D. The nature and types of sociol. theory, p. 471.

of individuals involved in a social system . . . these concepts of subjective disposition are often and erroneously merged with the related, but different, concepts of objective consequences of attitude, belief and behaviour" [1]). Dit kom daarop neer dat redes wat mense vir hulle gedrag gee nie noodwendig ooreenstem met die waarneembare gevolge vàn genoemde gedrag nie. As Merton dan van funksie praat as <u>waarneembare gevolge</u> moet genoemde gevolge dus ook objektief waargeneem word.

Martindale sien Merton se konsep van funksie as die uitwerking of gevolg van 'n sekere plan, oogmerk of doel binne 'n organiese tipe van sisteem [2]).

Schneider trek die lyn deur na die sosiologie toe en vra: „Just what are functions? In one fundamental sense they are outcomes or resultants in the relations of social systems to their environments that are requisite for the systems to continue" [3]).

Moberg brei nog verder uit en stel die saak ook ietwat eenvoudiger as hy sê dat funksionele ontleding dele van 'n sosiale sisteem bestudeer om vas te stel of hulle 'n bydrae lewer tot die sisteem se funksionele behoeftes: „Functions hence are observable consequences that constructively contribute to the adjustment, adaptation, or integration of the society or institution under study" [4]).

Funksies is dan daardie waarneembare objektiewe gevolge van menslike handelinge en gedrag wat daartoe bydra om 'n bestaande sosiale sisteem in stand te hou en te bevorder.

---

1) Merton, R.K. Social theory and social structure, p. 204.
2) Martindale, D., The nature and types of sociol. theory, p.471.
3) Schneider, L. Sociological approach to religion, p. 40.
4) Moberg, D.O. The Church as a social institution, p. 128.

So vervul die kerk dan 'n funksie vir die samelewing as 'n geheel en vir die individu in die besonder b.v. 'n integrerende funksie vir die samelewing terwyl dit sosiale gemeenskap vir die enkeling meebring om maar enkele van talle funksies te noem.

Wanneer ons van <u>kerkbesoek</u> praat waaroor dit : hoofsaaklik in hierdie studiestuk gaan, dan beweeg ons op 'n klein afgebakende stukkie van die breë terrein van die kerk en dan probeer ons vasstel of kerkbesoek wel 'n funksie vervul in die lewe van die individu en as sulks ook 'n bydrae lewer tot die groter sisteem van die samelewing.

Indien ons nou sou uitgaan van die standpunt dat daar by die mens 'n basiese godsdienstige behoefte is en dat daardie behoefte is om te aanbid - in die volgende hoofstuk word daar gepoog om dit aan te toon - en kerkbesoek sou 'n bydrae lewer om daardie behoefte te vervul, dan sou ons kon sê dat kerkgang funksioneel is. Daar word dus op objektiewe wyse gekyk na die kerkbesoekgewoontes van sekere persone, in hierdie geval die dienspligtiges in die S.A. Weermag wat lidmate of dooplidmate is van die Ned. Geref. Kerk, die oorsake en gevolge van hierdie kerkbesoek-gewoontes word waargeneem, en daar word gepoog om vas te stel watter betekenis kerkbesoek in hulle lewens het en welke behoefte, indien enige, dit vervul.

### 2.4.2 <u>Disfunksie</u>

Merton het besef dat funksionele ontleding ook disfunksies moet insluit, daarom dan ook dat die absoluutheid van die ou postulate van funksionele ontleding vir hom nie opgegaan het nie. Hy definieër hierdie begrip as „those observed consequences which lessen the adaptation or adjustment of the system" [1]).

---

1) Merton, R.K. Social theory and social structure, p. 105.

Hierdie begrip impliseer spanning binne die sosiale sisteem wat verandering in die hand werk [1].

Durkheim het reeds in sy tyd 'n soortgelyke begrip gebruik: Vir hom het die samelewing nie slegs altyd 'n mate van solidariteit getoon nie maar soms ook die teenoorgestelde nl. 'n mate van anomie [2].

Ook Radcliffe-Brown het dieselfde gedagte gehad. Hy onderskei tussen 'n sosiale toestand van orde en gesondheid wat hy eunomia noem, en 'n teenoorgestelde toestand van sosiale ongesteldheid wat hy beskryf as dysnomia [3]. Merton se disfunksie trek hierdie begrip deur tot die funksionele sisteem.

Moberg stel die saak nog eenvoudiger deur te sê: „Dysfunctions are the consequences that decrease adaptation, stimulate maladjustment, or have disintegrative and destructive results" [4]. Wanneer die gevolg van 'n handeling uitloop op die mislukking van die oogmerk of doel daarmee en eerder spanninge en die teenoorgestelde uitwerking bewerkstellig, dan het ons met disfunksie te doen.

Merton toon aan dat hoewel godsdiens 'n integrerende funksie kan uitoefen in 'n sosiale struktuur waar almal aan een vorm van godsdiens behoort, godsdiens ook diepgaande konflikte kan veroorsaak waar verskillende soorte godsdienste langs mekaar in dieselfde sosiale struktuur bestaan. Hier kan godsdiens dus tegelykertyd funksioneel en disfunksioneel wees: funksioneel in die sin dat dit lede van een godsdienstige groep heg saamvoeg en disfunksioneel in die sin dat dit daardie selfde groep skei van 'n ander godsdienstige groep in dieselfde struktuur [5].

---

1) Martindale, D. The nature and types of sociol. theory, p. 473.
2) Ibid.
3) Ibid.
4) Moberg, D.O. The Church as a social institution, p. 128.
5) Merton, R.K. Dysfunction, variant evaluation and change, p. 118.

Ook wat die kerk self betref gebeur dit dikwels dat sekere kerklike gebruike disfunksionele gevolge het moontlik vir die kerk self, vir sy eie lidmate, vir ander inrigtings of vir die samelewing as 'n geheel [1]). Moberg gee as voorbeeld van disfunksie elemente binne die kerk self soos b.v. oor-institusionalisasie of oor-organisasie. Die organisasie van 'n kerk kan so groot en veeleisend word dat dit naderhand nie meer 'n middel tot 'n doel is nie maar 'n doel op sy eie word. Sodoende kan die kerk sy invloed ten goede op sy lidmate en aanhangers verloor [2]). Godsdiens kan ook 'n bydrae lewer tot die bevordering van geestesiektes deur 'n stimulant te wees vir 'n neurotiese persoon se verwronge gedagtes en sodoende 'n disfunksionele invloed op die betrokke individu uitoefen [3]). Dat die kerk dikwels 'n disfunksionele verdelende invloed uitoefen op 'n bepaalde samelewing het ons reeds elders genoem.

Daar moet egter ook op die gevare verbonde aan 'n onoordeelkundige gebruik van die konsep <u>disfunksie</u> gewys word. Wanneer 'n lid van 'n primitiewe stam of ras b.v. 'n bootjie bou gebruik hy die kennis en materiaal tot sy beskikking. Gewoonlik word towerkuns ook ingespan om te verseker dat die bootjie waterdig is. Daarsonder sou hy dit nie oorweeg om die bootjie te water te laat nie. Hierdie towerkuns as 'n middel om die bootjie waterdig te maak is geheel en al disfunksioneel, maar aan die ander kant is dit weer funksioneel vanuit 'n sielkundige oogpunt om die bootbouer met selfvertroue te motiveer om dit op die onbekende waters van die groot see te waag [4]).

---

1) Moberg, D.O. The Church as a social institution, p. 160.
2) Ibid., p. 182.
3) Ibid., p. 181.
4) Martindale, D. The nature and types of sociol theory, p. 473.

In hierdie geval was dieselfde gebruik beide funksioneel en disfunksioneel afhangende vanuit welke oogpunt die aangeleentheid benader was.

Om dan nou die begrip van disfunksie toe te pas op die onderhawige studiestuk: as iemand kerktoe gaan uit vrees omdat hy bang is vir die straf van God hier op aarde of in die hiernamaals, dan is sy kerkbesoek vir hom eintlik 'n las. Hy put daar geen genot uit nie en dan is dit vir hom disfunksioneel.

### 2.4.3 Nonfunksie

Merton noem verder ook die empiriese moontlikheid van nonfunksionele gevolge, d.w.s. in 'n toestand wat nie van toepassing is op die sisteem onder bespreking nie [1]) omdat dit nie bydra tot die verwesenliking of die mislukking van die beoogde doel in die betrokke sisteem nie [2]). 'n Voorbeeld van nonfunksionele kerkbesoek sal die geval wees van 'n dienspligtige in die S.A. Weermag wat die kerk besoek slegs omdat daar 'n regulasie in die Weermag bestaan wat bepaal dat alle dienspligtiges ten minste een keer per Sondag kerktoe sal gaan, d.w.s. die bywoning van 'n verpligte kerkparade.

### 2.4.4 Manifeste funksie

In teenstelling met die latente funksies wat ons in die volgende paragraaf sal bespreek, beskryf Merton manifeste funksies as „those objective consequences contributing to the adjustment or adaptation of the system which are intended or recognized by the participants in the system [3]). Volgens eie belydenis het Merton hierdie onderskeiding tussen manifeste en latente

---

1) Merton, R.K. Social theory and social structure, p. 105.
2) Moberg, D.O. The Church as a social institution, p. 128.
3) Merton, op. cit., p. 105 & 117.

funksies oorgeneem van Freud wat op sy beurt van die onderskeid tussen manifeste en latente droom inhoud gebruik gemaak het [1].

Moberg verklaar dat sommige funksies ( en ook disfunksies) manifeste funksies (of disfunksies) is in die sin dat hulle doelbewus nagestrewe word deur mense wat die gevolge van hulle strewe as sulks herken [2].

Ook Nottingham stel die saak baie duidelik as sy manifeste funksies beskrywe as „those (functions) which represent the intended, the official purposes of the institution" [3], m.a.w. wanneer ons poog om die sosiale funksie van godsdienstige gedrag te ontleed verwys manifeste funksie na dit wat 'n bepaalde groep aanbidders bedoel om te bereik met hulle gedrag [4].

Wanneer 'n sosioloog hom bepaal by 'n studie van manifeste funksies dan sal hy hom besig hou deur te probeer vasstel of 'n praktyk wat met 'n sekere doel ingestel is in werklikheid daardie doel bereik. Hy sal dus b.v. ondersoek instel of 'n nuwe manier van besoldiging sy doel bereik het deur produksie te vermeerder as dit daarvoor ingestel was [5].

Om nou weer hierdie begrip van toepassing te maak op hierdie navorsing: as ons sou aanvaar dat kerkgang funksioneel is wanneer 'n persoon kerktoe gaan om 'n basiese godsdienstige behoefte te bevredig, en die betrokke persoon is bewus van so 'n behoefte, en hy gaan op 'n Sondagmôre uitsluitlik en doelbewus om aan hierdie behoefte te voldoen, en hy word in hierdie opsig bevredig deur sy besoek aan die kerk, dan was sy besoek

---

1) Martindale, D. The nature and types of social theory, p.474.
   Merton, R.K. Social theory and social structure, p. 115.
2) Moberg, D.O. The Church as a social institution, p. 128.
3) Nottingham, E.K. Religion and society, p. 13.
4) Ibid., p. 12.
5) Merton, op.cit., p. 119.

nie slegs funksioneel nie maar ook manifes in die sin dat hy bekend was met die werklike doel van sy kerkbesoek en dit ook nagestrewe het.

## 2.4.5 Latente funksie

Merton lewer 'n groot bydrae tot die teorie van funksionele ontleding wanneer hy onderskei tussen manifeste funksie en latente funksie en veral sy siening van latente funksie is van besondere belang [1]. „In the contrast that he draws between manifest and latent functions, in the attention to functional alternatives, and in his emphasis on the need to study disfunctions and functionally irrelevant patterns of behaviour, Merton develops concepts that help us to avoid these assumptions. It is particularly the study of latent functions (and dysfunctions) that is likely to add significantly to our knowledge of a social process, for these by definition, are not common knowledge; their consequences are unintended and unrecognized" [2].

Merton definieer latente funksies eenvoudig as funksies wat nie bedoel word deur die deelnemer nie en wat ook nie as sulks deur hom herken word nie [3]. Moberg noem hulle „unintended, unanticipated, concealed, or not recognized" [4].

Wanneer ons die gedagte van latente funksie van toepassing probeer maak op die terrein van die godsdienssosiologie en ons probeer b.v. die sosiale funksie van godsdienstige gedrag ontleed, dan moet ons sorg dra om te onderskei wat mense, lede van enige bepaalde groep aanbidders, bedoel om te bereik met hulle gedrag, en die onbedoelde uitwerking van hierdie gedrag op die

---

1) Martindale, D. The nature and types of sociol. theory, p.473.
2) Yinger, J.M. Religion, society and the individual (Deel I) p. 59.
3) Merton, R.K. Social theory and social structure, p. 105.
4) Moberg, D.O. The Church as a social institution, p. 128.

samelewing [1]. Waar die benaming <u>manifeste funksie</u> gebruik word om te verwys na die genoemde bedoelde gedrag, verwys die term latente funksie na laasgenoemde onbedoelde gedrag.

'n Baie bekende voorbeeld wat Merton aanhaal om sy standpunt te illustreer is die geval van die primitiewe Hopi stam se seremoniële handeling om 'n goeie reënval te verseker. Ons sou kon sê dat dit 'n blote bygelowige handeling is van 'n primitiewe volk en die saak daarby laat, maar dan is daar nog nie 'n verklaring gegee van die groepsgedrag wat in die handeling weerspieël word nie. Die begrip latente funksie vestig die aandag egter daarop dat hierdie handeling wel 'n funksie mag vervul wat moontlik heel anders is as die aanvanklike beoogde funksie t.w. die voorsiening van reën. 'n Moontlike latente funksie kan wees die verstewiging van die groepsidentiteit deur 'n geleentheid daar te stel vir die verspreide lede van die stam om saam te kom en deel te neem aan 'n gemeenskaplike aktiwiteit [2].

Ook die Hawthorne Western Electric studies het in hierdie verband al klassiek geword. Hierdie eksperiment het aanvanklik probeer vasstel of beter beligting in die betrokke fabriek ook tot hoër produksie sou lei. Produksie het wel verbeter, maar ook by die kontrolegroep waar beligting dieselfde gebly het. Produksie het by albei groepe gestyg ook nadat die beligtingstoestand verswak is. Die navorsers kon dit nie begryp nie omdat hulle besig was om manifeste funksies te bepaal en eers later het hulle oë oop gegaan vir die latente sosiale funksie wat die eksperiment by die

---

1) Nottingham, E.K. Religion and society, p. 12.
2) Merton, R.K. Social theory and social structure, p. 118.

werkers self vervul het. Produksie het dus verbeter, nie omdat daar verander was aan die beligtingstoestande nie en omdat die beligting beter was as voorheen nie, maar omdat die werkers 'n groepsverband aangevoel het en daar in hulle belang gestel is [1]).

Die ontwikkeling van die konsep van latente funksies dra ook tot 'n groot mate daartoe by om sosiologiese kennis uit te brei en te vermeerder. Dit is juis latente funksies wat gewoonlik nie algemene kennis is nie omdat hulle onbekend en onbedoel is. Wanneer latente funksies dus aan die lig gebring word brei dit ons kennis aangaande die sosiale struktuur wat ondersoek word uit [2]), en toon dit ook aan dat die lewe nie so eenvoudig is as wat dit met die eerste oogopslag wou voorkom nie.

Dit is soms moeilik om te onderskei tussen manifeste en latente funksies by godsdienstige aktiwiteite. Wat vir die een persoon latent is mag vir 'n ander manifes wees. Kerklike aktiwiteite kan b.v. sosiaal, ontspannend, estetics, ekonomies, eties, opvoedkundig of polities van aard wees. Vir die persoon wat nou doelbewus ontspanning by die kerk gaan soek is die funksie van sy deelname manifes. Vir die persoon egter wat gemeen het dat hy 'n godsdienstige behoefte gehad het, maar eintlik baie meer die sosiale verkeer oor 'n koppie tee na die kerk geniet het, kan die funksie van sy deelname eintlik latent wees d.w.s. hy is nie bewus van die eintlike doel van sy besoek nie nl. sosiale verkeer [3]).

Moberg noem b.v. statushandhawing as 'n belangrike funksie van kerklidmaatskap in sommige Amerikaanse

---

1) Merton, R.K. Social theory and social structure, p. 120 - 121.
2) Ibid., p. 122.
3) Moberg, D.O. The Church as a social institution, p. 160.

gemeenskappe. As 'n persoon nie aan 'n sekere kerk behoort nie het hy geen kans om as politieke kandidaat tot sekere poste verkies te word nie [1]. Die funksie van lidmaatskap kan hier ook manifes of latent wees na gelang van die omstandighede: min persone sal seker doelbewus by 'n bepaalde kerk aansluit met die manifeste rede om opgang in die lewe te maak. Aan die ander kant steek hierdie gedagte van opgang maak in die onderbewussyn vas en kan die sosiaal vooruitstrewende homself maklik kondisioneer dat hy beter aanpas by mense van die bepaalde kerk en dat dit in elk geval 'n suiwerder leer vir 'n intellektuele verkondig. Laasgenoemde sal dan die manifeste rede wees vir sy lidmaatskap van die betrokke kerk terwyl sosiale vooruitgang eintlik 'n latente rede sou wees.

Benson noem ook die voorbeeld van herlewingsdienste. Sommige persone wat hierdie dienste bywoon gaan aanvanklik, volgens hom, terwille van herlewing self en bywoning vervul dan vir hulle 'n manifeste funksie, maar later word die godsdienstige ervaring (religious excitement) 'n doel vir die bywoning op sy eie hoewel hulle dit nie as sulks herken nie en dit vervul dan 'n latente funksie [2].

Maar net soos daar sprake is van latente funksies kan ons ook praat van latente disfunksies. Reeds in die paragraaf oor disfunksies is daar melding gemaak van die disfunksionele uitwerking van godsdiens in die algemeen en die kerk in besonder. Hierdie disfunksies kan ook latent wees in die sin dat die persoon wat die handeling verrig onbewus is van die disfunksionele uitwerking van sy handeling naamlik, dat dit 'n afbrekende uitwerking het of spanninge veroorsaak in

---

1) Moberg, D.O. The Church as a social institution, p. 132.
2) Benson, P.H. Religion in contemporary culture, p.632.

die sosiale struktuur waarvan hy deel uitmaak. So sal die lidmaat wat sy hele lewe toespits op die hiernamaals omdat hy glo dat die wêreld al slegter en slegter word en dat niks dit kan verander nie, min of geen bydrae lewer vir sosiale vooruitgang nie [1]). Wat die kerk self en sy eie persoon betref mag hy dan 'n manifeste funksie vervul, maar wat die samelewing in die algemeen betref is dit 'n latente disfunksie.

Die vraelys wat deel vorm van hierdie navorsing probeer dan ook aantoon dat mense se kerkgang gemotiveer kan word deur vrees: vrees vir die hiernamaals, vrees vir straf, en dat dit spanning en 'n afkeur van die kerk by sommige kan veroorsaak hoewel hy dit self nie so besef nie d.w.s. dat kerkgang latent disfunksioneel vir hom is.

Dit is dan die taak van die sosiale navorser om latente funksies en ook disfunksies manifes te maak [2]). So is dit dan ook die taak van hierdie studiestuk om die latente redes vir kerkbesoek van lidmate van die Ned. Geref. Kerk, in die besonder die dienspligtiges in die S.A. Weermag, manifes te maak, en aan te toon of dié redes funksioneel of disfunksioneel is.

---

1) Moberg, D.O. The Church as a social institution, p. 181.
2) Ibid., p. 129.

HOOFSTUK 3

# DIE STUDIETERREIN VAN DIE GODSDIENSSOSIOLOGIE EN DIE TEOLOGIESE VERTREKPUNT VAN HIERDIE STUDIE

## 3.1 Die mens 'n godsdienstige wese

„Wherever there is man there is religion, manifestations of it are found universally, the thundering of bull-roarers, the smell of incence, the whir of prayer wheels, the click of rosary beads, the smoke from funeral pyres - these and countless other evidences testify to mans deep and neverending concern with religious issues" [1]). Waar daar mense is is daar die een of ander vorm van godsdiens. Daarom het die verskynsel van godsdiens vanaf die vroegste tyd in die lewens van individue, groepe en volke 'n groot rol gespeel. Waar daar kerke is hoor ons klokke lui, sien ons mense bid, alleen of in groepe. Mense vervul godsdienstige pligte wat nou in verband staan met allerlei hoogtepunte, krisis- en grenssituasies in hulle lewens en die van hulle gesinne soos b.v. die geboorte van 'n kindjie, die huwelik van 'n paartjie en die heengaan van 'n dierbare. Dit kom dus daarop neer dat hy wat die menslike gedrag wil probeer begryp die deeglike studie van die godsdiens nie links mag laat lê nie [2]).

En dit kan ook nie anders nie want die kiem van die godsidee is by sy skepping in die hart van die mens ingeplant: „Want wanneer die heidene, wat geen wet het nie, van nature die dinge van die wet doen, is hulle vir hulself 'n wet, al het hulle geen wet nie; omdat hulle toon dat die werke van die wet i n h u l l e h a r t e g e s k r y w e s t a a n" [3])

---

1) Hoult, T.F. The sociology of religion, p. 3.
2) Goddijn, W. & H.P.M. Godsdienst-sociologie, p. 9.
3) Die Bybel, Romeine 2: 14 en 15.

Immers die mens is geskape na die beeld van God [1]) en is as sulks 'n religieuse wese met 'n ewigheidsbestemming nl. die hemel of die hel. Daarom is die ware geskiedenis van die mens dus ook die geskiedenis van die godsdiens en die wonderlike weë waarlangs die verskillende vertakkinge van die mensheid gekom het tot 'n waaragtige Godskennis en diepere Godsliefde. Dit is die grondslag van alle profane geskiedenis, dit is die lig, die siel en lewe van die geskiedenis [2]).

## 3.2 Die breë studieterrein van die Godsdienssosiologie

Die Godsdienssosiologie stel ondersoek in na die mens as godsdienstige wese met betrekking tot die samelewings-verhoudinge, handelinge en gebeurtenisse op die godsdienstige en samelewingsterrein soos dit hom raak [3]).

Die taak van die Godsdienssosiologie is verder om die struktuur van die kerkinstituut wat deur hierdie lewensterrein gekwalifiseer word te ondersoek [4]).

---

1) Die Bybel, Gen. 1:26.

2) Wach, J. Vergelijkende godsdienstwetenschap, p. 40-41.

3) Van der Walt, J.P. Inougerele Rede soos aangehaal deur de Klerk, J.J. 'n Prinsipiële beskouing oor die positiveringstaak van die Gereformeerde Kerk Instituut in wisselwerking met die moderne samelewing, p.30.

4) Van Dijk, R. & Du Preez, D.C.S. aangehaal deur de Klerk op. cit., p. 30-31.

Dit moet ook ondersoek instel na die invloed wat die kerkinstituut ondergaan van die totaliteit van die samelewing, en omgekeerd die invloed wat die kerkinstituut uitoefen op die samelewingstotaliteit, veral die invloed van die norme en feite van die godsdienstige lewensterrein op die totaliteit van die samelewing, en omgekeerd die invloed van die konkrete sosiale situasie op die positivering en formulering van die norme en feite in 'n sisteem van kennis vir die Godsdienssosiologie [1]).

As ons nou vanaf die breër terrein van die godsdienssosiologie beweeg na die enger terrein van die funksionele benadering op hierdie gebied, dan wil ons die vraag vra: ,Wat is die funksie van kerkbesoek?' teen die agtergrond van Merton se teorie van funksionele ontleding en sy siening van die begrippe funksie, disfunksie, nonfunksie, manifeste funksie en latente funksie en disfunksie soos in die vorige hoofstuk uiteengesit.

## 3.3 Die funksie van kerkbesoek - teologiese vertrekpunt

As daar nou navraag gedoen word na die funksie van kerkbesoek teologies gesien, dan word daar eintlik die vraag gevra: waarom behoort 'n mens uit 'n Skriftuurlike oogpunt gesien kerktoe te gaan, en watter funksie vervul dit vir die betrokke persoon in die besonder en vir die kerk in die algemeen?

Op die oog af is dit 'n baie eenvoudige vraag, maar sodra ons by die beantwoording daarvan kom sien ons dat die antwoorde baie uiteenlopend van aard kan wees. Ruler sê dan ook: „Op ene vraag kan men vele antwoorden geven. Die ene vraag luidt: waarom zou ik naar de kerk gaan? Dat is dus de vraag naar het motief, de reden, de grond. Ook de vraag naar het doel, de bedoeling, maar wat ik daar

---

1) Vermooten, W.H. e.a. aangehaal deur de Klerk, J.J. 'n Prinsipiële beskouing oor die positiveringstaak van die Gereformeerde Kerk Instituut in wisselwerking met die moderne samelewing, p. 31.

denk te beleven. Op deze ene, maar in wezen dus veelvoudige vraag kan men vele antwoorden geven" [1]).

Vernon wys daarop hoe ingewikkeld die beantwoording van so 'n vraag kan raak: „Variations in perception may exist among (a) what the person himself believes,
(b) what the person believes others believe, and
(c) what the person believes others want him to believe. Each of these dimensions confuse and frustrate attempts of social science researchers to meassure personal religiosity and religious practice" [2]).

Die doel van hierdie hoofstuk is dan om uit al die uiteenlopende menings 'n grondliggende rede daar te stel wat die funksionaliteit van kerkbesoek, teologies gesien, bepaal. As 'n persoon se kerkbesoek dan herleibaar sou wees na hierdie grondliggende rede sal dit funksioneel wees. As hy om enige ander redes die kerk besoek sal dit waarskynlik 'n latente funksie vervul, of moontlik disfunksioneel wees.

## 3.4 Die noue samehang van struktuur en funksie

Aangesien die vraagstuk of probleemstelling van hierdie navorsing toegespits is op die funksionaliteit van kerkgang en die redes daarvoor, moet vervolgens gelet word op die implikasies van 'n uitspraak in hierdie verband nl. „treated apart from the social structure the processes are so abstract that little can be said about them or little use made of them in research. Seen as functional elements within social systems they take on significance as the dynamic components which make society a going concern" [3]).

---

1) van Ruler, A.A. Waarom zou ik naar de kerk gaan, p. 9.
2) Vernon, G.M. aangehaal deur Knudten, R.D. The sociology of religion - an anthology, p. 39.
3) Wilson, L. & Kolb, W.L. Sociological analysis, p. 846.

Fairchild definieer struktuur as „a general term for all those attributes of social groups and types of culture which make them susceptible of being viewed as composite or complex wholes, made up of interdependent parts" [1]). Kleinere groepe wat deel uitmaak van die geheel of selfs individue wat dikwels van mekaar verskil t.o.v. rol en status kan alles en almal deel uitmaak van die groot struktuur van die samelewing.

Voortbouend hierop sê Johnson dat enige struktuur „consists of the relatively stable interrelationships among its parts . . . Since a social system is composed of the interrelated acts of people, its structure must be sought in some degree of regularity or recurrence of these acts" [2]).

Funksie dan is kortliks „the type or types of action of which a structure is distinctively capable" [3]). Hieruit is dit dus baie duidelik dat struktuur en funksie onafskeidelik met mekaar saamhang in die sosiale sisteembenadering.

## 3.5 Die vier funksionele probleme van elke sosiale sisteem

Voorts moet daarop gelet word dat elke sosiale sisteem vier funksionele probleme het wat dit moet oplos. In hierdie konteks het die vraagstuk van die funksionaliteit van kerkgang as sosiale sisteem dus die volgende vier funksionele probleme nl. „pattern maintenance and tension management, adaptation, goal attainment, (en) integration" [4]).

### 3.5.1 „Pattern maintenance and tension management"

Die sosiale struktuur van enige sosiale sisteem word volgens vaste patrone en norme gehandhaaf.

---

1) Fairchild, H.P. Dictionary of sociology, p. 293.
2) Johnson, H.M. Sociology: A systematic introduction, p. 48.
3) Fairchild, op. cit., p. 125.
4) Johnson, op. cit. p. 52-56.

Die eenhede van die sisteem wat deel vorm van die struktuur, hetsy subgroepe of individue self moet hierdie patrone en norme aanleer en hulle met die nodige respek bejeen. Enige sosiale sisteem moet dus oor meganismes van sosialisasie beskik, d.w.s. die proses waardeur hierdie kulturele patrone deel word van die persoonlikhede van die lede van die sisteem. En wanneer hulle eers aangeleer is moet hulle weer hernu word deur toepaslike rituele en ander simbole.

Wat die beheer van spanninge betref - enige sosiale sisteem is onderworpe aan emosionele stoornisse wat behoorlik in bedwang gehou moet word indien die eenhede van die struktuur doeltreffend moet funksioneer. So is b.v. een van die funksies van 'n familie om spanning by sy lede te verlig, en ook om hulle aan te moedig sodat hulle behoorlik funksionerende lede van die sisteem kan bly [1].

3.5.2 „Adaptation"

Enige sosiale sisteem moet aangepas word by sy omgewing. Veral die ekonomie vervul hierdie behoefte by die samelewing. Elke sosiale sisteem het sy arbeidsverdeling. Vir die vervaardiging van goedere en die lewering van dienste is rol differensiasie noodsaaklik. Verskillende persone moet verskillende goedere vervaardig en verskillende dienste lewer as die sosiale sisteem moet vlot [2].

3.5.3 „Goal attainment"

Elke sosiale sisteem het sekere doelstellings wat deur gemeenskaplike inspanning bereik moet word. Een van die beste voorbeelde van so 'n doelstelling is nasionale sekuriteit [3].

---

1) Johnson, H.M. Sociology: A sistematic introduction, p. 53.
2) Ibid.
3) Ibid., p. 53-54.

3.5.4 „Integration"

„Whereas pattern maintenance and tension management have to do with the state of the units of a system, integration has to do with the interrelations of the units"[1]). Indien enige sosiale sisteem doeltreffend moet funksioneer moet sy lede tot 'n sekere mate lojaliteit teenoor mekaar betoon. Hiervoor is 'n goeie moraal noodsaaklik. Deur moraal word bedoel die gewilligheid van die lede om hulleself te wy aan bepaalde ondernemings, om in die uitvoering van hulle take met mekaar oor die weg te kom en om in 'n sekere mate hulle eie belange ondergeskik te stel aan die gemeenskaplike belang. Goed geïnstitusionaliseerde norme lewer 'n belangrike bydrae tot integrasie maar daar is altyd in enige sosiale sisteem afwykende neigings wat integrasie teenwerk en om dit te bekamp is sekondêre meganismes vir sosiale beheer nodig. In die moderne staat is die hele apparaat vir die inhegtenisneming en rehabilitasie van misdadigers die voorbeeld van so 'n meganisme. In 'n godsdienstige sin is belydenis en berou oor sonde so 'n meganisme [2]).

3.6 Redes vir kerkgang en die vier funksionele probleme van elke sosiale sisteem

Uit wat hieronder volg, d.w.s. redes wat aangegee word waarom mense kerktoe moet gaan, sal blyk dat wel uitvoering gegee word aan die vier funksionele kenmerke van 'n sosiale sisteem, d.w.s. die redes van die struktuur van die funksionaliteit van kerkgang moet ontleed en getoets word aan die vier kenmerke en daarvolgens dan geklassifiseer word.

---

1) Johnson, H.M. Sociology: A sistematic introduction, p. 54.
2) Ibid., p. 54-56.

3.6.1 Redes vir kerkgang (funksioneel) met betrekking tot „pattern maintenance and tension management"

Kerkgang in hierdie lig gesien is 'n meganisme van sosialisasie vir die onderhouding van die geloofs- en godsdienstige lewenspatroon binne die sosiale sisteem van die samelewing.

As ek kerktoe gaan b.v. om te aanbid [1], omdat dit die wil van God is [2] en om God te eer [3], dan is ek besig om die vaste patrone en norme van my godsdiens soos dit beoefen word binne die sosiale sisteem van die institutêre kerk waaraan ek behoort aan te leer en te respekteer.

Hierdie patrone word hernu deur toepaslike rituele en simbole soos b.v. die aflegging van belydenis [4], die belydenis van geloof (die Twaalf Artikels) elke Sondag [5], die gebruik van die Nagmaal, die doop van kinders ens.[6]

Kerkgang help ook om spanning te beheer en daarom gaan mense kerktoe om gestig te word [7] en om rus te vind [8]

3.6.2 Redes vir kerkgang (funksioneel) met betrekking tot aanpassing (adaptation)

Ook die institutêre kerk moet aanpas by sy omgewing. Vir sy voortbestaan is hy tot 'n groot mate ook afhanklik van die ekonomie d.w.s. die bydraes wat sy

---

1) Anon., Die Kerk, Geskrif uitgegee deur die Protestantse Vereniging van S.A., p. 2.

2) De Villiers, J. Kerkgaan, p.2.

3) Swart, P.H.J. Waarom gaan ons kerktoe? p. 7.

4) Van Ruler, A.A. Waarom zou ik naar de kerk gaan? p. 89.

5) Ibid., p. 91-92.

6) Anon., op. cit., p. 2.

7) Pellissier, G.M. Waarom moet ek kerktoe gaan? p.34.

8) Van Ruler, op. cit., p. 132.

lidmate lewer. Vir die gladde verloop van sake is ook by die kerk 'n arbeidsverdeling en rol differensiasie nodig. Daarom is daar die besondere ampte soos die van ouderling (lerend en regerend) en diakens en ook die algemene amp van die gelowige. So gesien kan 'n persoon dus gaan om 'n offergawe te bring [1]) om sodoende die kerk in stand te help hou. Hy moet ook gaan om sy roeping as gelowige te vervul deur b.v. daar vir die wêreld te bid [2]), deur 'n bydrae te lewer in die sin van sy tyd, aandag en liefde [3]), om 'n voorbeeld te stel en getuienis te lewer vir sy kinders, die ongelowiges en die heidene [4]).

3.6.3 Redes vir kerkgang (funksioneel) met betrekking tot doelbereiking en doelverwagting

Ook by die institutêre kerk is kerkgang tot 'n groot mate toegespits op doelbereiking en doelverwagting. Omdat die mens 'n wese is met 'n ewige bestemming waarvan hy ook bewus is gaan hy dan ook kerktoe om verlos te word [5]), om redding te ontvang [6]), om tot bekering te kom [7]) ens. Verder kom hy ook om wat die tydelike betref seën te ontvang [8]), om te toon dat hy 'n Christen is [9]) en om God te loof [10]) vir die ewige bestemming wat Hy vir hom moontlik gemaak het.

---

1) Badenhorst, W.T. Waarom gaan ek kerktoe, p. 12.
2) Van Ruler, A.A. Waarom zou ik naar de kerk gaan? p. 55.
3) Ibid., p. 96.
4) Hattingh, F.N. Waarom gaan ek kerktoe? Die Voorligter Deel 34 nr.7 (Junie 1971), p. 27.
5) De Villiers, J. Kerkgaan, p. 3.
6) Swart, P.H.J. Waarom gaan ons kerktoe? p. 7.
7) Van Ruler, op. cit., p. 9.
8) De Villiers, op. cit., p. 2.
9) Ibid., p. 3.
10) Swart, op. cit., p. 8.

### 3.6.4 Redes vir kerkgang (funksioneel) met betrekking tot integrasie

Vir die kerk om in sy institutêre vorm behoorlik te funksioneer is 'n groot mate van integrasie noodsaaklik. Lidmate moet lojaal teenoor mekaar wees en hulle eie belange ondergeskik stel aan die een groot belang van die bevordering van die Kerk van Christus. Waneer 'n persoon dus na die kerk gaan om gemeenskap met sy medegelowige te beoefen [1]) bevorder hy integrasie in die kerk. Bloot die ontmoeting tussen mens en mens [2]) werk hierdie integrasie in die hand. Immers die mens is as sosiale wese geskape [3]) en hy wil graag met sy mede Christen gelowige gemeenskap beoefen en hoe meer dit gebeur en hoe beter hulle met mekaar oor die weg kom, hoe beter funksioneer die kerk as instituut.

Ook in die kerk as instituut is daar dikwels afwykende neigings wat integrasie teenwerk. Lidmate word naywerig op mekaar en verbitterd en dit bring verwydering. Lidmate kan ook misstappe pleeg wat openbare ergenis veroorsaak en wat teleurstelling en mismoedigheid in die hand kan werk. Sekondêre meganismes om hierdie afwykende neigings teen te werk is veral geleë in skuld- en sondebelydenis [4]) soos reeds voorheen aangetoon is [5]). 'n Persoon sal dan ook weer kerktoe kom om juis hierdie skuldbelydenis te toon.

Uit bogenoemde bespreking van die redes vir kerkgang met betrekking tot patroonhandhawing en die beheer van spanning, aanpassing, doelbereiking en doelverwagting, en integrasie is dit dan ook duidelik dat daar gepoog word om in hierdie ondersoek te voldoen aan die vereistes van die sosiale sisteembenadering.

---

1) Anon. Die Kerk, Geskrif uitgegee deur die Protestantse Vereniging van S.A., p. 2.
2) Heyns, J.A. Die sin van die erediens, p. 22-24.
3) Swart, P.H.J. Waarom gaan ons kerktoe? p. 3.
4) Van Ruler, A.A. Waarom zou ik naar de kerk gaan? p. 61.
5) Sien par. 3.5.4 van hierdie navorsing.

### 3.7 Die struktuurfunksionele teoretiese raamwerk van die redes vir kerkgang van dienspligtiges

Tevore is gewys op die komponente van die sosiale sisteembenadering t.w. die struktuur- en funksiekomponente wat sê hoe die godsdienstige gedrag, geloofsverhoudinge, handelinge en gebeurtenisse van 'n kerkinstituut behoort te wees en hoe dit is in die konkrete werklikheid [1]), d.w.s. normatief en funksioneel-feitlik respektiewelik is. Tussen die genoemde twee ordes is daar altyd wisselwerking sodat die funksies 'n ooreenstemmende waarde in die normatiewe orde verkry.

Die taak is nou om die genoemde twee komponente in 'n aanvaarde raamwerk geplaas te kry nl. die struktuurfunksioneel teoretiese waardeur haas alle aspekte van die struktuur van so 'n groep dienspligtiges se redes vir kerkbesoek deur middel van funksies in die konkrete werklikheid tot openbaring kom, aangetoon sal word. Ten einde dit te bewerkstellig word aangesluit by sommige van die hooflyne van die wysbegeerte van die wetsidee [2]). In hierdie verband is die aspekte waarna verwys word die volgende: getal, ruimte, beweging, biotiese, energie, psigiese, analitiese, historiese, linguistiese, omgang, ekonomiese, estetiese, juridiese, etiese en pistiese [3]).

In die pistiese aspek tree die funksie van geloof as rede vir kerkbesoek primêr op die voorgrond, d.w.s. dit is die leidende of kwalifiserende funksie wat die gelowige mens/kerklidmaat motiveer om die aktiwiteit, handeling of funksie van kerkbesoek of kerktoe gaan te laat realiseer. Die innerlike geloof wat gemanifesteer word in kerkbesoek lê die mens die taak en roeping op

---

1) Dooyeweerd, H. aangehaal deur Dengerink, J.D. Critisch-historisch onderzoek naar de sociologische ontwikkeling van het beginsel der "Souvereiniteit in eigen kring" in de 19e en 20e eeuw, p 180 en v.v.

2) Dooyeweerd, H. aangehaal deur Spier, J.M. Inleiding in de Wijsbegeerte der wetsidee, p. 51.

3) Spier, op. cit., p. 51.

om volgens die geloofsnorm te dink, te voel en te handel, trouens dit is hierdie norm wat aan alle ander funksies van kerkbesoek ten grondslag lê en voorskryf hoe die ander samehangende funksies in die struktuur van kerkgang ten uitvoer behoort gebring te word. Die geloofsnorm skryf dus nou voor en eis hoe God in die geloof gedien moet word: baie goed, goed, minder goed, swak ens.

Dit is wat die geloofsnorm of Christelike grondslag eis want die mens is geskape na die beeld van God - hy is beelddraer van God - as sodanig is die mens 'n religieuse wese met 'n ewigheidsbestemming [1]. Die religieuse karakter van die mens bestaan uit 'n lewe in gemeenskap met God - 'n „binding aan" en daardeur „gemeenskap met" God [2] - die mens is aangelê op God en ook op sy medemens [3].

3.7.1 As bewyse vir hierdie vernaamste geloofsfunksie met eenderse geloofswaarde kan die volgende aanhalings dien:

Eerstens word gelet op die aanwesigheid van a priori faktore wat sonder wetenskaplike bewysgronde deur die Christengelowige aanvaar word. „Not only the rational but also the non-rational elements of the complex category of 'holiness' are a priori elements and each in the same degree. Religion is not in vassilage either to morality or teleology, ethos or telos, and does not draw its life from postulates; and its non-rational content has, no less than its rational, its own independent roots in the hidden depths of the spirit itself" [4].

1) Waterink, J. Theorie der opvoeding, p. 18, 510.
2) Ibid.
3) Samevatting van die Tien Gebooie.
4) Otto, R. The idea of the holy, p. 136.

Otto sê verder dat godsdiens „the feeling of the numinous" 'n primêre element is in die fisiese natuur van die mens en dat dit nie deur iets anders verklaar kan word nie. Soos alle ander primêre elemente b.v. genot of pyn, liefde of haat, en alle vermoëns om sintuiglik waar te neem soos gevoeligheid vir lig en klank, bewustheid van tyd en ruimte ens. op hulle tyd verskyn het met die verloop van die ontwikkeling van die mens, so openbaar ook hierdie godsdienstige gevoel sy teenwoordigheid [1]. Hoe anders kan dit dan verklaar word dat die heidense volkere met hulle agtergrond van barbaarse bygeloof die godsidee aanvaar en behou as hulle gedagtes nie daarvoor vatbaar gestem was nie en hulle gewetens hulle nie daarvan oortuig het nie [2]? Hierdie gedagte is baie nou verwant aan Paulus se uitspraak oor die heidene wanneer hy verklaar dat hulle „toon dat die werke van die wet in hulle harte geskrywe staan, terwyl hulle gewete saam getuienis gee en die gedagtes mekaar onderling beskuldig of ook verontskuldig" [3].

Hierdie gegewens bevestig die saak van die geloof in God. Die geloofsnorm is primêr die taak en roeping van die kerkinstituut en daarom moet 'n sosiologiese analise daarvan gemaak word. Enkele onderskeidnge is vooraf egter noodsaaklik:

### 3.7.2 Ontleding van die begrip kerk

As daar gepraat word van kerktoe gaan moet vooraf eers vasgestel word wat die inhoud en betekenis van die begrip kerk is. Hier word gebruik gemaak van verskillende definisies en omskrywinge ten einde uitvoering hieraan te kan gee.

---

1) Otto, R. The idea of the holy, p. 124-125.
2) Ibid., p. 130.
3) Die Bybel, Romeine 2:15.

3.7.2.1 Die triomferende kerk en die strydende kerk

Vireers word onderskeid tussen die triomferende kerk en die strydende kerk gemaak. Eersgenoemde is die kerk in die hemel, verlos uit die stryd en wat deel het aan die saligheid van die hemel en die heerlikheid van die oorwinning. Die strydende kerk daarenteen is die kerk hier op aarde wat nog worstel met die satan, die wêreld en die sonde [1].

3.7.2.2 Die onsigbare en die sigbare kerk

In die strydende kerk word verder weer onderskei tussen die onsigbare en die sigbare kerk. Ons praat van die onsigbare kerk omdat die strydende kerk onsigbaar is wat betref die geloof in die harte van sy lede, sy geestelike goedere wat nie gesien kan word nie, en die feit dat sy die mistieke liggaam van Christus is. Die onsigbare kerk is die kerk soos God dit ken en waartoe dus slegs die ware gelowiges behoort. Maar die strydende kerk het ook 'n sigbare vorm waarin sy haar na buite openbaar. Sy bestaan nie slegs uit siele nie, maar ook uit mense met liggame wie na buite openbaar wat hulle innerlik besit. Dus kan die geloof nie verborge bly nie maar dit kom tot openbaring in die werke van die liefde. Die sigbare kerk is die kerkinstituut soos ons dit waarneem in die gemeenskap van die gelowiges, in die kerkvorm waarin daar vergader word [2]) rondom die geopenbaarde Woord van God en die verskillende ampte t.w. die leraar, ouderlinge, diakonaat en gelowige lidmate.

---

1) Grosheide, F.W. e.a. Christelijke Encyclopaedie (Deel III), p. 334.

2) Ibid., p. 334 - 335.

3.7.2.3 Die kerk as organisme en die kerk as instituut

By die sigbare kerk onderskei ons weer tussen die kerk as organisme en die kerk as instituut. Onder die kerk as organisme word verstaan die lewe van die gemeente van Christus, van die gelowiges oor die algemeen wat oor die hele wêreld versprei is. Waar die kerk in 'n bepaalde of institutêre vorm optree deur die funksionering van haar ampte en ampsdraers, kerkraad, ring en sinode, praat ons van die kerk as instituut [1]. In breëre sin gesien kan ons die verskillende kerkgenootskappe soos die Ned. Geref. Kerk, die Geref. Kerk, die Ned. Herv. Kerk e.a. groepeer onder die kerk as instituut. Wanneer dus na die woord kerk in hierdie verhandeling verwys word gaan dit dan eintlik oor die kerk in haar institutêre vorm.

3.7.2.4 Die herkoms en betekenis van die woord kerk

Die woord kerk word afgelei van die Grieks kuriaké of kuriakon waarby gelees moet word oikia of oikon. Lg. is 'n selfstandige naamwoord wat huis beteken terwyl eg. 'n byvoeglike naamwoord is met die betekenis ‚van die Here' d.w.s. ‚huis van die Here' [2]. In dié sin het kerk dan ook die betekenis van 'n uiterlike sigbare gebou waar die gelowiges in gemeenskap vergader. Wanneer ons nou die vraag vra: ‚Hoekom gaan 'n persoon kerktoe?' om sodoende die funksie van kerkbesoek te probeer bepaal, gebruik ons hierdie betekenis van die woord kerk en dan as die geboue van 'n bepaalde kerkgenootskap t.w. die Ned. Geref. Kerk waar die kerk as instituut funksioneer.

---

1) Grosheide, F.W. e.a. Christelijke Encyclopaedie (Deel III), p. 335.

2) Ibid., p. 333.

### 3.7.2.5 Die sosiologiese aard van die kerk

Tevore is reeds daarop gewys dat die geloofsnorm d.w.s. die taak en roeping van die kerkinstituut al die samehangende funksies in die genoemde aspekte volgens die geloof en godsdiens kleur. In hierdie sin omskryf Van Dijk dan ook kerk as „het op de eis der Goddelijke Woordopenbaring gegronde geloofs- en culteverband van Christ-gelovigen in de eenheid van belijdenis en eredienst en onder de leiding van de geïnstitueerde ambten tot dienst des Woords (en der Sacramenten) en tot de dienst der onderlinge liefde" [1]. Onafskeidelik met die primêre geloofsfunksie is verbind die historiese mag van die Woord van God as 'n tweesnydende swaard deur die eeue heen en tot in ewigheid. Op hierdie grondslag is die sosiologiese aard van die kerk dus die geloofs- en godsdienstige verhoudinge, die geloofs- en godsdienstige handelinge, die geloofs- en godsdienstige gebeurtenisse waarby ingesluit is die naasteliefde. Die geïnstitueerde ampte van die kerk laat hierdie funksies realiseer binne die kerk as geloofsgemeenskap onder medegeloofsgenote, maar wat ook deurwerk in elke mens, groep en gemeenskap wat hierdie beginsels in die lewenspraktyk moet uitleef en waar maak.

Elke geloofsgemeenskap het 'n bepaalde ruimte om die geloofs- en godsdienstige norm uit te leef in 'n bepaalde gemeente [2], maar ook 'n getalsfunksie betekenende die getal en soorte kerklike denominasies en getal lidmate wat in so 'n gemeente met grense woon. In hierdie geval is dit die aantal diensplig-tiges wat by hierdie navorsing betrokke is.

---

1) Van Dijk, R. Mens en medemens, p. 115.
2) Sien par. 3.7.2.4 van hierdie navorsing.

3.7.2.6 Die geloofs- en godsdienstige norm van die kerk-instituut stel as uitgangspunt bepaalde eise vir die funksie van kerktoe gaan:

3.7.2.6.1 Eise met betrekking tot doelverwagting:

(a) Om God te loof: „Aan Hom wat op die troon sit en aan die Lam kom toe die lof en die eer en die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid" (Openb.5:13). „Die Lam wat geslag is, is waardig om te ontvang die krag en die rykdom en wysheid en sterkte en eer en heerlikheid en lof" (Openb.5:12) [1].

(b) Om God te eer: „Gee aan die Here die eer van sy Naam, bring offers en kom voor sy aangesig, aanbid die Here in heilige gewaad" (Ps.96:8,9) [2].

(c) Om God te loof en te prys [3].

(d) Om God alle eer toe te bring . . . die verheerliking van die Here is dus die hoofsaak [4].

3.7.2.6.2 Hoe die funksie t.o.v. die doelverwagting moet realiseer:

(a) Omdat Jesus aan ons die voorbeeld gegee het: „Toe kom Hy in Nasaret; en soos Hy gewoond was, gaan Hy op die sabbatdag in die sinagoge" (Luk.4:16) [5].

(b) Omdat dit die wil van God is: „Laat ons ons onderlinge byeenkoms nie versuim nie" (Hebr.10:25) [6].

(c) Omdat God dit verorden het: „Gee aan die Here die eer van sy Naam, bring offers en kom voor sy aangesig, aanbid die Here in heilige gewaad" (1 Kron. 16:29) en ook tekste soos Ps.96:8, Ex.25:8, Ps.26:12(b), Ps. 26:8, Ps.27:4, Ps.42:5, Ps.43:3 en Ps.65:5 [7].

---

1) Swart, P.H.J. Waarom gaan ek kerktoe?, p. 8.
2) Ibid., p. 7-8.
3) Van Ruler, A.A. Waarom zou ik naar de kerk gaan?, p. 34.
4) Badenhorst, W.T. Waarom gaan ek kerktoe? p. 13.
5) De Villiers, J. Kerkgaan, p.2.
6) Ibid.
7) Badenhorst, op. cit., p.3 &4.

(d) Om gemeenskap te beoefen - met Christus en as gelowiges met mekaar [1].

(e) Om fees te vier: „Hieraan wil ek dink en my siel uitstort in my: hoe ek gewoond was om voort te trek met die skare, hulle gelei het na die huis van God, met die stem van jubel en lof - 'n feesvierende menigte!" (Ps.42:5) [2].

3.7.2.6.3 <u>Hoekom die funksie van kerktoe gaan gedoen moet word:</u>

(a) Omdat die Here belowe het om almal te seën wat na die byeenkoms kom: „Op elke plek waar ek my Naam sal laat gedenk, sal Ek na jou toe kom en jou seën" (Ex.20:24) [3].

(b) Omdat die wese van God dit vereis. Jesus het eenmaal gesê: „Maar daar kom 'n uur, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader in gees en waarheid sal aanbid; want die Vader soek ook sulke mense wat Hom aanbid" (Joh.4:23). Die Vader soek mense wat Hom aanbid, daarom verlustig Hy Hom in die samekoms van sy kinders. 'n Mens kan ook nie aan die hemel en sy grootsheid sonder aanbidding dink nie. As ons aanvaar dat die aarde 'n plek van voorbereiding vir die ewige lewe is, moet die saliges reeds hier leer om met God gemeenskap te beoefen, en mekaar te bemoedig in die geloof, liefde en heiligmaking. Die kerk is dan ook die aangewese plek waar die gelowiges gemeenskap kan hou [4].

(c) Om God te ontmoet [5].

---

1) Anon. Die Kerk, geskrif uitgegee deur die Protestantse Vereniging van S.A., p. 2.

2) Swart, P.H.J. Waarom gaan ek kerktoe?, p. 6.

3) De Villiers, J. Kerkgaan, p. 2.

4) Swart, op. cit., p. 3.

5) Treurnicht, A.P. Wat gebeur daar in die kerk?, p. 3.

(d) Omdat die wese van die mens dit vereis. Die behoefte om God te aanbid is by die mens ingeskape. Die mens is ook as sosiale wese geskape en het daarom behoefte aan gesamentlike aanbidding [1]).

(e) Die wese hiervan is 'n ontmoeting tussen God en die mens: „Waar twee of drie in my Naam vergader, daar is Ek in hulle midde" (Mat.18:20), en tussen die mens en mens - die gedagte dat die mens ook 'n sosiale wese is [2]).

(f) Die godsdienstige behoefte van die gelowige vereis dit volgens Ds. W.T. Badenhorst. Hier betree hy ook weer die gebied van die sosiologie. Hy verwys na artikel 9 van die Geloofsbelydenis: „Ek glo aan die gemeenskap van die heiliges" en verwys na Skrifgedeeltes wat toon dat die gelowiges saam die liggaam van Christus uitmaak: 1 Kor.12:12,27 en Efes.1:22,23. Hy wys verder daarop dat die mens 'n sosiale wese is en dat die groei van die liggaam afhanklik gestel word van die aktiwiteite van die afsonderlike lede (Efes.2:16). Eredienste is dus geleenthede om gelowiges bymekaar te bring om sodoende mekaar te sien en bewus daarvan te word dat hulle almal tot een liggaam behoort waarvan Christus die Hoof is [3]).

3.7.2.6.4 <u>Die doel van die ontmoeting in die funksie van kerktoe gaan</u>:

(a) Omdat dit my roeping as Christengelowige is [4]).

(b) Om die aangesig van God te soek [5]).

(c) Om te luister na wat God sê [6]).

---

1) Swart, P.H.J. Waarom gaan ons kerktoe?, p. 3.
2) Heyns, J.A. Die sin van die erediens, p.22-24.
3) Badenhorst, W.T. Waarom gaan ek kerktoe?, p.5 &6.
4) Pellissier, G.M. Waarom moet ek kerktoe gaan?, p. 31.
5) Ibid., p. 27.
6) Badenhorst, op. cit., p. 7.

(d) Om my geloof te bely [1].

(e) Om saam te sing [2].

(f) Om 'n offergawe te bring [3].

(g) Om gestig te word [4].

(h) Om tot bekering te kom [5].

3.7.2.6.5 <u>Waarom die funksies van kerktoe gaan verwesenlik moet word:</u>

(a) Christus het sy goedkeuring aan kerkgang geheg [6].

(b) Die apostels het hierin ook die voorbeeld van die Meester gevolg (Hand.2:46) [7].

(c) Omdat Jesus aan ons 'n voorbeeld gegee het: „Toe kom Hy in Nasaret; en soos Hy gewoond was, gaan Hy op die sabbatdag in die sinagoge" (Luk.4:16) [8].

(d) Omdat die Kategismus ook vir ons leiding in hierdie verband gee. Die Kategismus vra: Wie werk daardie (saligmakende) geloof in jou? Die antwoord is: Die Heilige Gees. Deur watter middel? Deur die aanhoor van die gepredikte Woord. Hoe versterk Hy daardie geloof? Deur dieselfde Woord en die gebruik van die sakramente. Waar vergader Hy sy kerk (uitverkorenens)? Daar waar Gods Woord gepredik en die heilige sakramente bedien word. Hieruit vloei dus voort dat 'n mens ook kerktoe gaan om verlos te word en versterk te word in die geloof [9].

---

1) Badenhorst, W.T. Waarom gaan ek kerktoe?, p. 11.
2) Ibid..
3) Ibid., p. 12.
4) Pellissier, G.M. Waarom moet ek kerktoe gaan?, p. 34.
5) Van Ruler, A.A. Waarom zou ik naar de kerk gaan?, p. 9.
6) Badenhorst, op. cit., p. 4.
7) Ibid., p. 4 & 5.
8) De Villiers, J. Kerkgaan, p. 2.
9) Ibid., p. 3.

(e) Om in die openbaar my geloof te bely: by die voorstelling of aflegging van belydenis en ook met die belydenis van geloof d.w.s. die Twaalf Artikels elke Sondag: „Het gaan zelf is reeds een belijdenis van het geloof" [1]).

(f) Omdat ek gehoorsaam aan die Here wil wees (Hebr.10:25) [2]).

(g) Om goddelike toerusting te ontvang [3]).

(h) Om 'n voorbeeld te stel en getuienis te lewer teenoor jou kinders, ongelowiges en heidene (Mat.5:13-16) [4]).

(i) Om my geloftes te betaal (Ps.116:14,18 en Ps.22:26 en Ps.66:13 ens.)

(j) Die kerk is die huis van die Here en om daarheen te gaan is om die Here te ontmoet, sy boodskap te verneem, sy opdragte te ontvang en in gebed met Hom te spreek. Dit is 'n ontmoeting met God, die belangrikste bestelling van die week [5]).

3.7.2.6.6 <u>Die vrug van voorgenoemde redes vir die funksie van kerkgang is onder meer die volgende</u>:

(a) Om die sin van die Sondag te verwerklik [6]). Die kerkgang gee pit en styl aan die Sondag en is die spil waarom die Sondagsviering draai [7]). Kerkgang is die kern van die Sondagsviering [8]).

---

1) Van Ruler, A.A..Waarom zou ik naar de kerk gaan? p. 89-93.
2) Van der Spuy, S.H. Waarom gaan ons kerktoe?, <u>Die Kerkbode</u>, Jaargang 124, no.17 (26 April 1972), p. 535.
3) Ibid.
4) Hattingh, F.N. Waarom gaan ek kerktoe? <u>Die Voorligter</u>, Deel 34 no. 7 (Junie 1971), p.27.
5) Ibid., p.26.
6) Van Ruler, op. cit., p. 110.
7) Ibid., p. 117.
8) Ibid., p. 118.

(b) Om 'n bydrae aan die gemeente te lewer [1]. As hier van bydrae gepraat word, dan is dit veral in die sin van ons tyd, aandag en liefde [2], maar tog ook om ons materiële gawes te bring [3].

(c) Om rus te vind [4]. Hoewel van Ruler hier ook melding maak van liggaamlike rus wat ons in die kerk weg van 'n woelige wêreld kan vind, gaan dit eintlik vir hom hier oor rus vir die siel - die gewete kom tot rus deur vergiffenis van sonde [5]. Ek ontvang daar vrede van die kruis, die rus wat voortvloei uit die besef dat ek ten volle aanhanklik van God is. Rus het ook hier die betekenis van berusting [6].

(d) Om gestig te word [7], d.w.s. om in die geloof opgebou te word [8], die ontvang van: „brood voor het hart" [9]. Van Ruler se eie woorde dui die beste aan wat hy bedoel met die stigting wat kerkgang meebring: „Zij bevat de 'wijding' van het leven. Het hele bestaan krijgt er iets gewijds door. Er komt een glans van heiligheid en liggen over het hart, over het leven, over alles" [10].

---

1) Van Ruler, A.A. Waarom zou ik naar de kerk gaan?, p. 95.
2) Ibid., p. 96.
3) Ibid., p. 100.
4) Ibid., p. 125.
5) Ibid., p. 129.
6) Ibid., p. 132.
7) Ibid., p. 133.
8) Ibid., p. 134.
9) Ibid., p. 135.
10) Ibid., p. 142.

(e) Om weer op toonhoogte te kom. Van Ruler gebruik hier die beeld van die dirigent van 'n orkes wat met sy stemvurkie die regte toonhoogte aangee sodat die instrumente eers gestem kan word voordat die orkes speel [1]. Die kerkgang is dan in dergelike sin 'n oefening van die godsdiens, 'n voorbereiding [2] om sy plek as Christen vol te staan.

(f) Sodat die weg vir my aangewys kan word. In die kerkdiens val die lig op **veelvoudige wyse** in die duisternis van die kronkelinge van die hart [3]. Die weg na heil vind ons deur die reëlmatige amptelike prediking en deur die reëlmatige gemeenskaplike liturgie [4].

(g) Om die wil van die Here te leer ken [5].

(h) Om die blydskap van kindskap te ervaar (Gal.5:22 en Joh.15:11) [6].

(i) Omdat dit 'n behoefte van die hart is.

(j) Omdat ek dankbaar is vir alles wat die Here vir my doen (Ps.116:12-14).

(k) Om die verlossing van die wêreld te vier [7] en so kry ons weer vaste grond onder ons voete en weet ons dat ons nie in 'n sinnelose bestaan ronddwaal en tot ondergang noodlottig gedoem is nie [8].

---

1) van Ruler, A.A. Waarom zou ik naar de kerk gaan? p. 142.
2) Ibid., p. 143.
3) Ibid., p. 151.
4) Ibid., p. 153.
5) van der Spuy, S.H. Waarom gaan ons kerk toe? <u>Die Kerkbode</u>, jaargang 124, no. 17 (26.4.72), p. 535.
6) Ibid.
7) van Ruler, op. cit., p. 159
8) Ibid., p. 168.

(l) Om tot skuld en sondebelydenis te kom [1].

(m) Om tot die lig te kom [2], d.w.s. die verheldering van my gees deur die sonlig van die Skrifgetuienis [3].

(n) Om in die gemeenskap ingelyf te word: die gemeenskap van die heiliges of gelowiges, en die gemeenskap van die heilige dinge b.v. die sakramente, die gemeenskap van die Heilige, d.w.s. die Middelaar, die gemeenskap met die Drie-enige God [4]. Opsommenderwys dan gemeenskap met die heiliges, heilige dinge en met die Heilige God.

3.7.2.6.7 Samevattend:

Uit voorgaande klassifikasie van redes wat aangegee word om die doelverwagting van die funksie van kerkgang te verwesenlik blyk onder meer die volgende: dat die inhoud van die begrippe funksie, disfunksie, nonfunksie, manifeste en latente funksie in die volgende aspekte van strukturele orde tot uiting kom met ooreenstemmende waardes t.o.v. die verhoudinge, handelinge en gebeurtenisse: die fisiese beweging van die dienspligtiges wat kerktoe gaan as lidmate met energie van die Ned. Geref. Kerk; hulle gevoelens speel hierby 'n rol want dit kan beinvloed word tesame met die feit dat hulle die Bybelse waarhede en groothede, die leerstellings, Kerkgeskiedenis en konfessionele aard van die kerk ens. moet leer en ken sodat hulle uiteindelik voor die gemeente bely wat hulle glo en dan volwaardige

---

1) van Ruler, A.A. Waarom zou ik naar de kerk gaan? p. 61.
2) Ibid., p. 75.
3) Ibid., p. 81.
4) Ibid., p. 82.

lidmate en geloofsgenote van die kerk word of reeds is. Ook in hulle omgangslewe op die kerklike erf en daarbuite sal hulle lewe, handel, wandel, gevoel en denke daarvan getuienis wees dat hulle die taal, inhoud en simboliese tekens van die kerk verstaan, 'n oop hart en beurs het vir die offergawes om in die materiële behoeftes van die kerk soos die traktement van die leraar, koster, orrelis en ander ruim te gee.

Samewerking tussen geloofsgenote is 'n vereiste, met wisselwerking tussen die ampte wat soos suurdeeg deurwerk om die verkondiging van die Evangelie, die toesig in leer en wandel, die insameling van die aalmoese en die versorging van die armes, weduwees en wese te bevorder en om die aktiewe lewende lidmate wat aan die Outoriteit van gesag volgens Bybelse voorskrif gehoorsaam is aan hulle roeping te laat beantwoord.

Al hierdie funksies neig die hart, hoof en hand om te werk uit 'n innerlike drang, om dit goed te doen tot die heil van jouself, jou naaste en bo alles tot die eer van die Naam van die Here.

Gesamentlik dring hierdie funksies elke lidmaat innerlik en kulmineer in die uitvoering van die opdrag van redes waarom kerktoe gegaan moet word.

## 3.8 <u>Samevattende rede op Skriftuurlike gronde waarom 'n mens kerktoe moet gaan</u>

Vervolgens word gepoog om al die verskillende redes waarom 'n mens kerktoe gaan saam te vat in 'n enkele omvattende en grondliggende rede. Dit moet Skriftuurlik gesien word en daar word rekening gehou met die feit dat daar 'n basiese godsdienstige behoefte by die mens is wat hom aanspoor om die kerk te besoek.

Ruth Matthews bind al die redes soos volg saam: „The sermon, the choir music, the fellowship of the other members of the congregation are incidental to the purpose for which we are in this holy place: complete and active communion with God" [1]). Met hierdie enkele rede slaag sy tot 'n groot mate daarin om die meeste van die redes reeds genoem te oorkoepel: 'n mens gaan kerktoe om gemeenskap met God te soek en te beoefen.

Maar dit is waarskynlik Moberg se verklaring van die woord aanbidding wat die veld die beste dek wat hierdie navorsing betref en hy sluit ook by Ruth Matthews se samevatting aan wanneer hy verklaar: „Perhaps the most clearly religious of all church activities is worship. The word is derived from two Old English words which mean worthship. In other words, worship involves attitudes and actions of reverence that declare the worth of whatever is worshiped. At least four attitudes, all of which are significantly influenced by social experiences, are involved in worship: contemplation, or meditation on the divine, revelation, or insight into truth believed to be divinely imparted, communion, or the consciousness of a personal relation to God, and fruition, the new life which grows out of experience. Theologically Christian worship involves a fellowship with men and with God which is an outward visible expression of the believer's inward, invisible communion" [2])

Ook Wach sluit by hierdie gedagte aan as hy sê: „Religion is sound and true to its nature only as long as it has no claim or purpose except the worship of God" [3]).

---

1) Matthews, Ruth. The way to church, Readers Digest, Vol.82, no. 492 (Apr.1963), p. 118.

2) Moberg, D.O. The Church as a social institution, p.160.

3) Wach, J. Sociology of religion, p. 381.

Hierdie stelling kan dan nou gemaak word nl. dat die rede waarom 'n mens behoort kerktoe te gaan, teologies gesien, die vrug van die geloof en godsdiens is om te aanbid. Daar behoort 'n basiese of grondliggende behoefte by elke mens te wees om the aanbid. Sy kerkgang behoort hierdie basiese behoefte by hom te bevredig. Aanbidding is die funksie van kerkgang en kerkgang kan alleen funksioneel wees wanneer 'n persoon om hierdie rede na die kerk gaan.

## HOOFSTUK 4

## UITEENSETTING VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK, INTERPRETASIE, VERKLARINGE, BEVINDINGE EN GEVOLGTREKKINGS WAARTOE GEKOM WORD T.O.V. DIE FUNKSIONALITEIT VAN KERKBESOEK, EN DIE MOONTLIKE POSITIEWE EN NEGATIEWE OORSAKE VIR DIE VERMINDERING VAN DIE FUNKSIONALITEIT VAN KERKBESOEK BY DIENSPLIGTIGES WAT LIDMATE EN DOOPLIDMATE VAN DIE NED. GEREF. KERK IS

### 4.1 Uiteensetting van die empiriese ondersoek

#### 4.1.1 Die vraelys

Die belangrike gedeelte van die empiriese ondersoek bestaan uit 'n vraelys van 12 bladsye wat opgestel is met die doel om al die belangrike fasette van die funksionaliteit van kerkbesoek by die dienspligtige wat lidmaat is van die Ned. Geref. Kerk te dek.

Daar is gepoog om hierdie vraelys met sy ongeveer 155 onderafdelings so eenvoudig op te stel dat 'n persoon met 'n redelike swak begripsvermoë dit ook nog met gemak sou kon voltooi. Behalwe dan ook vir een enkele onderafdeling het die voltooing van die vraelys bestaan in die trek van kruisies teenoor stellings. Vir die gemiddelde dienspligtige het dit ongeveer 10 minute geneem om die hele vraelys te voltooi en min dienspligtiges het langer as 15 minute geneem.

Voordat die vraelys versprei is is daar 'n proefneming met ongeveer 20 voorlopige vraelyste gedoen om seker te maak dat alle vrae maklik verstaanbaar is en dat daar nie moontlikheid vir misverstand is nie. Die paar kleinere probleme wat daar was is uitgestryk en die vraelys weer getoets met 'n verdere proefgroep en nadat vasgestel is dat die moontlikheid van misverstand minimaal is, is die lyste versprei.

### 4.1.2 Voltooiing van die vraelys

Vraelyste is voltooi deur 1075 dienspligtiges wat gedurende die jaar 1972 besig was met hulle diensplig in die Suid-Afrikaanse Weermag. Dit verteenwoordig naastenby een-tiende van die dienspligtiges in die Weermag wat aan die Ned. Geref. Kerk behoort het vir die betrokke jaar.

Opnames is willekeurig by 18 verskillende eenhede gedoen op 9 verskillende dorpe en stede in die Republiek t.w. Kaapstad, Saldanhabaai, Kroonstad, Lady Smith (Natal), Pretoria, Middelburg (Tvl.), Pietersburg, Heidelberg en Devon. Van die totale aantal seuns wat die opnames voltooi het kom 30,8% van die Kaap Provinsie, 11,4% van die O.V.S., 48,3% van die Transvaal, 5,7% van Natal, 3,5% van S.W.A. en 0,3% van buite die Republiek. Hieruit blyk duidelik dat die opname baie verteenwoordigend is van jongmense oor die hele Republiek behalwe miskien vir Natal waar die persentasie so 'n bietjie hoër sou kon gewees het.

Opnames is verder voltooi deur dienspligtiges wat heel toevallig op die tyd waarop die opname gedoen is teenwoordig was by die betrokke eenheid.

Dit is ook duidelik aan alle dienspligtiges gestel deur middel van die aanhef van die vraelys en ook deur middel van mondelinge mededeling van die vraelysopnemer dat daar niks is wat die persoon van die dienspligtige kan bind aan 'n betrokke vraelys nie en dat hy derhalwe 'n eerlike antwoord sou kon gee sonder vrees dat iemand later sou kon vasstel wie 'n betrokke vraelys voltooi het.

Die voltooiing van vraelyste het deurgans glad en sonder probleme verloop en vrae oor moontlike onsekerhede was uiters gering.

Vraelyste is meestal deur dienspligtiges in lesingkamers voltooi waar elkeen besig was met sy eie

vraelys en nie die mening van maats kon byroep nie.

4.1.3 Motivering van die verskillende afdelings van die vraelys

1. Ouderdomsgroep: Onderskeid is getrek tussen 'n groep met ouderdom van 17 tot 20 jaar en 21 jaar en ouer omdat daar gevoel is dat die meeste dienspligtiges in die eerste groep sou val, maar dat indien daar miskien 'n aansienlike persentasie in die tweede groep sou wees, hulle menings anders kon wees vanweë 'n ryper volwassenheid. Die uitslag het egter getoon dat die persentasie van die tweede groep so gering is dat dit vir alle praktiese doeleindes geïgnoreer kan word t.w. slegs 2,6% in die tweede groep teenoor 97,4% in die eerste [1].

2. Afdeling van die Weermag: Die S.A. Weermag bestaan uit 3 afdelings t.w. die Leer, Lugmag en Vloot. Wat die dienspligtiges betref is daar nie 'n belangrike verskil tussen hierdie drie afdelings nie aangesien 'n dienspligtige slegs 'n beperkte keuse het t.o.v. sy plasing. Die Leer neem by verre die grootste groep dienspligtiges op en diegene wat daarvoor aanvra se kanse is goed om daar opgeneem te word. Die Lugmag is 'n heelwat kleiner groep en baie van die seuns wat aansoek doen om hier opgeneem te word sal elders geplaas word. Die Vloot kan egter maar ongeveer 1000 seuns uit 'n jaarlikse 10,000 aansoeke opneem. Weer is die persentasies hier baie verteenwoordigend t.w. 67,7% in die Leer, 23,2% in die Lugmag en 9,1% in die Vloot. Die onderskeiding is wel getrek hoofsaaklik om vas te stel hoe verteenwoordigend die vraelyste versprei is.

3. Watter inname: Daar is twee groot jaarlikse innames van dienspligtiges in die Weermag. Die eerste groot inname geskied aan die begin van Januarie van elke jaar en bestaan tot 'n groot mate uit seuns

1) Gerieflikheids- en duidelikheidshalwe word die numering van die vraelys voortaan in die res van 4.1.3 gebruik.

wat almal die matriek-eksamen afgelê het, dog nie noodwending geslaag het nie. Baie van hierdie seuns beoog dan om die jaar na hulle diensplig verder te studeer.

Die tweede groot inname is aan die begin van Julie. Hieronder is daar weer baie seuns wat nie van voorneme is om dadelik verder te studeer nie, en feitlik alle seuns wat nie op skool tot matriek gevorder het nie is in hierdie groep ingesluit.

Verder is daar ook nog 'n paar kleiner innames hoofsaaklik in Mei en September.

Daar is aanvanklik beoog om 'n onderskeid tussen die innames te probeer trek om die redes wat hier genoem is maar die addisionele kleiner innames kompliseer die saak en die volgende vraag het getoon dat daar in die tweede opname ook 'n groot groep jong manne is wat in hulle matriek-eksamens geslaag het en daar is dus besluit om liewer 'n onderskeid tussen die wat matriek geslaag het en die wat dit nie sover gebring het nie te trek. Die persentasies van die innames is dan soos volg: Januarie-inname 28,4%, Julie inname 53,6% en die ander innames 18,0%.

4. <u>Skoolstanderd geslaag</u>: Daar is gevoel dat die jong man wat in die matriek-eksamen geslaag het op 'n intellektuele peil hoër staan as die een wat dit op skool nie sover gebring het nie en dat die seun wat relatief gesproke 'n meer eenvoudige denkwyse het miskien anders mag voel oor die funksie van kerkbesoek as sy meer begaafde makker. Van die dienspligtiges onder wie die opname gedoen is het 65,9% reeds matriek geslaag terwyl 34,1% of nog nie geslaag het nie of dit nog nie so ver wat hulle skoolopleiding betref, gebring het nie.

5. Die provinsie van waar die dienspligtige afkomstig is: Kommentaar oor hierdie afdeling is reeds in 4.1.2 gelewer en die hoofdoel van die onderskeiding was slegs maar om die behoorlike verspreiding van die vraelys te kontroleer.

6. Onderskeiding tussen stad en platteland: Omdat die onderskeiding tussen stad en platteland in die Sosiologie al klassiek geword het, en omdat daar gevoel is dat die plattelander miskien anders mag dink en voel oor die funksies van kerkbesoek is daar die onderskeid ook hier getrek. Heel toevallig is dit dat die twee groepe byna eweredig verteenwoordig is t.w. 51,1% afkomstig van die stad en 49,9% van die platteland.

7. Onderskeiding tussen belydende lidmate en diegene wat nog nie belydenis van geloof afgelê het nie: Nadat die eerste twee bladsye van die vraelys gewy is aan vrae van 'n algemene aard wat, afgesien van ander redes, ook eerste geplaas is om die dienspligtige op sy gemak te stel en gewoond te maak aan die trek van kruisies, word nou stadig nader beweeg na vrae met 'n meer persoonlike strekking. Bogenoemde onderskeiding is getrek omdat daar 'n aansienlike verskil van mening behoort te wees oor kerksake en die funksie van kerkbesoek tussen 'n persoon wat reeds belydenis van geloof afgelê het en iemand wat dit nog nie gedoen het nie en reeds uit die huis uit is.

In die Ned. Geref. Kerk is die geleentheid daargestel in die oorgrote meerderheid van gemeentes om belydenis af te lê op die ouderdom van 16 jaar en nog voordat daar van die huis af weggegaan en met diensplig begin word. Wanneer kinders dus die huis verlaat sonder dat hulle belydenis afgelê het is dit gewoonlik die gevolg van gebrek aan belangstelling en geestelike koudheid by die seun en moontlik ook sy ouers wat vir hierdie toestand verantwoordelik is.

8. <u>Die dienspligtige se kerkbesoek-patroon tuis:</u>
Omdat hierdie hele navorsing handel oor die funksie van kerkbesoek is daar gepoog om die kerkbesoek-patroon van die dienspligtige reeds van huis uit vas te stel. Hier word 5 onderskeidings getrek wat telkemale in ander onderafdelings weer voorkom:

(a) 2 Keer per Sondag wat verteenwoordigend is van die toegewyde Christen;

(b) 1 keer per Sondag wat die gewone getroue deursnit kerkganger verteenwoordig;

(c) ten minste een keer per maand d.w.s. die ongereelde kerkganger wat so 'n groot deel van die lidmate van die Ned. Geref. Kerk uitmaak wat so af en toe kerktoe kom maar nie gereeld nie;

(d) ten minste een keer per jaar. Hierdie groep verteenwoordig diegene wat by wyse van uitsondering kerktoe gaan enersyds omdat hulle gewete hul soms kwel en andersyds om hulle verband met die kerk op tasbare wyse te toon.

(e) Nooit, d.w.s. diegene wat slegs in naam lidmaat van die kerk is.

Hierdie onderskeiding is getrek omdat verskillende groepe waarskynlik sal verskil van mening t.o.v. die funksie van kerkbesoek en ook omdat die latere antwoorde van veral groepe (c) tot (e) moontlik 'n leidraad mag verskaf tot die betere bearbeiding van hulle siele.

9. <u>Die huidige kerkbesoek-patroon van die dienspligtige:</u>
Die lyn word deurgetrek en 'n vergelyking gemaak met die huidige kerkbesoek-gewoontes van die dienspligtige. Die S.A. Weermag maak voorsiening vir een verpligte kerkdiens per Sondag behalwe as die dienspligtige naweekpas het (dit kan later in sy termyn van diensplig elke 2e naweek wees), of as hy noodsaaklike

werk verrig. Baie moeite word deur die kapelane van die Weermag in hierdie verband gedoen en waar dienspligtiges in die veld en ver van kerke af is word daar gereeld ten minste een diens per Sondag gehou. 'n Tweede diens per Sondag kan vrywillig bygewoon word. Baie dienspligtiges is in kampe naby kerke en kan daarheen stap. Wanneer die kerk nie meer binne stap afstand is nie maar binne 'n vasgestelde myl afstand word dienspligtiges vervoer na die kerk, ook t.o.v. vrywillige bywoning.

Daar is ook kampe wat so ver van die naaste kerk is dat daar nie sprake is van vervoer nie en waar daar slegs een diens per Sondag gehou word deur 'n kapelaan wat daarheen uitgestuur word. In hierdie omstandighede en ook waar hy noodsaaklike werk verrig is dit in elk geval nie moontlik vir die dienspligtige om twee dienste per Sondag by te woon nie.

10. <u>Kerkgang slegs met verpligte parades</u>: In die vorige paragraaf was daar reeds melding gemaak van hierdie verpligte kerkparades. Daar is gepoog om diegene wat slegs kerktoe gaan as hulle verplig word uit te sonder enersyds ook weer omdat hulle moontlik anders sal voel oor die funksies van kerkbesoek as diegene wat uit vrye wil gaan, en andersyds om te probeer vasstel of diesulkes altyd konsekwent is in hul menings soos dit weerspieël word in die beantwoording van die vraelys, en verder ook om moontlike nonfunksie t.o.v. kerkbesoek by dienspligtiges in so 'n geval te probeer bepaal.

11. <u>Die dienspligtige se mening oor die getal kere wat 'n persoon behoort kerktoe te gaan</u>: Die vraag: „Hoeveel keer dink u behoort 'n mens kerktoe te gaan?" is gestel om die mening van die dienspligtige te probeer peil. Hierdie vraag is om verskillende redes belangrik, en dit is waarskynlik dat daar 'n aansienlike

verskil kan wees tussen hierdie afdeling en afdeling 9 van die vraelys wat met die werklike situasie te make het. Een rede vir die verskil mag wees dat die dienspligtige verhinder kan word om meer gereeld die kerk te besoek deur moontlike wettige redes wat later in die vraelys vermeld word. Dikwels ook verskil blote mening en werklikheid van mekaar en verdere vrae in die vraelys mag lig op sodanige verskille werp. Dit kan moontlik ook help om te bepaal of die denke van die jongmense meer konserwatief of liberaal t.o.v. godsdiens is as hulle dade.

12. <u>Vasstelling van watter diens die populêrste is by die jongmense</u>: Daar word gevra watter diens die dienspligtige die graagste bywoon: oggenddiens, aanddiens, albei of geen. Die doel hiervoor is tweërlei: korrelasie met ander afdelings kan toon of hy konsekwent is met sy antwoorde en dit kan ook later moontlik tot nut wees wanneer leidrade gesoek word om die inrigting van eredienste te implementeer.

13. <u>Redes wat die dienspligtige aanvoer wat veroorsaak dat hy nie gereeld kerktoe gaan nie</u>: Hierdie afdeling word slegs voltooi deur diegene wat nie gereeld twee keer per Sondag kerktoe gaan nie. 'n Sestiental redes word aangedui waarmee daar gepoog word om so 'n groot gedeelte van die veld soos moontlik te dek. Baie meer redes sou stellig genoem kon word maar dan sou die vraelys te lomp word, die aandag dwaal en daar nie veel van tereg kom nie.

Die redes is vir verwerking onderverdeel in groepe - die groepe word nie aangetoon vir die persoon wat die vraelys voltooi nie en hy is derhalwe nie bewus daarvan nie:

13.1 maak melding van sy diensplig wat gereelde kerkbesoek verhinder en kan moontlik later vir die Weermag self 'n leidraad bied vir die implementering van die

bywoning van eredienste deur dienspligtiges indien dit nodig sou blyk te wees uit die bevindinge van hierdie navorsing. Dit kan ook moontlik weer gekorreleer word met afdeling 9 (huidige kerkbesoek) en die beeld soos weerspieël in die beantwoording van die betrokke afdeling ietwat verander.

13.2 probeer vasstel in hoeverre ontspanningsbedrywighede soos Sondagsport, uitstappies ens. die funksionaliteit van kerkbesoek by die jongmens benadeel.

13.3 tot 13.5 probeer die institutêre kerk en die mense van die kerk betrek en daar word gepoog om vas te stel of dit die kerk, sy mense en sy atmosfeer is wat kerkbesoek disfunksioneel vir die dienspligtige maak.

13.6 tot 13.11 handel oor die persoon van die predikant en daar word getrag om te bepaal in hoeverre die predikant verantwoordelik is (volgens die mening van die dienspligtige) vir swak en disfunksionele kerkbesoek.

13.12 tot 13.14 wil uitwys tot hoe 'n mate onverskilligheid by die dienspligtige self verantwoordelik is vir swak kerkbesoek.

13.15 tot 13.16 probeer die persoon wat nie meer aan die Skrifwaarhede glo nie uitken.

Hoewel die mening van die jongmense t.o.v. hierdie aangeleenthede nie noodwendig deurslaggewend is nie kan die antwoorde wat ontvang is veral in groepe 13.3 tot 13.5 en 13.6 tot 13.11 vir die kerk in die algemeen en die predikant in die besonder stem tot 'n selfondersoek en 'n aanduiding gee van hoe te werk gegaan kan word om die jeug beter te kan bereik. Die antwoorde wat hier ontvang is kan egter ook 'n aanduiding bied van tot watter mate die kerk en sy ampsdraers daarin slaag om die jeug van vandag nog te bereik.

14. Assosiasies van die woord 'kerk': In die derde hoofstuk van hierdie navorsing is daar uitgegaan van die standpunt dat kerkbesoek funksioneel is wanneer 'n persoon gaan om te aanbid. Hierdie afdeling wend 'n poging aan om deur middel van assosiasie te probeer bepaal of die gedagte van aanbidding sentraal is aan die dienspligtige se begrip van 'kerk'. 'n Vyftal begrippe is genoem waarvan twee t.w. God en aanbidding dit met aanbidding te maak het. In die vraelys is daar natuurlik nêrens daarvan melding gemaak dat die begrip aanbidding sentraal is aan die funksionaliteit van kerkbesoek nie.

15. Die bepaling van redes vir kerkbesoek: Hierdie afdeling vorm saam met afdeling 9 wat inligting inwin oor die huidige kerkbesoek gewoontes van die dienspligtige, die belangrikste gedeelte en ook die kern van die vraelys. Daar is 26 moontlikhede gestel waarmee daar gepoog word om die veld so wyd soos moontlik te dek. Daar is seker nog talle ander moontlikhede maar dan sou die afdeling te lank word en die belangstelling van die persoon wat dit moet voltooi verlore gaan in die omslagtigheid en lywigheid daarvan.

Die dienspligtige kon hier soveel kruisies maak soos hy wou en dus 'n hele aantal redes gee waarom hy gewoonlik kerktoe gaan. Daar was aanvanklik gevra dat hy die redes waarom hy al reeds in die verlede kerktoe gegaan het moes aantoon, maar na die voorlopige proefnemings is die versoek verander om te lees 'gewoonlik' omdat die navorsing oor die reël gaan en nie die uitsondering nie.

Deur middel van hierdie afdeling en deur middel van korrelasies tussen hierdie, die volgende en verskeie ander afdelings word daar gepoog om manifeste funksies sowel as latente funksies van kerkbesoek by die dienspligtige te bepaal.

Hierdie afdeling is in 7 groepe verdeel hoewel dit weer nie op die vraelys self gemeld word nie:

1. tot 2. probeer gewoonte of tradisie vasstel as rede vir kerkbesoek.

3. tot 6. het te make met die invloed wat die mense rondom die dienspligtige op hom uitoefen.

7. tot 9. poog weereens om die rol wat die predikant in die kerkbesoek patroon van die dienspligtige speel te bepaal.

10. tot 14. probeer die kuddedrang as funksie van kerkbesoek op die voorgrond bring.

15. hang nou saam met die vorige en ook die volgende afdeling maar laat eerder die klem val op die gemeenskap van die gelowiges.

16. tot 23. kom by die kern van die navorsing uit t.w. die saak van aanbidding en al die moontlikhede wat hier gestel word sentreer om verskillende fasette van aanbidding. Die 23ste moontlikheid 'Omdat ek lus het' word as kontrole gestel want as 'n persoon werklik gaan om te aanbid behoort die lus by hom as goeie Christen ook 'n belangrike rol te speel.

24. tot 26. wil vasstel of dit slegs die vreesgevoel oor die onsekerheid van die toekoms is wat die dienspligtige noop om die kerk te besoek.

In hierdie afdeling is daar afgewyk van die numering wat in die res van die vraelys gehandhaaf word en slegs alleenstaande syfers t.w. 1. tot 26. aangegee. Dit is gedoen met die oog op die volgende afdeling t.w. 16 en omdat die rekenoutomaat nie hier die samestelling van nommers sou kon hanteer nie.

16. Bepaling van redes vir kerkgang in volgorde van belangrikheid: Waar die vorige afdeling gehandel het oor die bepaling van redes vir kerkgang in die algemeen

en waar een persoon 'n hele aantal redes kon verstrek, gaan dit hier oor die belangrikste redes vir kerkbesoek. Daar is aan die dienspligtige gevra om drie redes in volgorde van belangrikheid uit die vorige afdeling te kies. Die doel hiervan is om vas te stel in hoe 'n mate hy nog in die kol van ,aanbidding' is en tot welke mate sy redes afwyk na moontlike latent funksioneel of disfunksionele redes. Die resultaat is hier ook in die groepe gerangskik wat in die vorige afdeling genoem is.

17. <u>Die genieting van die erediens</u>: Hierdie afdeling asook afdeling 18 en 19 sentreer om die erediens self en probeer vasstel in hoe 'n mate die erediens na die mening van die dienspligtige funksioneel vir sy behoeftes is.

17.1 gaan weereens om die persoon van die predikant en sy vermoë om sy gehoor te boei en hierdie afdeling word dan ook weer gekorreleer met die ander afdelings wat die persoon van die predikant raak.

17.2 probeer vasstel of die Psalms en Gesange nog funksioneel is wat ons jonger mense betref omdat daar dikwels die bewering gemaak word dat hierdie sangvorm nie meer by die jeug van ons dag inslag vind nie.

17.3 wil bepaal in hoe 'n mate die handeling tydens die erediens daarin slaag om die aandag van die jongmens te trek. Moontlik kan korrelasies met ander afdelings ook aandui of sy manifeste motiewe altyd eerlik is.

17.4 is daarop gemik om te sien of die dienspligtige se denke ooreenstem met sy handelwyse, of sy denke moontlik meer konserwatief of liberaal is vergeleke met sy handelwyse.

17.5 wil bepaal of die dienspligtige dit geniet om kerktoe te gaan en wel tot hoe 'n mate, en deur middel

van korrelasie met b.v. afdeling 9 (werklike kerkbywoning) of hy gaan omdat hy dit geniet, en as hy dit nie geniet nie wat die rede is en of hy gaan ten spyte daarvan dat hy die nie geniet nie.

17.6 dien ook as kontrole-poging in die soeke na hoeverre 'n erediens aantreklik en aangenaam vir die jongmens is al dan nie.

18. Die aantreklikheid van die kerkdiens: Die doel van hierdie afdeling is dan ook weer om te probeer vas stel tot hoe 'n mate die kerkdiens aantreklik is en om as leidraad te dien vir die toekoms t.o.v. pogings om die kerkdiens meer funksioneel in te rig om aan te pas by die behoeftes van ons jongmense.

19. Wat bedoel die dienspligtige met 'n aantrekliker kerkdiens? Hierdie afdeling wil by die dienspligtige konkrete voorstelle kry vir 'n aantrekliker kerkdiens. 'n Paar algemene moontlikhede word gestel om 'n tendens te probeer bepaal en daar word dan ruimte gelaat vir voorstelle wat nie deur die gegewe moontlikhede gedek word nie om as moontlike leidrade vir die toekoms te dien. Ook is dit moontlik dat daar uit hierdie afdeling verdere latente funksies of disfunksies van kerkbesoek na vore kom.

20. en 21. Die moontlikheid om die Here in die kerk te ontmoet: Hierdie is maar nog net 'n verdere poging om die funksionaliteit van kerkbesoek te bepaal en skakel nou saam met die vorige afdelings wat handel oor aanbidding en wil vasstel of die dienspligtige konsekwent is met die beantwoording van die vrae.

22. tot 25. Geloofsekerheid en aanverwante vrae: Aangesien geloofsekerheid al dan nie 'n groot invloed kan uitoefen op die funksie van kerkbesoek van persoon tot persoon word hierdie afdeling bygebring.

22. begin by geloofsekerheid by die belydenisaflegging en aangesien daar so 'n groot getal lidmate

is wat na belydenisaflegging ongereelde kerkgangers word, probeer afdeling 25 bepaal wat die huidige stand t.o.v. geloofsekerheid is en verder hoe geloofsekerheid weer ooreenstem met kerkbesoek.

23. het ook te make met geloofsekerheid maar wel hier van die persoon wat nog nie belydenis afgelê het nie aangesien hy in die vorige afdeling nie gedek word nie.

24. slaan weer terug na die persoon van die predikant en wel hier na sy gesprek met die voornemende lidmaat en kan ook gekorreleer word met die ander afdelings wat handel oor die persoon van die predikant.

26. to 30. Agtergrond van die ouerhuis: Vrae 26 en 28 handel oor die kerkverband van die vader en moeder respektiewelik terwyl 27 en 29 hulle kerkbywonings gewoontes probeer vasstel. Met hierdie vrae word daar getrag om te bepaal welke invloed die ouer se kerkbywoning het op die funksionaliteit van kerkbesoek by sy kind. Hierdie vrae oor die intiemer huislike kring is dan ook doelbewus oorgehou tot feitlik aan die einde met die hoop dat daar met verloop van die invul van die vraelys sodanige rapport tussen vraesteller en die beantwoorder daarvan bewerkstellig sou wees dat hierdie vrae met meer vrymoedigheid beantwoord sou kon word. Die laaste vraag t.w. 30 sluit by die vorige aan om die algemene godsdienssin van die huisgesin te probeer peil en om die bydrae te toon wat dit lewer om kerkbesoek by die kind funksioneel of disfunksioneel te maak.

## 4.2 Interpretasie, verklaringe, bevindinge en gevolgtrekkings waartoe gekom word t.o.v. die funksionaliteit van kerkbesoek by dienspligtiges

### 4.2.1 Vergelyking van die kerkbywoning van die stedeling met die plattelander onder die dienspligtiges

Hierdie opname toon dat stedelinge en plattelanders onder die dienspligtiges min of meer eweredig verteenwoordig is: 51,1% is stedelinge terwyl 49,9% afkomstig is van die platteland.

'n Korrelasie tussen die kerkbywoning van die twee groepe (vgl. tabel I) toon dat daar min verskil tussen die twee groepe in hierdie opsig is. In 'n geringe mate is die plattelander moontlik meer getrou as die stedeling. Die klein verskil tussen die groepe is waarskynlik daaraan toe te skryf dat albei se omstandighede in die Weermag eenders is.

'n Verdere korrelasie tussen die stedeling en die plattelander t.o.v. die redes waarom hulle nie kerktoe gaan nie het so 'n geringe verskil vertoon dat dit nie noemenswaardig is nie. Behalwe dus vir die onderskeiding wat nou hier getrek is sal daar verder geen onderskeid tussen die groepe gemaak word nie.

### 4.2.2 Vergelyking van skoolstanderd geslaag met kerkbywoning

65,9% van diegene wat aan die opname deelgeneem het het Std.10 geslaag teenoor 34,1% wat nie sover gekom het nie. Uit die korrelasie tussen standerd geslaag en kerkbywoning blyk dat daar slegs 'n klein verskil is t.o.v. die kerkbywoning van die groepe met die Std.10 seuns miskien so 'n bietjie meer getrou as hulle ander makkers (vgl. tabel II).

TABEL I

Korrelasie van die kerkbywoning van die stad met die platteland (vgl. vraelys 6 en 9).

| | % 2 keer per Sondag | % 1 keer per Sondag | % ten minste 1 keer per mnd | % ten minste 1 keer per jr | % nooit |
|---|---|---|---|---|---|
| Stad | 19,5 | 55,5 | 21,7 | 0,6 | 1,9 |
| Platteland | 19,4 | 61,6 | 17,9 | 0,4 | 0,2 |

TABEL II

Korrelasie tussen skoolstanderd geslaag en kerkbywoning (vgl. vraelys 4 en 9).

| | % 2 keer per Sondag | % 1 keer per Sondag | % ten minste 1 keer per mnd | % ten minste 1 keer per jr | % nooit |
|---|---|---|---|---|---|
| Std 10 geslaag | 20,9 | 57,1 | 20,1 | 0,6 | 0,7 |
| Nie std 10 | 15,9 | 61,3 | 19,5 | 0,5 | 1,6 |

4.2.3 Vergelyking van die kerkbywoningspatroon van die jong seun tuis met die dienspligtige tans.

Omdat daar dikwels by ouers kommer ontstaan oor die geestelike versorging van hulle kinders in die S.A. Weermag is hierdie poging aangewend om die kerkbywoningspatroon tuis en tans te vergelyk.

Tabel III gee vir ons 'n algemene vergelyking van die kerkbywoning tuis en tans. Hieruit blyk dat in die geheel geneem daar nie veel verandering is nie behalwe dat die bywoning in die Weermag ietwat meer gereeld is as tuis. Hierdie tabel kan egter misleidend wees en moet vergelyk word met die omstandighede en geleenthede vir kerkbywoning in die Weermag en veral met Tabel IV wat die feite in die regte perspektief stel.

Tabel IV dui aan die korrelasie van die dienspligtige se kerkbywoningsgewoontes tuis met dieselfde dienspligtige se huidige kerkbywoning. Die eerste kolom toon aan die getal kere wat daar in die reël per Sondag tuis kerktoe gegaan was terwyl die volgende kolomme die persentasies toon van dieselfde dienspligtiges t.o.v. hulle huidige kerkbywoning.

4.2.3.1 Gevolgtrekking

(a) By Tabel IV vind ons 'n afplatting van die uiterste getalle en 'n beweging na 'n meer gemiddelde kerkbesoek persentasie.

(b) Die feit dat 43,7% van die dienspligtiges wat tuis 2 keer per Sondag kerktoe gegaan het nou nog soveel keer per Sondag gaan, dat 41,6% slegs 1 keer per Sondag gaan en 13,7% ten minste een keer per maand kan hoofsaaklik toegeskrywe word aan omstandighede in die Weermag self wat verhinder dat hulle die patroon handhaaf. Hieronder kan genoem word noodsaaklike dienste soos b.v. wagdiens wat tydens die kerkdiens verrig moet word, verafgeleë kampe waar dit

slegs moontlik is om een diens per Sondag by te woon (vgl. 4.1.3 para 9). Immers 29,6% van almal wat die vraelys voltooi het meld dat diensplig hulle verhinder om meer gereeld kerktoe te gaan. Daar is dus nie rede tot kommer dat diegene wat 2 keer per Sondag tuis kerktoe gegaan het tans nie die patroon wil handhaaf nie, immers die meeste probeer dit nog sover moontlik doen.

(c) 'n Verdere studie van tabel IV toon egter aan dat diegene wat tuis minder kerktoe gegaan het nou tydens hulle dienspligjaar meer gaan. Van diegene wat tuis slegs 1 keer per Sondag gegaan het gaan 14,5% nou 2 keer per Sondag terwyl 66,3% die standaard handhaaf. Uit diegene wat tuis slegs 1 keer per maand gegaan het gaan 14,1% nou 2 keer per Sondag en 57,0% 1 keer per Sondag. Selfs onder die paar wat tuis nooit kerktoe gegaan het nie is daar 'n merkbare styging in kerkbesoek.

(d) 'n Gevolgtrekking wat met reg gemaak kan word is dat die groot bedrag wat die S.A. Weermag jaarliks bestee aan poste van kapelane, aan fasiliteite vir kerkbywoning vir dienspligtiges, aan vervoer vir dienspligtiges na kerkdienste, en om dikwels onder moeilike omstandighede en met groot koste die kerk na die manskap te bring, beslis goeie dividende oplewer.

TABEL III

Kerkbywoning van die jong seun tuis, die dienspligtige tans en sy mening van hoe dikwels 'n mens kerktoe behoort te gaan (vgl. vraelys 8,9 en 11).

| | Kerkbywoning | | |
|---|---|---|---|
| | Tuis % | Tans % | Mening wat dit behoort te wees % |
| 2 keer per Sondag | 17,7 | 19,3 | 41,4 |
| 1 keer per Sondag | 54,6 | 59,1 | 52,5 |
| Ten minste 1 keer per mnd | 23,2 | 20,0 | 4,4 |
| Ten minste 1 keer per jr | 2,7 | 0,6 | 0,7 |
| Nooit | 1,7 | 1,0 | 0,9 |

TABEL IV

Korrelasie van die dienspligtige.se kerkbywoning tuis met sy huidige kerkbywoning( vgl. vraelys 8 en 9).

| Kerkbesoek tuis | % van persone in kolom 1 met ooreenstemmende kerkbywoning in die Weermag | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | 2 keer per Sondag | 1 keer per Sondag | ten minste 1 keer per mnd | ten minste 1 keer per jr | nooit |
| 2 keer per Sondag | 43,7 | 41,6 | 13,7 | 0,0 | 0,0 |
| 1 keer per Sondag | 14,5 | 66,3 | 18,8 | 0,0 | 0,0 |
| Ten minste 1 keer per mnd | 14,1 | 57,0 | 26,1 | 1,2 | 0,8 |
| Ten minste 1 keer per jr | 6,9 | 51,7 | 34,5 | 6,9 | 0,0 |
| Nooit | 5,6 | 27,8 | 11,1 | 5,6 | 50,0 |

### 4.2.4 Kerkbywoning en die mening van dienspligtiges in hierdie verband

Volgens tabel III blyk dit dat die mening van ons jong seuns nog baie konservatief is wat betref kerkbesoek. Op die vraag 'Hoeveel keer dink u behoort 'n mens kerktoe te gaan?' meld 41,4% dat dit 2 keer per Sondag behoort te wees terwyl die persentasies vir werklike kerkbywoning 2 keer per Sondag tuis en tans 17,7 en 19,3 respektiewelik is.

Troostend is dit dat 93,9% van vandag se jong seuns die mening toegedaan is dat 'n mens ten minste een of twee keer per Sondag kerktoe behoort te gaan.

Tabel V toon dieselfde prentjie uit 'n ander hoek. Hier word die vraag gevra: 'Hoeveel dienste behoort daar op 'n Sondag te wees?' 77,9% sê dat daar 2 dienste per Sondag behoort gehou te word. Al sou hy dus self nie meen dat hy 2 keer per Sondag hoef te gaan nie moet die geleentheid darem ten minste daar wees! Die totale persentasie van diegene wat meen dat daar ten minste een of twee dienste per Sondag behoort te wees is 99,3.

#### 4.2.4.1 Gevolgtrekking

Die afleiding kan met reg gemaak word dat ons jongmense se denke oor die bywoning van die kerkdiens uiters konserwatief is, dat kerkbesoek en die bywoning van eredienste nog 'n baie belangrike funksie in sy lewe vervul, dat die jongmens van vandag glad nie onverskillig teenoor die kerk staan nie, dat die kerk nog nie vir die jeug, veral hulle wat so pas die skool verlaat en in die wêreld uitgestap het, verloor het nie, maar dat hy hier 'n geweldige potensiaal besit wat benut moet word.

TABEL V

Die getal dienste wat daar op 'n Sondag behoort te wees (vgl. vraelys 17.4).

| | |
|---|---|
| % wat sê 2 dienste | 77,9 |
| % wat sê 1 diens | 21,4 |
| % wat meen dat dienste slegs op besondere geleenthede soos Kersfees of Oujaarsnag gehou moet word | 0,4 |
| % wat meen dat dit glad nie nodig is om kerkdienste te hou nie | 0,3 |

4.2.5 Redes waarom dienspligtiges gewoonlik kerktoe gaan

4.2.5.1 Ontleding van afsonderlike redes

Tabel VI toon 'n interessante verskeidenheid van redes waarom die dienspligtige meen dat hy kerktoe gaan. Redes wat belangrike persentasies toon is die volgende:
Gewoonte 29,0%;
omdat ordentlike mense behoort te gaan 16,4%;
die invloed van sy ouers 14,1%;
die preek van die predikant 14,5%;
omdat hy eensaam voel 10,2%;
omdat sy gewete hom pla 14,3%.

4.2.5.2 Ontleding van redes in kategorieë

Die redes is in kategorieë verdeel (vgl. tabel VI) en die persentasies van dienspligtiges wat in die verskillende groepe geantwoord het is soos volg:

Gewoonte en tradisie 38,0%;
beïnvloeding deur mense 20,0%;
beïnvloeding deur die predikant 17,2%;
kuddedrang 20,8%;
vreesmotief 21,5%.

Die redes vervat in die kategorieë hierbo genoem kan meestal as latente redes vir kerkbesoek gesien word. Dit is nie die werklike rede soos hy dit sien waarom hy kerktoe gaan nie maar dit speel tog 'n belangrike rol in sy lewe.

Die rede: ,Omdat dit lekker is om saam met mede Christen gelowiges te wees' (gemeenskap met die heiliges) het 42,3% getrek. Dit is moeilik om te bepaal of dit 'n manifeste of latente funksie vervul en kan moontlik deels onder die kuddedrang gegroepeer word. Die veel groter persentasie wat hier aangetoon word vergeleke met redes in die kuddedrang groep toon dat dit besondere betekenis vir die dienspligtiges besit en dat dit die uiterlike sigbare uitdrukking mag wees van die gelowige se innerlike gemeenskap met God [1].

Die redes verstrek onder ,aanbidding' toon behalwe een almal hoë persentasies d.w.s. vanaf 48,8% tot 67,3%. 64,4% van die dienspligtiges meen dat hulle kerktoe gaan ,om te aanbid' wat die kern van die navorsing raak. 94,6% van almal wat vraelyste voltooi het het redes in hierdie groep aangedui. Die redes verstrek onder die hoof ,Aanbidding' kan dan gesien word as manifeste redes - die redes waarom die dienspligtige meen dat hy kerktoe gaan. Indien aanbidding dus die funksie van kerkbesoek is soos in die vorige hoofstuk aangetoon, kan daar nou gekonstateer word dat kerkbesoek vir die groot meerderheid van dienspligtiges nog funksioneel is.

Dit is egter opvallend dat slegs 22,0% gaan omdat hulle lus het (vgl. vraelys 15.23). Die vraag kan

1) Moberg, D.O. The church as a social institution, p. 160.

egter gestel word nl. of die oortuigde goeie Christen wat vir al die manifeste goeie redes kerktoe gaan wat onder ‚aanbidding' resorteer (vgl vraelys 15. 16 tot 22) nie ook behoort lus te hê om kerktoe te gaan nie. Dit behoort immers vir hom 'n plesier te wees, anders is die funksionaliteit van sy kerkbesoek ook al weer besig om te vervaag. Dit wil dus voorkom asof die redes in hierdie groep, hoewel vir die dienspligtige manifes, tot 'n belangrike mate slegs die redes is waarom hy meen dat hy behoort kerktoe te gaan en nie altyd die rede waarom hy werklik gaan nie. Die latente redes in die ander groepe kom nou meer op die voorgrond en word manifes.

4.2.5.3 Die drie belangrikste redes waarom dienspligtiges kerktoe gaan in volgorde van belangrikheid

Tabel VII toon die drie belangrikste redes in volgorde van belangrikheid waarom dienspligtiges meen dat hulle kerktoe gaan. Hierdie tabel staaf wat uit die vorige tabel blyk en al die redes wat enigsinds 'n belangrike persentasie toon is te vinde in die groep ‚Aanbidding'.

Die belangrikste redes is die volgende:
Om God daar te ontmoet 23,8%;
omdat hy 'n behoefte in sy hart het 19,7%;
om te aanbid 18,4%;
om gered te word 13,0%.

Die tweede belangrikste redes:
Om te aanbid 17,8%;
om iets vir sy siel te ontvang 15,3%;
omdat hy 'n behoefte in die hart het 15,2%;
om God daar te ontmoet 14,7%;
om gered te word 12,6%.

Die derde belangrikste redes:
Om God daar te ontmoet 13,4%;
om iets vir sy siel te ontvang 12,5%;
omdat hy 'n behoefte in die hart het 11,5%;

om te aanbid 11,0%.

Die persentasies daal by die tweede en derde belangrikste redes vergeleke met die belangrikste rede en daar is 'n ooreenkomstige styging in die kolomme by die ander redes.

4.2.5.4 Die drie belangrikste basiese groeperings van redes waarom dienspligtiges kerktoe gaan in volgorde van belangrikheid

In tabel VIII word die redes in tabel VII genoem gegroepeer in basiese kategorieë (vgl. 4.2.5.2). 88,3% van alle dienspligtiges noem een van die redes in die kategorie ‚Aanbidding' as die belangrikste waarom hulle gewoonlik kerktoe gaan, 89,5% plaas redes in hierdie groep tweede en 80,4% plaas hulle derde.

Ook hierdie tabel staaf die bevindinge van die vorige tabelle nl. dat die dienspligtige kerktoe gaan vir die manifeste rede om te aanbid. Op die oog af dus is kerkgang vir hom funksioneel.

4.2.5.5 Die gereeldheid van kerkbywoning van diegene wat 'n rede vir kerkbywoning in die kategorie ‚aanbidding' verstrek

1000 dienspligtiges uit 'n totaal van 1075 het redes vir kerkbywoning verstrek uit die kategorie ‚aanbidding'. Tabel IX toon vir ons hierdie dienspligtiges se gewone kerkbywoning. Al sou ons dit in ag neem dat 29,6% van alle dienspligtiges dit noem dat diensplig hulle verhinder om meer kerktoe te gaan, bly die persentasie wat 2 keer per Sondag gaan t.w. 19,6% nog laag. Lg. verskil ook nie soveel van die persentasie dienspligtiges wat tuis 2 keer per Sondag kerktoe gegaan het nie t.w. 17,7% (vgl. tabel III).

Weer kan die vraag gevra word of daar nie 'n aansienlike aantal dienspligtiges was wat hulle

kruisies in hierdie afdeling gemaak het omdat hulle gemeen het dat dit 'n rede is waarom 'n mens kerktoe behoort te gaan nie. Sou 'n persoon wat volgens eie rede kerktoe gaan om te aanbid, omdat hy 'n behoefte in die hart het, om iets te leer, om gered te word, om iets vir sy siel te ontvang, om God te ontmoet, om gehoorsaam aan die Here te wees, nie meer gereeld kerktoe gaan nie? Trek baie dienspligtiges nie maar die kruisie by hierdie kategorie omdat hulle meen dat dit 'n goeie rede is waarom 'n mens behoort kerktoe te gaan nie? Is dit dalk bloot vir hom die manifeste rede vir kerkgang terwyl die latente redes onder ander kategorieë van hierdie afdeling van die vraelys tot openbaring kom?

4.2.5.6 'n Vergelyking van die geloofsekerheid van dienspligtiges en die redes waarom hulle gewoonlik kerktoe gaan

Tabel X staaf wat met 'n mate van sekerheid verwag kon word nl. dat diegene wat seker is van hulle kindskap, d.w.s. geloofsekerheid het, beter georiënteerd is t.o.v. hulle kerkgang. In die kategorie ,Gemeenskap van die heiliges' is die persentasie van die wat geloofsekerheid het 67,1% teenoor 32,9% wat dit nie het nie en by ,Aanbidding' is die verhouding 60,8% teenoor 39,2% respektiewelik.

Hierdie tabel bevestig ook sonder om wat voorafgegaan het te weerspreek die feit dat daar nogtans 'n groot aantal dienspligtiges is wat wel kerktoe gaan om te aanbid en dat kerkgang wel vir hulle funksioneel is.

4.2.5.7 Gevolgtrekking

(a) Die manifeste rede vir kerkbywoning is by die oorgrote meerderheid van dienspligtiges aanbidding in die een of ander vorm.

(b) Die vraag ontstaan of aanbidding as rede

vir kerkbywoning altyd 'n manifeste funksie by die dienspligtige vervul? Uit wat reeds gesê is blyk dit dat daar 'n sterk moontlikheid is dat sommige dienspligtiges slegs 'n mening uitspreek waarom 'n mens kerktoe behoort te gaan en dat dit nie sy werklike rede is nie.

(c) Hieruit volg dat sommige hoofsaaklik om ander redes kerktoe kom soos gewoonte, tradisie, die invloed wat ouers uitoefen, 'n predikant wat mense trek met sy prediking, omdat hy eensaam voel en geselskap soek, omdat sy gewete hom pla ens. Selfs by diegene vir wie kerkgang uit 'n godsdienstige oogpunt funksioneel is t.w. die wat kom om te aanbid en dit weet en doelbewus doen speel bgn. redes volgens die tabelle 'n belangrike rol in 'n mindere of meerdere mate.

(d) Tog kan daar met dankbaarheid gemeld word dat kerkgang funksioneel bly vir 'n groot groep van die jeug van die Ned. Geref. Kerk - hulle gaan kerktoe om te aanbid en hulle weet waarom dit vir hulle gaan.

TABEL VI

Redes waarom dienspligtiges gewoonlik kerktoe gaan gegroepeer volgens kategorieë (vgl vraelys 15).

| Redes en groepering | % van totaal [1)] | % dienspligtiges wat in groep antwoord [1)] |
|---|---|---|
| **Gewoonte en tradisie:** | | |
| 1. Omdat hy gewoond is om te gaan | 29,0 | 38,0 |
| 2. Omdat alle ordentlike mense behoort te gaan | 16,4 | |
| **Beïnvloeding deur mense:** | | |
| 3. Omdat hy sy ouers nie wil teleurstel nie | 14,1 | |
| 4. Omdat sy vriende hom vra | 2,6 | |
| 5. Omdat sy aster hom vra | 5,4 | 20,0 |
| 6. Omdat sy KJV maats gaan | 2,6 | |
| **Beïnvloeding deur die predikant:** | | |
| 7. Omdat die predikant mooi preek | 14,5 | |
| 8. Omdat hy hou van die predikant | 5,1 | 17,2 |
| 9. Omdat die predikant gesê het dat hy moet gaan | 1,4 | |
| **Kuddedrang:** | | |
| 10. Omdat hy eensaam is | 10,2 | |
| 11. Omdat dit aangenaam is om in 'n groep te wees | 5,4 | |
| 12. Omdat hy vriende en bekendes daar raakloop | 5,0 | 20,8 |
| 13. Omdat dit gesellig is | 3,0 | |
| 14. Om 'n aantreklike aster wat ook gaan raak te loop | 6,1 | |

(vervolg op vlg. bladsy)

1) Hierdie % is in totaal meer as 100 omdat elkeen soveel kruisies kon trek as wat hy wou. Vir dieselfde rede stem die twee kolomme nie ooreen nie omdat 'n dienspligtige 2 kruisies in 'n groep kon trek terwyl hy slegs een keer weerspieël word in die tweede syfer kolom.

TABEL VI (vervolg)

| | | |
|---|---|---|
| <u>Gemeenskap van die heiliges:</u> | | |
| 15. Omdat dit lekker is om daar saam met mede Christen gelowiges te wees | 42,3 | 42,3 |
| <u>Aanbidding:</u> | | |
| 16. Om te aanbid | 64,4 | |
| 17. Omdat hy 'n behoefte in die hart het | 67,3 | |
| 18. Om iets te leer | 48,8 | |
| 19. Om gered te word | 52,6 | 94,6 |
| 20. Om iets vir my siel te ontvang | 56,6 | |
| 21. Om God daar te ontmoet | 62,9 | |
| 22. Omdat hy gehoorsaam aan die Here wil wees | 49,5 | |
| 23. Omdat hy lus het | 22,0 | |
| <u>Vreesmotief:</u> | | |
| 24. Omdat sy gewete hom pla | 14,3 | |
| 25. Omdat hy bang is hy gaan hel toe | 9,0 | 21,5 |
| 26. Omdat hy bang is dat God hom nou hier op aarde sal straf | 7,8 | |

TABEL VII

Die drie belangrikste redes waarom dienspligtiges kerktoe gaan in volgorde van belangrikheid (vgl. vraelys 16).

| Rede | Volgorde van belangrikheid % | | |
|---|---|---|---|
| | 1e | 2e | 3e |
| 1. Omdat hy gewoond is om te gaan | 2,1 | 0,7 | 2,3 |
| 2. Omdat alle ordentlike mense gaan | 1,0 | 0,8 | 1,0 |
| 3. Omdat hy sy ouers nie wil teleurstel nie | 0,8 | 1,4 | 1,9 |
| 4. Omdat sy vriende hom vra | 0,0 | 0,6 | 0,2 |
| 5. Omdat sy aster hom vra | 0,4 | 0,5 | 0,2 |
| 6. Omdat sy KJV maats gaan | 0,1 | 0,3 | 0,1 |
| 7. Omdat die predikant mooi preek | 0,8 | 0,4 | 0,4 |
| 8. Omdat hy van die predikant hou | 0,2 | 0,3 | 0,0 |
| 9. Omdat die predikant gesê het hy moet gaan | 0,2 | 0,3 | 0,1 |
| 10. Omdat hy eensaam is | 0,6 | 0,2 | 0,7 |
| 11. Omdat dit aangenaam is om in 'n groep te wees | 0,1 | 0,2 | 0,4 |
| 12. Omdat hy vriende en bekendes daar raakloop | 0,2 | 0,2 | 0,6 |
| 13. Omdat dit gesellig is | 0,1 | 0,2 | 0,2 |
| 14. Om 'n aantreklike aster wat ook gaan raak te loop | 0,6 | 0,4 | 1,1 |
| 15. Omdat dit lekker is om daar saam met Christengelowiges te wees | 2,7 | 1,5 | 5,2 |
| 16. Om te aanbid | 18,4 | 17,8 | 11,0 |
| 17. Omdat hy 'n behoefte in die hart het | 19,7 | 15,2 | 11,5 |
| 18. Om iets te leer | 2,9 | 5,9 | 7,2 |
| 19. Om gered te word | 13,0 | 12,6 | 9,6 |
| 20. Om iets vir my siel te ontvang | 6,6 | 15,3 | 12,5 |
| 21. Om God daar te ontmoet | 23,8 | 14,7 | 13,4 |
| 22. Gehoorsaamheid aan die Here | 2,8 | 6,7 | 11,1 |
| 23. Omdat hy lus het | 1,0 | 1,2 | 4,2 |
| 24. Omdat sy gewete hom pla | 1,3 | 1,3 | 2,4 |
| 25. Omdat hy bang is hy gaan hel toe | 0,3 | 0,6 | 1,6 |
| 26. Vrees vir God se straf op aarde | 0,1 | 0,3 | 1,0 |

TABEL VIII

Die drie belangrikste redes waarom dienspligtiges kerktoe gaan in volgorde van belangrikheid gegroepeer in kategorieë (vgl. vraelys 16).

| Groeperings | % volgorde van belangrikheid | | |
|---|---|---|---|
| | 1e | 2e | 3e |
| Gewoonte en tradisie | 3,1 | 1,5 | 3,3 |
| Beïnvloeding deur mense | 1,3 | 2,9 | 2,4 |
| Beïnvloeding deur predikant | 1,2 | 1,0 | 0,5 |
| Kuddedrang | 1,6 | 1,2 | 3,1 |
| Gemeenskap van die heiliges | 2,7 | 1,5 | 5,2 |
| Aanbidding | 88,3 | 89,5 | 80,4 |
| Vreesmotief | 1,7 | 2,3 | 5,0 |

TABEL IX

Korrelasie tussen dienspligtiges wat redes waarom hulle kerktoe gaan in die ,Aanbidding' groep verstrek en hulle kerkbywoning (vgl. vraelys 9 en 15).

| | |
|---|---|
| 2 keer per Sondag | 19,6% |
| 1 keer per Sondag | 59,9% |
| Ten minste 1 keer per maand | 19,5% |
| Ten minste 1 keer per jaar | 0,3% |
| Nooit | 0,7% |

TABEL X

Korrelasie tussen geloofsekerheid en redes waarom daar gewoonlik kerktoe gegaan word gegroepeer soos in tabel VIII (vgl. vraelys 25 en 15).

| Groeperings | Geloofsekerheid % | |
|---|---|---|
| | Ja | Nee |
| Gewoonte en tradisie | 53,3 | 46,7 |
| Beïnvloeding deur mense | 45,3 | 54,7 |
| Beïnvloeding deur predikant | 57,5 | 42,5 |
| Kuddedrang | 48,0 | 52,0 |
| Gemeenskap van die heiliges | 67,1 | 32,9 |
| Aanbidding | 60,8 | 39,2 |
| Vreesmotief | 46,1 | 53,9 |

4.2.6 Kontak met die Here in die kerk: „Want waar twee of drie in my Naam vergader, daar is Ek in hul midde" (Mattheus 18:20)

4.2.6.1 Ontleding

Tabel XI toon aan dat 93,2% van die jongmense die mening toegedaan is dat dit moontlik is om die Here in die kerk te ontmoet en 83,2% beweer dat hulle al bewus geword het van sodanige teenwoordigheid van die Here in die kerk. Tabel XII toon die verband tussen kerkbywoning van dienspligtiges en die bewuswording van dieselfde groepe dat die Here op die een of ander manier in die kerk teenwoordig was. Van diegene wat bewus was van die Here se teenwoordigheid vind ons die grootste persentasie by hulle wat 2 keer per Sondag kerktoe gaan t.w. 89,6%. Die persentasie daal dan namate die dienspligtige minder kerktoe gaan.

4.2.6.2 Gevolgtrekking

(a) Ook weer hier kom die konserwatiewe godsdiensin van die jeug na vore asook die hoë verwagting wat hy nog van sy kerk koester. Nog meer, hierdie verwagting was in 83,2% van die gevalle al bevredig. Voorheen is reeds daarop gewys dat 62,9% kerktoe kom om God daar te ontmoet (vgl. tabel VI) en dat dit die rede is wat die hoogste persentasie behaal het as die belangrikste rede waarom hy kerktoe kom (vgl. tabel VII).
In die beantwoording van die vrae was hy hier dus konsekwent en weereens kan gesê word dat kerkgang vir 'n groot groep nog funksioneel is.

(b) Vir die gereelde kerkganger, die persoon wat 2 keer per Sondag kom is kerkgang meer funksioneel as vir sy makker wat minder gereeld kom. Miskien juis daarom dat hy meer gereeld kom.

TABEL XI

Kontak maak met die Here in die kerk (vraelys 20 en 21)

| Antwoord | Diegene wat sê dat dit moontlik is om die Here in die kerk te ontmoet | Diegene wat al daarvan bewus geword het dat die Here teenwoordig is in die kerk |
|---|---|---|
| Ja | 93,2% | 83,2% |
| Nee | 6,8% | 16,8% |

TABEL XII

Korrelasie tussen kerkbywoning en diegene wat al bewus daarvan geword het dat die Here op die een of ander manier teenwoordig was in die kerk (vraelys 9 en 21)

| Kerkbywoning | Die Here was teenwoordig | |
|---|---|---|
| | % Ja | % Nee |
| 2 keer per Sondag | 89,6 | 10,4 |
| 1 keer per Sondag | 83,2 | 16,8 |
| Ten minste 1 keer per maand | 78,3 | 21,7 |
| Ten minste 1 keer per jaar | 75,0 | 25,0 |

4.2.7 Die assosiasie van die woord ‚kerk' met sekere begrippe (vgl vraelys 14)

4.2.7.1 Ontleding

Tabel XIII poog om die woord ‚kerk' te assosieer met die begrippe gebou, God, byeenkoms, predikant en aanbidding.

50,6% assosieer dit met God. Op sigself sou dit geen betekenis inhou nie maar gesien in die lig van vorige bevindinge wat toon dat die dienspligtige kerktoe kom om God daar te ontmoet en Hom wel ontmoet (vgl. tabelle VI, VII, XI en XII), kry hierdie poging tot assosiasie groter betekenis.

37,2% assosieer ‚kerk' met aanbidding terwyl daar reeds voorheen getoon is dat 62,4% aanbidding as rede aangee waarom hulle kerktoe gaan (vgl. tabel VI).

4.2.7.2 Gevolgtrekking

Hierdie tabel is slegs 'n kontrole middel om te help bevestig dat kerkgang vir 'n groot getal van ons dienspligtiges funksioneel is en dat hulle wel gaan om te aanbid.

TABEL XIII
Assosiasie van die woord ‚kerk' met sekere begrippe (vgl. vraelys 14)

| Begrip | % assosiasie |
|---|---|
| 'n Gebou | 3,2 |
| God | 50,6 |
| 'n Byeenkoms | 8,3 |
| Die predikant | 0,9 |
| Aanbidding | 37,2 |

### 4.2.8 Redes wat verhinder dat dienspligtiges 2 keer per Sondag kerktoe gaan

#### 4.2.8.1 Ontleding van afsonderlike redes

Tabel XIV toon die redes wat verhinder dat dienspligtiges 2 keer per Sondag kerktoe gaan. 788 uit 'n totaal van 1075 dienspligtiges verstrek hier een of meer redes d.w.s. 73,3% van die totaal. Die belangrikste redes is die volgende:

Dienplig verhinder 'n aansienlike getal in 'n mindere of meerdere mate t.w. 40,5% van hierdie groep (29,6% van alle dienspligtiges) [1].

Ontspanningsbedrywighede staan verbasend genoeg redelik laag op die lys t.w. 9,4% van hierdie groep.

Vir nog 14,3% is die kerk te styf en formeel.

Vir 14,2% preek die predikant vervelig, vir 8,9% is hy onverstaanbaar en vir 19,8% boei hy nie.

18,1% het nie lus om kerktoe te kom nie.

26,8% dink nie dis nodig nie (19,6% van alle dienspligtiges). Hier is ook weer 'n onkonsekwentheid: Tabel III meld slegs 0,9% wat meen dat mens nie kerktoe hoef te kom nie terwyl tabel V slegs 0,3% toon wat dink dat daar nie kerkdienste op 'n Sondag behoort te wees nie. Miskien is dit weer die bewys van die konserwatiewe gedragsnorme wat hy daarstel maar wat hy nie altyd self navolg nie.

#### 4.2.8.2 Ontleding van redes in kategorieë

Die belangrikste kategorieë waarop ag geslaan moet word is die volgende:

(a) Die kerk is uit pas: 21,9% van die redes val binne hierdie groep terwyl 13% van alle

---

1) Tensy anders gestel is alle persentasies in hierdie en die volgende afdeling gebaseer op 788 in hierdie geval dus 40,5% van 788 maar 29,6% van 1075 of alle dienspligtiges.

dienspligtiges van mening is dat die kerk uit pas is.

(b) Fout met die predikant: 52,3% van die redes wat gegee word waarom dienspligtiges nie kerktoe gaan nie val onder hierdie kategorie terwyl 23,2% van die totale aantal dienspligtiges redes hier verstrek het.

(c) Onverskilligheid: 49,5% van die redes is te wyte aan een of ander vorm van onverskilligheid en dit verteenwoordig 31,7% van die dienspligtiges.

(d) Ongeloof: Die persentasie vir ongeloof is verbasend klein. Slegs 0,7% glo nie meer nie.

4.2.8.3 Vergelyking tussen kerkbywoning en die redes wat verhinder dat 'n persoon twee keer per Sondag kerktoe gaan (vgl. tabel XV)

(a) Dit is interessant dat persone wat volgens die eerste kolom 2 keer per Sondag kerktoe gaan ook redes aangee waarom hulle nie twee keer per Sondag gaan nie. Hulle vorm in werklikheid 19,3% van die totaal wat lyste voltooi het. Dit kan moontlik aan die feit toegeskrywe word dat hulle in die reël 2 keer per Sondag gaan maar dat daar ook tye is dat hulle vir redes genoem soos diensplig pligte nie kan gaan nie. Dit kan dalk ook die konserwatiewe neiging wat voorheen genoem is (vgl. tabelle III en V) wees wat hier na vore tree nl. dat 'n aantal wat minder as 2 keer per Sondag kerktoe gaan hulle mening uitspreek en hulleself voor hulle gewete in 'n beter lig probeer stel.

(b) Soos verwag kan word is daar gevind dat namate kerkbywoning verswak daar al meer fout gevind word met die kerk en die predikant. 'n Groot aantal is egter tog eerlik genoeg om te erken dat hulle onverskillig is. Terwille weer waarskynlik van die gewete word aan diensplig ook al meer die skuld vir swak bywoning gegee namate dit progressief swakker word.

(c) Die onderste horisontale kolom pas nie mooi by die patroon in nie, miskien omdat diegene wat hier verteenwoordig word 'n baie klein deel van die geheel uitmaak, en moontlik ook omdat hulle hulself glad nie meer deel van die kerklike groep voel nie en derhalwe min in die vraelys belang stel.

4.2.8.4 <u>Vergelyking van diegene wat sê dat hulle slegs kerktoe gaan met verpligte kerkparades met die redes waarom hulle nie kerktoe gaan nie (vgl. tabel XVI)</u>

(a) Die % wat elke keer in hierdie tabel aangegee word is die % van die getal dienspligtiges wat beweer dat hulle slegs met verpligte kerkparades kerktoe gaan d.w.s. 17,3% van alle dienspligtiges in die Weermag. Weereens is die totale % hier meer as 100 omdat elkeen soveel redes kon gee as wat hy wou.

(b) Die 27,6% wat diensplig as 'n rede noem sal waarskynlik 'n klein groepie insluit vir wie dit werklik slegs moontlik is om by hierdie geleenthede te gaan vanweë hulle omstandighede in die Weermag.

(c) Baie insiggewend is dit dat 31,9% die kerk as uit pas sien en dat 39,5% fout met die predikant soek. In werklikheid raak 'n hele 48,1% die kruks van die saak naamlik hulle eie onverskilligheid.

(d) Ook hier is dit 'n skamele 2,2% wat glad nie meer glo nie.

4.2.8.5 <u>Vergelyking tussen die bywoning van verpligte kerkparades en kerkbywoning (vgl. tabel XVII)</u>

17,3% van alle dienspligtiges meld dat hulle slegs kerktoe gaan met verpligte kerkparades. Tabel XVII toon aan hoe dikwels hulle in werklikheid gaan. Blykbaar slaag die Weermag daarin om hierdie manne wat andersinds meestal nie kerktoe gaan nie in die kerk te kry. Ongeveer die helfde van hulle gaan ten minste 1 keer per Sondag en nog 'n derde ten minste 1 keer per maand en slegs 6% baie min of nooit. Die 7% wat

2 keer per Sondag gaan kan moontlik toegeskryf word aan kleinere eenhede in die Weermag waar of die kapelaan of die bevelvoerder sorg dra dat almal alle dienste bywoon.

4.2.8.6 Gevolgtrekking

(a) Vir sommige jongmense is kerkbesoek besig om disfunksioneel te word. Welliswaar is die redes waarom hulle nie kerktoe gaan nie die menings van die jongmense self en gaan dit ook nie altyd op nie, maar wanneer 13,0% van alle dienspligtiges beweer dat die kerk uit pas is en soveel soos 23,2% fout met die predikant te vind het, het dit tog tyd geword dat die kerk en die predikant 'n mate van selfondersoek moet instel om vas te stel of daar nie dalk gronde vir sodanige bewerings is nie en ook hoe die situasie hanteer kan word.

(b) Dit blyk dan ook dat kerkbesoek progressief al hoe meer disfunksioneel word namate gereelde kerkbesoek afneem.

(c) Vir diegene wat slegs kerktoe gaan met verpligte kerkparades omdat hulle verplig word is kerkbesoek eintlik nonfunksioneel, altans so beweer hulle. Dit moet dan die taak van die kerk wees waar diesulkes nog immers onder die geklank van die Woord kom om alle moontlike middele aan te wend om kerkgang vir hulle weer funksioneel te maak.

(d) Dit is besonder vertroostend dat slegs 'n baie klein persentasie van die dienspligtiges meld dat hulle glad nie meer in God of sy Woord glo nie. Die res verstaan nog die taal van die Skrif al kom sommige van hulle nie meer so gereeld kerktoe nie en kan nog relatief maklik deur die kerk bereik word.

TABEL XIV

Redes wat verhinder dat dienspligtiges 2 keer per Sondag kerktoe gaan (vgl. vraelys 13).

| Redes | % redes verstrek | Groepering van redes | % vir groepe | % van alle dienspligtiges |
|---|---|---|---|---|
| 1. My dienplig pligte verhinder my | 40,5 | Diensplig verhinder | 40,5 | 29,6 |
| 2. My ontspanningsbedrywighede verhinder my | 9,4 | Ontspanning | 9,4 | 6,9 |
| 3. Die kerk is te styf en formeel | 14,3 | | | |
| 4. Die kerkmense is te onvriendelik | 6,3 | Kerk uit pas | 21,9 | 13,0 |
| 5. Die kerk is vir ouer mense | 1,3 | | | |
| 6. Die predikant preek vervelig | 14,2 | | | |
| 7. Die predikant preek onverstaanbaar | 8,9 | | | |
| 8. Die predikant boei my nie | 19,8 | Fout met predikant | 52,3 | 23,2 |
| 9. Die predikant bedoel nie wat hy sê nie | 3,7 | | | |
| 10. Die predikant stel nie in my belang nie | 3,4 | | | |
| 11. Ek hou nie van die predikant nie | 2,3 | | | |
| 12. Ek het nie lus nie | 18,1 | | | |
| 13. Dis nie nodig nie | 26,8 | Onverskilligheid | 49,5 | 31,7 |
| 14. Dis teveel moeite | 4,6 | | | |
| 15. Ek glo nie aan die Bybel nie | 0,6 | Ongeloof | 1,2 | 0,7 |
| 16. Ek glo nie aan God nie | 0,6 | | | |

TABEL XV

Korrelasie tussen kerkbywoning en redes wat verhinder dat daar 2 keer per Sondag kerktoe gegaan word (vgl. vraelys 9 en 13).

| Kerkbywoning | Redes waarom nie kerktoe gegaan word nie (% in kategorie) | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Diensplig verhinder | Ontspanning verhinder | Kerk uit pas | Fout met predikant | Onverskilligheid | Ongeloof |
| 2 keer per Sondag | 9,2 | 3,9 | 8,7 | 17,0 | 17,0 | 1,0 |
| 1 keer per Sondag | 31,5 | 7,0 | 11,3 | 21,7 | 34,1 | 0,0 |
| Ten minste 1 keer per maand | 43,2 | 8,9 | 21,6 | 32,9 | 38,0 | 1,9 |
| Ten minste 1 keer per jaar | 50,0 | 33,3 | 33,3 | 66,7 | 66,7 | 0,0 |
| Nooit | 27,3 | 0,0 | 27,3 | 18,2 | 45,5 | 9,1 |

TABEL XVI

<u>Korrelasie van verpligte kerkparades met redes waarom daar nie kerktoe gegaan word nie (vgl vraelys 10 en 13).</u>

Dienspligtiges wat beweer dat hulle slegs met verpligte kerkparades kerktoe gaan geè in onderstaande tabel die redes aan waarom hulle nie andersinds gaan nie - die % van dienspligtiges word aangegee.

| Diensplig verhinder | Ontspanning verhinder | Die kerk uit pas | Fout met predikant | Onverskilligheid | Ongeloof |
|---|---|---|---|---|---|
| 27,6 | 14,1 | 31,9 | 39,5 | 48,1 | 2,2 |

TABEL XVII

<u>Korrelasie tussen die bywoning van verpligte kerkparades en kerkbywoning gewoontes (vgl. vraelys 10 en 9).</u>

Diegene wat meld dat hulle slegs met verpligte kerkparades kerktoe gaan se kerkbywoning is soos volg:

| % 2 keer per Sondag | % 1 keer per Sondag | % Ten minste 1 keer p.mnd | % Ten minste 1 keer p. jr | Nooit |
|---|---|---|---|---|
| 7,0 | 52,4 | 34,6 | 2,2 | 3,8 |

4.2.9 Die funksionaliteit van die kerkdiens

4.2.9.1 Die lengte van die preek volgens die mening van die dienspligtige (vgl. tabel XVIII)

Hoe voel die dienspligtige oor die predikante wat vir hom preek en na wie hy moet luister. Preek hulle te lank of is die lengte van die preek wat hom betref reg? Tabel XVIII toon dat 25.8% van die dienspligtiges die mening toegedaan is dat die predikant te lank preek. Uiteraard gaan min mense kla oor 'n predikant wat te kort preek - 3,5%! 'n Verrassende hoë persentasie t.w. 70,7% is van mening dat die lengte van die preek net reg is.

4.2.9.2 'n Vergelyking tussen die lengte van die preek en die kerkbywoning van die dienspligtige (vgl.tab.XIX)

Tabel XIX toon aan dat hoe meer gereeld die kerkbywoning is hoe meer tevrede is die dienspligtige met die lengte van die preek van die predikant. In die groep wat 2 keer per Sondag kerktoe gaan is 78,7% van mening dat die lengte reg is terwyl dit daal tot 58,3% by diegene wat slegs ten minste een keer per maand gaan. Die syfers in die onderste twee horisontale kolomme is nie betroubaar nie aangesien daar te min dienspligtiges in hierdie groepe is om werklik verteenwoordigend te wees.

4.2.9.3 'n Korrelasie van diegene wat fout vind met die predikant en dit as rede aangee waarom hy nie kerktoe gaan nie met die lengte van die preek van die predikant (vgl. tabel XX)

Van diegene wat meen dat die predikant te lank preek het byna die helfde (44,8%) fout te vind met die predikant (vgl. ook tabel XIV:6-11) en gee dit as rede aan waarom hulle nie meer gereeld kerktoe gaan nie. Dit wil voorkom asof dit nie soseer vir hulle gaan oor die lengte van die preek nie maar

eerder oor 'n gevoel, ten regte of ten onregte, teen die predikant in die algemeen wat kerkgang vir hulle disfunksioneel maak.

4.2.9.4 'n Korrelasie tussen persone wat sê dat daar 'n sekere aantal dienste op 'n Sondag behoort te wees en die lengte van die preek van die predikant (vgl. tabel XXI)

Tabel 21 toon dat diegene wat meen dat daar 2 dienste per Sondag moet wees tot 'n groot mate tevrede is met die lengte van die preek t.w. 73,0%. Daar moet egter ook gelet word op die 19,4% uit hierdie groep wat meen dat die preek te lank is. Van diegene wat meen dat slegs 1 diens per Sondag nodig is sê 44,1% dat die preek te lank is. Die vraag is of hulle slegs 1 diens per Sondag wil bywoon omdat hulle nie veel aanklank by die predikant vind nie, en of dit nou maar net die lengte van die preek is wat moet dien as verskoning vir hulle swakkere kerkbesoek?

4.2.9.5 Hoe hou die dienspligtiges van die sing van Psalms en Gesange (vgl. tabel XXII)?

Uit die ondersoek blyk dat 42,2% geen besware het teen die sing van Psalms en Gesange nie. Daarenteen meen 53,2% dat slegs sommige van die Psalms en Gesange lekker sing. 'n Korrelasie tussen kerkbywoning en 'n mening oor die sing van Psalms en Gesange (vgl. tabel XXIII) toon dat lg. min invloed op kerkbesoek uitoefen en dat die mening oor die lekker sing van Psalms en Gesange bloot 'n eerlike deursnit mening is.

4.2.9.6 Die dwaal van gedagtes tydens kerkdienste (vgl.tab.XXIV)

Dit blyk dat 54% van die dienspligtiges se gedagtes selde of nooit tydens kerkdienste dwaal nie. Die 43,0% wie se gedagtes dikwels dwaal sou seker as 'n normale verskynsel toegeskryf kan word aangesien

die konsentrasievermoë van persoon tot persoon verskil. Maar nou is dit tog interessant dat hoe meer gereeld die persoon kerktoe gaan hoe minder dwaal sy gedagtes (vgl. tabel XXV), en dat waar die predikant nie te lank volgens sy mening preek nie die gedagtes ook minder dwaal (vgl. tabel XXVI).

4.2.9.7 Die geniet van kerkdienste (vgl. tabelle XXVII, XXVIII en XXIX)

Verblydend is die feit dat 39,7% van die jongmense altyd die kerkdienste geniet terwyl 57,1% dit soms geniet en slegs 'n baie klein persentasie t.w. 3,2% dit selde of nooit geniet nie en dit dus vir hulle disfunksioneel is. Die afleiding kan dan gemaak word dat ook 'n hele aantal van die 17,3% wat slegs met verpligte parades kerktoe kom (vgl. tabel XVII) die diens geniet d.w.s. 'n verskuiwing van nonfunksionele na funksionele kerkbesoek.

Die volgende tabel XXVIII toon die neiging dat hoe meer gereeld 'n persoon kerktoe gaan hoe meer geniet hy die diens.

'n Korrelasie van die geniet van die diens met die lengte van die preek van die predikant (vgl. tabel XXIX) toon dat hoe meer die diens geniet word hoe groter is die mening dat die lengte van die preek reg is.

4.2.9.8 Poging om die mate van verveeldheid by 'n dienspligtige tydens 'n erediens te probeer bepaal deur die getal kere wat hy na sy horlosie kyk (vgl. tabelle XXX, XXXI en XXXII).

Dit is 'n natuurlike neiging by die meeste mense om na die horlosie te kyk tydens die verloop van eredienste veral as die diens lank is en die preek nie baie boeiend nie. By die jeug is daar egter nie 'n oormaat van verveeldheid nie aangesien 91,6% van hulle

in die kategorie dat hy soms, selde of nooit na sy horlosie kyk val (vgl. tabel XXX).

Daar bestaan egter die tendens dat namate 'n persoon meer gereeld kerktoe gaan hy minder op sy horlosie kyk en dat hy blykbaar minder verveel word by sulke geleenthede (vgl. tabel XXXI).

Ook die lengte van die preek en die kyk op die horlosie tydens die diens hou verband - hoe langer die preek hoe meer word daar op die horlosie gekyk (vgl. tabel XXXII).

4.2.9.9 Gevolgtrekking

(a) Ook hier blyk dit dat kerkgang nog funksioneel vir 'n groot aantal van ons dienspligtiges en dus ook ons jongmense is.

(b) Die preek van die predikant speel ook 'n belangrike rol in die mate van funksionaliteit wat kerkgang vir die dienspligtige het, veral die lengte van sy preek, wat eintlik nou saamhang met sy vermoë om die hoorder te boei en te pak. Hoe meer die predikant daarin slaag om die aandag van die dienspligtige te trek en te behou hoe meer funksioneel is die diens vir hom. Lang en oninteressante preke wat nie die vermoë het om te boei nie bewerkstellig disfunksionaliteit by kerkgang.

(c) Die gereelde kerkganger is ook as goeie Christen (wat hy in alle waarskynlikheid is) beter georiënteerd t.o.v. kerkgang en gewoond daaraan om na 'n preek te luister, en daarom geniet hy waarskynlik die diens meer, is die lengte van die preek vir hom relatief korter omdat die tyd gouer vir hom verby gaan, dwaal sy gedagtes minder, kyk hy ook minder na sy horlosie en is hy minder verveeld tydens 'n kerkdiens.

(d) 'n Te groot aantal dienspligtiges geniet slegs die diens soms t.w. 57,1% (vgl. tabel XXVII),

d.w.s. kerkgang is ook soms disfunksioneel vir diesulkes. Die Kerk en sy ampte veral die predikante sal beslis aandag daaraan moet skenk om die persentasie by die ,soms' te probeer verminder. Die lengte van die preek van die predikant, en dus ook sy vermoë om te boei, hou beslis verband met die geniet van die diens.

(e) Die sing van Psalms en Gesange is 'n belangrike middel om die kerkdiens aantreklik en meer funksioneel te maak. Meer as helfde van die dienspligtiges meen dat slegs sommige van ons Psalms en Gesange lekker sing. Die opstellers van die nuwe Psalm- en Gesangbundel behoort sorg te dra dat veral die nuwe wysies aanneemlik is vir die jong geslag en dat die ou wysies wat ,lekker sing' behoue bly.

(f) Dit is moeilik om passief teenoor die kerk te staan al word 'n persoon verplig om te gaan soos die dienspligtige by verpligte kerkparades. Van die 17,3% uit die dienspligtiges wat slegs met verpligte parades kom geniet 'n hele aantal blykbaar soms die diens (vgl. tabel XXVII). Waar aanvanklik van die standpunt uitgegaan is dat hierdie vorm van kerkbesoek nonfunksioneel is moet daar nou aanvaar word dat daar ook latente redes is wat dit meer funksioneel vir die betrokkenes maak.

TABEL XVIII

Die lengte van die preek van die predikant volgens die mening van die dienspligtige (vgl. vraelys 17.1)

| | |
|---|---|
| Die predikant preek: | |
| % wat sê te lank | 25,8 |
| % wat sê te kort | 3,5 |
| % wat sê net reg | 70,7 |

TABEL XIX

Korrelasie tussen kerkbywoning en die preek van die predikant (vgl. vraelys 9 en 17.1).

| Kerkbywoning | Die predikant preek: te lank % | te kort % | net reg % |
|---|---|---|---|
| 2 keer per Sondag | 16,8 | 4,6 | 78,7 |
| 1 keer per Sondag | 23,8 | 3,6 | 72,6 |
| Ten minste 1 keer p.mnd | 39,7 | 2,0 | 58,3 |
| Ten minste 1 keer p. jr | 60,0 | 0,0 | 40,0 |
| Nooit | 44,4 | 11,1 | 44,4 |

TABEL XX

Korrelasie van diegene wat fout vind met die predikant (vgl. vraelys 13.6 tot 13.11) en dit as rede aangee waarom hy nie kerktoe gaan nie, met die preek van die predikant (vgl. vraelys 17.1).

| Diegene wat sê die predikant preek: | % wat een of ander fout met die predikant aangee as rede waarom hulle nie kerktoe gaan nie: |
|---|---|
| te lank | 44,8 |
| te kort | 16,7 |
| net reg | 15,4 |

TABEL XXI

Korrelasie tussen persone wat sê daar behoort 'n sekere getal dienste op 'n Sondag te wees en die lengte van die preek van die predikant (vgl. vraelys 17.1 en 17.4).

| Persone wat sê daar behoort te wees: | Die predikant preek: | | |
|---|---|---|---|
| | % te lank | % te kort | % reg |
| 2 dienste per Sondag | 19,4 | 4,3 | 73,0 |
| 1 diens per Sondag | 44,1 | 0,5 | 52,7 |

TABEL XXII

Tot watter mate hou die dienspligtige van die sing van Psalms en Gesange (vgl. vraelys 17.2).

| | |
|---|---|
| % wat meen dat hulle lekker sing | 42,2 |
| % wat meen dat slegs sommige lekker sing | 53,2 |
| % wat meen dat hulle nie lekker sing nie | 4,5 |

TABEL XXIII

Korrelasie tussen kerkbywoning en hoe lekker al dan nie Psalms en Gesange sing (vgl. vraelys 9 en 17.2).

| Kerkbywoning | Psalms en Gesange sing: | | |
|---|---|---|---|
| | % lekker | % sommige sing lekker | % sing nie lekker nie |
| 2 keer per Sondag | 43,1 | 54,5 | 2,5 |
| 1 keer per Sondag | 46,0 | 50,7 | 3,2 |
| Ten minste 1 keer p.mnd | 30,0 | 61,0 | 8,9 |
| Ten minste 1 keer p.jr | 60,0 | 20,0 | 20,0 |
| Nooit | 30,0 | 40,0 | 30,0 |

TABEL XXIV

Tot welke mate dwaal die gedagtes van dienspligtiges tydens die erediens (vgl. vraelys 17.3).

| % wie se gedagtes dwaal: | |
|---|---|
| selde | 50,4 |
| dikwels | 43,0 |
| altyd | 3,0 |
| nooit | 3,6 |

TABEL XXV

Korrelasie tussen kerkbywoning en die dwaal van gedagtes tydens kerkdienste (vgl. vraelys 9 en 17.3).

| Kerkbywoning | Sy gedagtes dwaal: | | | |
|---|---|---|---|---|
| | % selde | % dikwels | % altyd | % nooit |
| 2 keer per Sondag | 60,2 | 34,0 | 1,0 | 4,9 |
| 1 keer per Sondag | 52,7 | 41,4 | 2,1 | 3,8 |
| Ten minste 1 keer per mnd | 35,2 | 56,7 | 7,1 | 1,0 |
| Ten minste 1 keer per jr | 0,0 | 80,0 | 20,0 | 0,0 |
| Nooit | 33,3 | 44,4 | 11,1 | 11,1 |

TABEL XXVI

Korrelasie tussen die lengte van die predikant se preek met die dienspligtiges se gedagtes wat tydens die kerkdiens dwaal (vgl vraelys 17.1 en 17.3).

| Die predikant preek: | % gedagtes wat dwaal | | | |
|---|---|---|---|---|
| | selde | dikwels | altyd | nooit |
| te lank | 29,6 | 60,7 | 8,6 | 1,1 |
| net reg | 57,8 | 37,3 | 0,8 | 4,1 |

TABEL XXVII

Die persentasie dienspligtiges wat die kerkdiens geniet al dan nie (vgl. vraelys 17.5)

39,7% geniet dit altyd

57,1% geniet dit soms

2,7% geniet dit selde

0,5% geniet dit nooit

TABEL XXVIII

Korrelasie tussen kerkbywoning en in hoeverre die dienspligtige die diens geniet (vgl. vraelys 9 en 17.5)

| Kerkbywoning | Hy geniet die diens | | | |
|---|---|---|---|---|
| | % altyd | % soms | % selde | % nooit |
| 2 keer per Sondag | 49,8 | 47,8 | 2,5 | 0,0 |
| 1 keer per Sondag | 40,5 | 57,9 | 1,6 | 0,0 |
| Ten minste 1 keer p. mnd | 29,2 | 63,7 | 5,7 | 1,4 |
| Ten minste 1 keer p. jr | 20,0 | 60,0 | 0,0 | 20,0 |
| Nooit | 20,0 | 50,0 | 20,0 | 10,0 |

TABEL XXIX

Korrelasie van die geniet van die diens met die lengte van die predikant se preek (vgl. vraelys 17.5 en 17.1)

| Diegene wat die diens geniet: | Die predikant preek: | | |
|---|---|---|---|
| | % te lank | % te kort | % net reg |
| altyd | 9,0 | 5,2 | 83,2 |
| soms | 33,6 | 2,3 | 61,4 |
| selde | 72,4 | 0,0 | 17,2 |
| nooit | 100,0 | 0,0 | 0,0 |

TABEL XXX

Poging om die mate van verveeldheid by 'n dienspligtige tydens 'n erediens te probeer peil deur die getal kere wat hy na sy horlosie kyk (vgl. vraelys 17.6).

Diegene wat na hulle horlosies kyk:

| | |
|---|---|
| dikwels | 8,4% |
| soms | 31,2% |
| selde | 41,5% |
| nooit | 18,9% |

TABEL XXXI

Korrelasie tussen kerkbywoning en hoe dikwels die dienspligtige tydens 'n kerkdiens na sy horlosie kyk (vgl. vraelys 9 en 17.6).

| Kerkbywoning | Hy kyk na sy horlosie | | | |
|---|---|---|---|---|
| | % dikwels | % soms | % selde | % nooit |
| 2 keer per Sondag | 8,4 | 23,3 | 45,5 | 22,8 |
| 1 keer per Sondag | 6,3 | 32,2 | 43,4 | 18,1 |
| Ten minste 1 keer per maand | 12,2 | 36,6 | 34,3 | 16,9 |
| Ten minste 1 keer per jaar | 40,0 | 20,0 | 40,0 | 0,0 |
| Mooit | 40,0 | 20,0 | 20,0 | 20,0 |

TABEL XXXII

Korrelasie tussen die hoeveelheid keer dat die dienspligtige na sy horlosie kyk en die lengte van die predikant se preek (vgl. vraelys 17.6 met 17.1).

| Diegene wat tydens 'n diens na hul horlosie kyk: | Die predikant preek: | | |
|---|---|---|---|
| | % te lank | % te kort | % net reg |
| dikwels | 57,3 | 0,0 | 40,4 |
| soms | 30,5 | 1,5 | 66,2 |
| selde | 19,5 | 4,1 | 72,6 |
| nooit | 14,9 | 6,5 | 74,6 |

#### 4.2.10 Die aantreklikheid van die kerkdiens

##### 4.2.10.1 Die diens wat die dienspligtiges die graagste bywoon (vgl tabel XXXIII)

Die ondersoek toon dat die oggenddiens by verre na die populêrste is onder dienspligtiges en 54,4% woon hierdie diens die graagste by. 30,1% verkies die aanddiens en vir 14,6% is dit om die ewe en woon hulle albei ewe graag by. Slegs 0,9% wil geen diens graag bywoon nie. Hierdie 0,9% strook dan ook met die 0,9% wat meen dat mens nie hoef kerktoe te gaan nie (vgl. tabel III) en die 0,7% wat sê dat dit nie nodig is om kerkdienste op 'n Sondag te hou nie of dat daar hoogstens by besondere geleënthede soos Kersfees of Oujaarsnag dienste gehou kan word (vgl. tabel V).

##### 4.2.10.2 Kan die kerkdiens aantrekliker gemaak word? (vgl. tabel XXXIV)

63,4% van alle dienspligtiges wat die vraelys voltooi het meld dat die kerkdiens wel aantrekliker gemaak kan word terwyl 36,6% meen dat dit goed is soos dit is.

Tabel XXXIV toon 'n korrelasie tussen kerkbywoning en die vraag of die kerkdiens aantrekliker gemaak kan word. Interessant is dit dat ook onder diegene wat gereeld, d.w.s. 2 keer per Sondag en ook 1 keer per Sondag kerktoe gaan daar 59,7% by elke groep respektiewelik is wat meen dat daar wel iets aan die erediens gedoen kan word. Namate die kerkgang meer ongereeld word styg die persentasie. Die laaste twee horisontale kolomme is minder belangrik omdat daar te min individuele gevalle onder hierdie kategorieë val.

##### 4.2.10.3 Wyses waarop die kerkdiens aantrekliker gemaak kan word (vgl. tabelle XXXV en XXXVI)

Tabel XXXV toon dat 22,5% van alle dienspligtiges verlang na 'n minder formele atmosfere tydens kerk-

dienste met kommunikasie wat na beide kante toe vloei, 41,4% wil meer welkom voel en dat hulle deel vorm van die kerklike gemeenskap en die 38,0% wat meen dat 'n gesellige koppie tee of koffie na die diens 'n bydrae kan lewer weerspieël maar weer tot 'n mate die gevoel dat hy opgeneem wil word in die kerklike gemeenskap en dat hy verlang dat daar in hom belang gestel moet word. Die gedagte dat popgroepe gebruik moet word om dienste op te helder is teen alle verwagtinge in nie populêr nie.

Hierdie afdeling van die vraelys is dan ook die enigste waar daar aan die dienspligtige gevra is om iets meer as 'n kruisie te maak. Benewens die 4 wenke wat daar aan hom gesuggereer is is daar ook aan hom gevra om, as hy nog 'n wenk het om die kerkdiens aantrekliker te maak, dat hy dit hier kortliks moet noem.

17,6% (189 persone) van die dienspligtiges gee dan ook bykomende wenke wat hoofsaaklik in 4 kategorieë verdeel word in tabel XXXVI:

(a) Eers word algemene redes genoem wat nie soseer op die kerkdiens as die kerk betrekking het nie en is eintlik nie wenke in die werklike sin van die woord nie.

(b) 'n Hele paar stemme gaan op ten gunste van opgewekter sang in die algemeen en die moontlikheid van sang voor of na die diens.

(c) 'n Minder stywe of formele kerkdiens met besprekings tydens die diens of net daarna word voorgestel. Hierdie is maar min of meer 'n herhaling of beklemtoning van wenke wat reeds deur die vraelys daargestel is.

(d) Die grootste enkele groep t.w. 76 persone se wenke gaan oor die preek van die predikant. Hy moet boeiend, duidelik en verstaanbaar praat en nie

preek nie en hy moet toon dat hy die behoeftes van die jeug verstaan.

Op die oog af mag die 17,6% wat hier op eie inisiatief wenke noem as gering voorkom. Daar moet egter onthou word dat waar hy slegs voorheen kruisies getrek het daar hier van hom gevra word om selfstandig en opbouend te dink. Dit neem weer tyd en die neiging sou daar wees om, waar sy makkers die vraelys voltooi en uitgeloop het uit die vertrek waar hulle byeen was vir die invul van die vraelys, hulle voorbeeld te volg en te volstaan by die gesuggereerde wenke. Diegene wat addisionele wenke genoem het voel waarskynlik baie sterker oor sake as hulle makkers.

Dit is interessant en seker ook te wagte dat die oorgrote meerderheid wenke van diegene kom wat reeds Std.10 geslaag het: uit die 76 persone wat wenke aan die persoon van die predikant rig het slegs 5 nie Std.10 geslaag nie.

### 4.2.10.4 Gevolgtrekking

(a) Feitlik alle jongmense, veral die wat nog onlangs die skool verlaat het, wil nog graag kerktoe kom al sou die werklikheid bewys dat sommige minder gereeld kom. 'n Uiters geringe getal distansieër hulle openlik en doelbewus van die kerk.

(b) 'n Besonder hoë persentasie van diensplig-tiges t.w. 63,4% voel dat die kerkdiens aantrekliker aangebied kan word al sou hulle soms vaag wees met hulle wenke en nie die vinger akkuraat op hulle probleem kan plaas nie. Die feit dat daar by die jeug die gevoel is dat alles nie so by die kerkdiens geskied soos hy dit graag sou wou hê nie, al sou dit sy eie mening wees en in baie opsigte miskien nie werklik gegrond nie, maak tog sy kerkgang vir hom minder funksioneel en moontlik ook disfunksioneel.

Die kerk sal beslis dwaas wees om hom doof te hou vir hierdie groot persentasie stemme wat opgaan vir 'n verandering ten goede, veral waar hulle op die oomblik nog die kerk goedgesind is en deel wil wees van die kerklike gemeenskap.

(c) Dit blyk dat die dienspligtige tuis en welkom wil voel in die kerk. Hy wil voel dat daar in hom belang gestel word. Daar moet 'n warme en vriendelike atmosfeer heers en die werklike gemeenskap van die heiliges moet meer en werklik tot sy reg kom.

(d) Nou saam met die vorige paragraaf hang saam die feit dat die jeug verlang dat die kerkdiens minder formeel moet wees. Hierdie drang na informaliteit word ook weerspieël in dit wat hy van die predikant verlang nl. dat hy tydens eredienste gewoonweg moet praat en gesels en nie preek nie, en dat hy ook graag self die geleentheid sou wou benut om te kan saampraat.

(e) Die predikant moet ook toon in sy prediking en gedrag dat hy die jeug ken, sy probleme verstaan, in hom belangstel en in sy hart self nog jongmens is. Die predikant moet nie ,leraar' op 'n kateder wees nie maar 'n goeie ouer vriend wat kosbare raad kan gee. Op hierdie wyse kan hy 'n groot bydrae lewer om kerkgang vir die dienspligtige in die besonder en die jeug in die algemeen meer funksioneel te maak.

TABEL XXXIII

Die diens wat die dienspligtige die graagste bywoon (vgl. vraelys 12).

| | |
|---|---|
| Oggenddiens | 54,4% |
| Aanddiens | 30,1% |
| Albei | 14,6% |
| Geen | 0,9% |

TABEL XXXIV

Korrelasie tussen kerkbywoning en die vraag of die diens aantrekliker gemaak kan word (vgl. vraelys 9 en 19).

| Kerkbywoning | Die kerkdiens kan aantrekliker gemaak word | |
|---|---|---|
| | % Ja | % Nee |
| 2 keer per Sondag | 59,7 | 40,3 |
| 1 keer per Sondag | 59,7 | 40,3 |
| Ten minste 1 keer per mnd | 76,3 | 23,7 |
| Ten minste 1 keer per jr | 60,0 | 40,0 |
| Nooit | 75,0 | 25,0 |

TABEL XXXV

Wyses waarop die kerkdiens aantrekliker gemaak kan word (vgl. vraelys 19).

| Wenke | % dienspligtiges wat wenke gee |
|---|---|
| Die gemeente moet kan saampraat | 22,5 |
| Die predikant en die kerkraad moet die kerkgangers groet en welkom laat voel | 41,4 |
| 'n Gesellig koppie tee of koffie na die diens | 38,0 |
| Optrede van popgroepe om diens op te helder | 8,3 |
| Nog wenke | 17,6 |

TABEL XXXVI

Algemene indeling van wenke om die kerkdiens aantrekliker te maak gegee deur die dienspligtiges self (vg.vraelys 19.5).

| | |
|---|---|
| Algemene redes wat eerder betrekking het op die kerk in die algemeen en nie die kerkdiens nie | 36 persone |
| Persone wat opgewekter sing van Psalms en Gesange en sang in die algemeen aanbeveel en sang voor of na die diens | 27 persone |
| 'n Minder stywe of formele kerkdiens met besprekings tydens of na die diens | 42 persone |
| Minder formele kleredrag na die kerk | 8 persone |
| Oor die predikant: hy moet meer boei, hard praat, praat of gesels en nie preek nie, afdaal na die vlak van die jongmens, verstaanbaar wees, eenvoudige taal gebruik, nie herhaal nie, feite noem, lewendig, kort en kragtig preek, praat oor die jeug se behoeftes ens. | 76 persone |
| T o t a a l | 189 persone |

4.2.11 Die kerklike oriëntering van die dienspligtige in sy ouerhuis

4.2.11.1 Die kerkverband van vader en moeder (vg. Tabel XXXVII)

Dit blyk dat 88,6% van die vaders aan die Ned. Geref. Kerk behoort en nog 5,0% aan die ander Afrikaanse kerke d.w.s. 93,6% in totaal aan die Afrikaanse kerke. Die kerkverband van die moeders is min of meer dieselfde en 88,0% behoort aan die Ned. Geref. Kerk en 5,4% aan die ander Afrikaanse kerke d.w.s. 93,4% aan al die Afrikaanse kerke

4.2.11.2 Kerkbywoning van die ouers vergelyk met die van hulle seuns (vgl. tabelle XXXVIII en XXXIX)

Tabel XXXVIII toon die korrelasie tussen die kerkbywoning van vaders met die van hul seuns en die volgende tabel die van moeders met die van hul seuns. Daar is geen noemenswaardige verskil tussen die twee tabelle nie.

Waar heelwat minder dienspligtiges 2 keer per Sondag kerktoe gaan uit die groep van ouers wat wel so dikwels gaan, kan dit tot 'n groot mate toegeskrywe word aan dienspligomstandighede (vgl. tabel XIV waar 29,6% aandui dat diensplig verhinder dat hulle meer kerktoe gaan). Die tendens toon egter dat namate ouers minder kerktoe gaan hulle kinders ook minder gaan.

4.2.11.3 Huisgodsdiens en kerkbywoning (vgl. tabelle XXXX en XXXXI)

Dit blyk uit tabel XXXX dat by 42,7% van die gesinne van dienspligtiges daar nog een of ander vorm van huisgodsdiens waargeneem word terwyl dit by 54,9% nie meer gehou word nie.

Uit die volgende tabel blyk dit verder dat diegene wat meer gereeld kerktoe gaan uit huise kom

waar meer gereeld huisgodsdiens gehou word. Weereens is die laaste twee horisontale kolomme nie betroubaar nie vanweë klein getalle in hierdie afdelings.

4.2.11.4 Gevolgtrekking

(a) Ouers, deur die nakoming van hul doopsbelofte, deur hulle voorbeeld van gereelde kerkbywoning en onderrig uit die Skrif tuis, oriënteer hulle kinders sodanig dat kerkbywoning vir hulle meer funksioneel is as vir die kinders van ouers wat versuim om hulle pligte in hierdie verband na te kom.

(b) Die Weermag slaag blykbaar daarin om dienspligtige seuns wat uit ouerhuise kom waar die ouers minder gereeld kerktoe gaan meer te laat kerktoe kom - vgl. veral die 1 keer per maand ouers by tabelle XXXVIII en XXXIX. Die syfers van tabel IV word ook hierdeur tot 'n mate ondersteun.

TABEL XXXVII
Kerkverband van vader en moeder van dienspligtiges (vgl. vraelys 26 en 28)

| Kerk | % Vaders | % Moeders |
|---|---|---|
| N.G. Kerk | 88,6 | 88,0 |
| Ned. Herv. of Geref Kerk | 5,0 | 5,4 |
| Een van die Engelse kerke | 3,1 | 2,7 |
| Ander | 2,7 | 3,0 |
| Geen | 0,6 | 0,9 |

TABEL XXXVIII

Korrelasie tussen die kerkbywoning van die vader met die kerkbywoning van sy seun (vgl. vraelys 9 en 27).

| Kerkbywoning vader | % kerkbywoning seun | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | 2 keer per Sondag | 1 keer per Sondag | ten minste 1 keer per mnd | ten minste 1 keer per jr | nooit |
| 2 keer per Sondag | 32,4 | 53,8 | 13,8 | 0,0 | 0,0 |
| 1 keer per Sondag | 16,4 | 64,4 | 18,3 | 0,0 | 0,2 |
| Ten minste 1 keer per mnd | 15,4 | 59,3 | 23,4 | 0,7 | 0,4 |
| Ten minste 1 keer per jr | 12,7 | 50,6 | 30,4 | 3,8 | 0,0 |
| Nooit | 18,9 | 54,7 | 13,2 | 0,0 | 11,3 |

TABEL XXXIX

Korrelasie tussen die kerkbywoning van die moeder met die kerkbywoning van haar seun (vgl. vraelys 9 en 29).

| Kerkbywoning moeder | % kerkbywoning seun | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | 2 keer per Sondag | 1 keer per Sondag | ten minste 1 keer per mnd | ten minste 1 keer per jr | nooit |
| 2 keer per Sondag | 35,3 | 53,7 | 10,5 | 0,0 | 0,5 |
| 1 keer per Sondag | 15,5 | 64,9 | 18,5 | 0,2 | 0,2 |
| Ten minste 1 keer per maand | 16,4 | 54,4 | 26,3 | 1,1 | 0,7 |
| Ten minste 1 keer per jr | 12,5 | 55,4 | 25,0 | 1,8 | 1,8 |
| Nooit | 17,4 | 47,8 | 17,4 | 0,0 | 17,4 |

TABEL XXXX

% van gesinne wat nog huisgodsdiens hou (vgl. vraelys 30).

| | |
|---|---|
| 42,7% | hou een of ander vorm van huisgodsdiens |
| 54,9% | hou geen huisgodsdiens |
| 2,4% | het geen ouerhuis meer nie |

TABEL XXXXI

Korrelasie van die huidige kerkbywoning van die dienspligtige met die hou van huisgodsdiens tuis (vgl vraelys 9 en 30)

| Kerkbywoning | Huisgodsdiens tuis | | |
|---|---|---|---|
| | % Ja | % Nee | % geen ouerhuis |
| 2 keer per Sondag | 52,3 | 46,2 | 1,5 |
| 1 keer per Sondag | 45,2 | 52,4 | 2,4 |
| Ten minste 1 keer per mnd | 28,6 | 68,6 | 2,9 |
| Ten minste 1 keer per jr | 0,0 | 100,0 | 0,0 |
| Nooit | 22,2 | 66,7 | 11,1 |

### 4.2.12 Geloofsekerheid by die dienspligtige

#### 4.2.12.1 'n Gesprek oor geloofsekerheid met sy predikant in die belydenisklas (vgl. Tabel XXXXII)

Volgens die opname blyk dit dat 77,1% van die dienspligtiges wel gesprekke oor geloofsekerheid met hulle predikante tuis gehad het toe hulle nog daar in die belydenisklas was.

#### 4.2.12.2 Geloofsekerheid by belydenisaflegging en nou (vgl. tabel XXXXIII)

Tabel XXXXIII toon dat 71,4% van die jong manne geloofsekerheid gehad het met belydenisaflegging. Dit is nogal interessant dat hierdie getal so ooreenstem met die persentasie genoem in die vorige tabel met wie die predikant 'n gesprek oor die saak gehad het in die belydenisklas t.w. 77,1%. Die persentasie het egter tot op hede aansienlik gedaal tot 59,0%.

#### 4.2.12.3 Gevolgtrekking

(a) Ook weer hier kom die persoon van die predikant in die gedrang. In die belydenisklas het hy 'n geweldige groot geleentheid om die jong katkisant geestelik te vorm ten goede en volgens die tabel is daar 'n onrusbarende hoë persentasie t.w. 22,9 van gevalle waar predikante nagelaat het om hierdie geleentheid ten volle te benut.

(b) Namate die jong man uit sy huis en omgewing beweeg na die vir hom vreemde wêreld neem ook sy sekerheid oor geloofsake af. In die vreemde wêreld van diensplig is die kapelaan die enigste bekende figuur wat hom kan help om die sekerheid te behou. Die waarde van die werk van die kapelaan moet dus nooit onderskat word nie.

(c) Uit die aard van die saak sal kerkgang vir diegene wat geloofsekerheid besit ook baie meer funksioneel wees aangesien hy gaan om die God wat hy as Vader ken te aanbid.

TABEL XXXXII

<u>Predikante wat in die belydenisklas 'n persoonlike gesprek gehad het met hul katkisante oor geloofsekerheid (vgl. vraelys 24).</u>

| | |
|---|---|
| % dienspligtiges wat beweer dat hulle wel so 'n gesprek gehad het | 77,1 |
| % dienspligtiges wat beweer dat met hulle nie so 'n gesprek gehou was nie | 22,9 |

TABEL XXXXIII

<u>Vergelyking van geloofsekerheid met belydenisaflegging en geloofsekerheid by die beantwoording van die vraelys (vgl. vraelys 22 en 25).</u>

| Antwoord | Geloofsekerheid met belydenisaflegging % | Geloofsekerheid nou % |
|---|---|---|
| Ja | 71,4 | 59,0 |
| Nee | 28,6 | 41,0 |

## HOOFSTUK 5

## SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS EN MOONTLIKE TENDENSE, POSITIEF EN NEGATIEF, MOONTLIKE OORSAKE VIR DIE VERMINDERING VAN DIE FUNKSIONALITEIT VAN KERKBESOEK BY DIENSPLIGTIGES WAT LIDMATE VAN DIE NED. GEREF. KERK IS, RIGLYNE VIR DIE TOEKOMS EN AANBEVELINGS

### 5.1 Inleidend

In die lig van die teologiese vertrek- en uitgangspunt nl. dat die mens en dus ook die dienspligtige 'n religieuse wese is wat geskape is na die beeltenis van God, en dat elke mens 'n eind- en ewigheidsbestemming het, moet die res van die ander hoofstukke van hierdie verhandeling gelees, geïnterpreteer en verstaan word.

In hoofstuk 2 is daarop gewys dat funksies daardie waarneembare objektiewe gevolge van menslike handelinge en gedrag is wat daartoe bydra om 'n bestaande sosiale sisteem in stand te hou en te bevorder. So gesien vervul die kerk dan 'n funksie vir die samelewing as 'n geheel en vir die individu in die besonder. Met die empiriese ondersoek oor kerkbywoning van die dienspligtige (hoofstuk 4) is daar beweeg op 'n klein afgebakende gedeelte van die breë terrein van die kerk en is daar pogings aangewend om vas te stel of kerkbesoek wel 'n funksie vervul in die lewe van die enkeling en as sodanig 'n bydrae lewer tot die groter sisteem van die samelewing.

In die derde hoofstuk is daar uitgegaan van die standpunt dat daar by elke mens 'n basiese godsdienstige behoefte is en daar is beweer dat dit 'n behoefte is om God te aanbid.

Die vierde hoofstuk d.w.s. die empiriese ondersoek het probeer toon in hoeverre kerkbesoek en al die fasette daarvan 'n bydrae lewer om daardie basiese behoefte te bevredig by die dienspligtige van die Ned.

Geref. Kerk in die S.A. Weermag, d.w.s. in hoeverre kerkbesoek by die dienspligtige funksioneel is, of moontlik disfunksioneel of nonfunksioneel is, of die funksie van kerkbesoek vir hom manifes is of latent.

Hierdie hoofstuk wil in alle beskeidenheid 'n paar gevolgtrekkings saamvat en moontlike neigings en tendense aantoon. Verder sal probeer word om 'n paar van die moontlike oorsake vir die vermindering van funksionaliteit van kerkbesoek aan te toon, 'n paar positiewe riglyne vir die toekoms te trek en enkele aanbevelings te maak.

## 5.2 Samevattende gevolgtrekkings en moontlike tendense

### 5.2.1 Positiewe gevolgtrekkings en tendense

#### 5.2.1.1 Die jeug van die Ned. Geref. Kerk wil hom assosieer met die kerk

Die empiriese ondersoek het seuns van die Ned. Geref. Kerk wat besig was met hulle diensplig-jaar in die S.A. Weermag probeer betrek. Hierdie jong seuns wat so pas hulle skoolopleiding voltooi het, die huis verlaat het en op eie bene staan is 'n goeie deursnit verteenwoordiging van alle Afrikaner seuns in die Ned. Geref. Kerk en daarom word hier ook van die jeug gepraat.

Hierdie ondersoek bevestig onteenseglik dat die jongmens hom nog nie gedistansieer het van die kerk nie maar dat hy juis 'n sterk begeerte het om homself met die kerk te assosieer. Minder as 1% van hierdie jong manne kom glad nie meer kerktoe nie en sê ook openlik dat dit nie nodig is nie.

Die jong manne wat aan die ondersoek onderwerp is is almal baie konserwatief in hulle denke oor godsdiens en kerkgang, al sou hulle wat die daad

betref, minder konserwatief wees. Dit word bevestig deur die feit dat 93,9% van hulle die mening toegedaan is dat 'n mens darem ten minste een keer per Sondag kerktoe behoort te gaan en dat 99,3% d.w.s. almal wat hulle nie van die kerk distansieer nie sê dat daar ten minste een kerkdiens op 'n Sondag behoort te wees, en selfs diegene wat kerktoe gaan net as hulle verplig word meen dat daar 'n diens moet wees al sou hulle self nie gaan nie. 77,9% gaan sover om te sê dat daar 2 dienste per Sondag behoort te wees al blyk dit dat hulle self nie so baie gaan nie.

Hierdie jong manne koester ook hoë verwagtings van die kerk. Die kerk is vir hulle die besondere medium waar die Gees van God soos van ouds neerdaal om Sy volk te ontmoet en 93,2% meen dat so 'n ontmoeting tussen God en die mens op die een of die ander wyse in die kerk moontlik is.

Die taal van die Skrif word nog deur hierdie jongmense verstaan en die hart is nog ontvanklik vir die Woord van die Here. Slegs 0,7% glo nie meer aan God of Sy Woord nie.

Wanneer daar in die algemeen na die bevindinge wat spruit uit die vraelys gekyk word dan word die indruk gewek dat baie van die jongmanne hulleself in nog 'n beter lig kerklik probeer voorstel het as wat hulle in werklikheid is. Hulle wil graag nog in pas wees met die kerk al sou hulle nie met alles van die kerk saamstem nie. Dit is 'n troostende gedagte dat die Ned. Geref. Kerk nog so 'n geweldige skaar van jong manne besit, manne wat so pas die skool verlaat het en uitgegaan het in die lewe, wat nog na aan die kerk staan, wat die kerk nog ken en deur die kerk geken wil wees. Die kerk moet eenvoudig alles in sy vermoë doen om hierdie potensiaal te aktiveer en die belangstelling van die jong manne

te gryp en te behou

5.2.1.2 Die waarde van die kapelaan in die Weermag

Die feit dat ons Weermag in Suid-Afrika Christelik georiënteerd is, dat hy self jaarliks 'n groot begroting opstel om dit moontlik te maak dat predikante van verskillende kerke in die Weermag as kapelane dien, is iets waarvoor ons in ons land nooit genoeg dankbaar kan wees nie. Daar is op die oomblik 35 kapelane van die Ned. Geref. Kerk en 58 kapelane in totaal wat aan alle kerke behoort voltyds in diens van die Weermag. Daarbenewens is daar nog 'n hele aantal deeltydse kapelane waar getalle die aanstelling van 'n voltydse kapelaan nie regverdig nie. By verre die grootste gedeelte van hierdie manne se arbeid is toegespits op die jongmense wat jaarliks vir dienspligopleiding na die Weermag kom. Juis na aanleiding van wat in die vorige paragraaf gesê is moet daar besef word watter sleutel-posisie hierdie manne beklee met betrekking tot die jeug van die kerk, die omvang van hulle taak, hulle verantwoordelikheid en hulle geleentheid.

Voordat hulle tot die geledere van die Weermag toegetree het was die groot meerderheid van die jong seuns tuis op skool, 'n aantal het al vir 'n paar maande gewerk, maar feitlik almal was nog onder die beskerming van 'n ouerlike dak. Wanneer hy tot die Weermag toetree word hy vir die eerste keer in sy lewe uit hierdie beskutte atmosfeer weggeneem en moet hy dikwels baie ver van sy huis af gaan. In sy nuwe vreemde omgewing waar almal onderworpe is aan streng dissipline, waar almal gekleed gaan in ander klere t.w. 'n soldate-uniform, waar hy geleer word dat vader en moeder nie meer daar is om hom te beskerm nie maar dat hy self verantwoordelikheid moet aanvaar om sy land te beskerm, desnoods met geweld, is die

enigste bekende figuur vir hom die dominee.

Die dominee ontmoet hy die dag dat hy afklim by sy opleidingseenheid. Die dominee sien en hoor hy elke môre by 'n gebedsparade (oggendgodsdiens) voordat met die dag se werksaamhede begin word. Die dominee gesels ten minste een keer per week met hom en sy makkers by 'n kapelaansperiode. Die dominee besoek vir hom in die barakke waar hy slaap. Die dominee sorg dat hy by die kerk kom en hou wanneer nodig vir hom kerk in sy kamp. Die dominee nooi hom uit na die KJV en ander kerklike funksies. Die dominee het ook gewoonlik in enige groot eenheid 'n kantoor en hy is die enigste senior offisier tot wie hy sonder moeite toegang het en wat bereid is om na al sy probleme met 'n geduldige oor te luister, raad te gee en geestelike leiding te verskaf. In operasionele eenhede beweeg die dominee heel dikwels saam met die dienspligtiges waar hulle gaan en is hy altyd byderhand ten tye van enige gebeurlikhede. In die lewe van die dienspligtige vervul die kapelaan 'n uiters belangrike funksie. Die invloed wat hy op die dienspligtige uitoefen kan moeilik na waarde geskat word. Met hoeveel welslae hy sy taak verrig word tot 'n mate weerspieël in die kerkbesoek-syfers van dienspligtiges in die Weermag (vgl. tabel IV).

5.2.1.3 Kerkbesoek is funksioneel vir 'n groot aantal van ons jongmense

In hoofstuk 3 is daar tot die slotsom gekom dat kerkgang eers werklik funksioneel is wanneer 'n persoon gaan om te aanbid. Die empiriese ondersoek het getoon dat die groot meerderheid van die jongmense nog om hierdie rede gaan en dat kerkgang dus tot 'n groot mate vir hulle funksioneel is. Hierdie bewering word ook verder gestaaf deur die dienspligtiges se houding t.o.v. kerkbesoek nl. dat hy glo dat daar

kerktoe gegaan moet word en ook dat hy van mening is dat hy die Here daar by die kerk kan ontmoet. Kerk is vir hom sinoniem met God en aanbidding (vgl. tabel XIII).

Uit die ondersoek blyk dit ook dat hoe meer gereeld 'n persoon kerktoe kom hoe meer funksioneel is sy kerkbesoek vir hom. Enersyds kom hy waarskynlik juis meer kerktoe omdat kerkgang vir hom funksioneel is en andersyds kan daar ook gesê word dat namate hy meer kom kerkgang vir hom steeds meer betekenis kry en nog meer funksioneel word.

5.2.1.4 Kerkgang het ook 'n latente funksie vir die dienspligtige

In die vorige paragraaf is die stelling gemaak dat die meeste dienspligtiges kerktoe gaan om te aanbid. Dit is meestal ook die manifeste rede waarom hulle gaan. Hulle is bewus van hierdie rede en hulle gee dit derhalwe ook aan. Sommige het egter die indruk geskep dat hulle hierdie rede noem deels omdat hulle meen dat dit 'n goeie rede is waarom hulle kerktoe behoort te gaan. Hierdie indruk is verder versterk deur die baie ander bykomende redes wat ook aangevoer word waarom hulle kerktoe gaan. Hieruit kan afgelei word dat kerkbesoek moontlik ook latente funksies vervul in die lewens van dienspligtiges.

Gewoonte en tradisie speel 'n groot rol in die lewe en kerkgang van baie dienspligtiges: 38% van hulle gee dit as bykomende redes aan waarom hulle kerktoe gaan. Die goeie gewoonte wat hy onder die ouerdak aangeleer het bly deel van sy lewe en die bekende patroon van kerk op Sondag is 'n band met sy vorige beskermde lewe wat eensklaps so verander het.

Nou saam met bogenoemde hang die feit dat hy sy ouers nie wil teleurstel nie. Sy ouers het moontlik

die goeie gewoonte van kerkgang by hom gekweek, gereeld saam met hom elke Sondag na die kerk gegaan en hy is daarvan bewus dat hulle ook sekere verwagtings koester t.o.v. sy geestelike lewe. Kerkbesoek vervul dus die funksie om sy gewete gerus te stel t.o.v. sy ouers se verwagting.

Bloot 'n predikant wat mooi preek, wat die behoefte van 'n jong hart verstaan en die taal van die jeug praat, en soms 'n kerkdiens wat aantreklik aangebied word maak dat sommige heel dikwels kerktoe gaan.

Die dienspligtige is soms eensaam. Hy is wel by 'n klomp makkers maar hulle is nie sy ou vriende nie en behoort dikwels nie aan sy kerk nie. Die kerk is vir hom 'n bekende vergaderplek waar hy weer mense van sy eie kerk kan raakloop en met hulle kan praat, en waar hy wat slegs in 'n wêreld van mansmense beweeg ook weer kennis kan maak met lede van die skoner geslag. Kerkbesoek het dus ook vir hom die funksie dat dit geselskap voorsien en dat hy derhalwe minder eensaam voel.

En dan hier in die onderbewussyn is daar ook nog altyd die vrees dat 'n Almagtige Opperwese vergelding kan eis as hy versuim om die godsdienstige norme wat hy as kind aangeleer het te handhaaf. So gesien het kerkgang die funksie om sy gewete te stil.

Die mens bly maar 'n gekompliseerde en dikwels onverstaanbare wese. Soos elders uit die empiriese ondersoek ook blyk sê hy dikwels een ding terwyl hy 'n ander bedoel en 'n derde doen. Hoewel aanbidding dus aangegee word as by verre die grootste rede waarom die dienspligtige kerktoe gaan kan daar tog aangeneem word dat daar baie ander redes is wat latente funksies vir hom vervul. Immers uit die

6575 kruisies wat getrek is onder afdeling 15 van die vraelys teenoor die vraag ‚Hoekom gaan u kerktoe?' toon 1958 kruisies ander redes as die wat onder die kategorie aanbidding val. Die handeling wat spruit uit die onderbewussyn speel dus by die kerkbesoek van die dienspligtige 'n rol wat nie lig geskat moet word nie.

5.2.1.5 Die ouerhuis se bydrae om kerkbesoek vir die dienspligtige funksioneel te maak

Die spreekwoord dat die appel nie ver van die boom val nie is ook waar t.o.v. kerkbesoek. Tereg skryf Paulus aan die Romeine: „En as die eersteling heilig is, dan die deeg ook; en as die wortel heilig is, dan die takke ook" (Rom.11:16).

Die peil van die ouer se Christelike lewe, die Skrifbeginsels wat hy sy kinders tuis by die huisgodsdiens en elders geleer het en ook sy eie kerkbywoningspatroon speel 'n duidelik waarneembare rol in die lewe van sy seun wat nou dienspligtige geword het. Hierdie tendens word dan ook duidelik in die empiriese ondersoek na vore gebring.

5.2.1.6 Bydrae van die predikant en die aanbieding van die erediens om kerkbesoek vir die dienspligtige funksioneel te maak

Daar is vroeër in hierdie hoofstuk melding gemaak van die belangrike bydrae wat die kapelaan kan lewer tot die geestelike opbou van die dienspligtige en tot die konsolidasie van die godsdienstige beginsels, waardes en norme waarmee hy reeds uit sy ouerhuis in die Weermag aankom.

In hierdie paragraaf gaan dit nie soseer oor die persoon van die kapelaan alleen nie maar eintlik oor die predikant, ook die tuispredikant van die dienspligtige en dan meer spesifiek oor die bydrae wat kapelane en siviele predikante lewer om kerkbesoek

meer funksioneel vir die jeug te maak. Omdat die persoon van die predikant en die aanbieding van die erediens so na aan mekaar lê word die twee sake hier saam in behandeling geneem.

Die mate waarin predikante daarin slaag om deur prediking en aanbieding van die erediens die kerkbesoek vir die jongmense funksioneel te maak wissel. Oor die algemeen maak hy hom nie skuldig aan preke wat te lank is nie en soveel soos 70,7% van die dienspligtiges is van mening dat die lengte van die preek goed is. Ook hulle gedagtes dwaal nie buitensporig nie - 54,0% se gedagtes dwaal selde of nooit terwyl 43,0% se gedagtes dikwels dwaal wat seker 'n redelike normale verskynsel is aangesien baie mense oor 'n swakker konsentrasie-vermoë beskik. Ongeveer 40% geniet altyd die kerkdiens terwyl 57% dit soms geniet. Te oordeel aan die hoeveelheid kere dat hulle na hul horlosies kyk is daar nie 'n oormaat van verveeldheid by die seuns tydens die kerkdiens nie. Ook hier is dit opmerklik dat hoe meer daar kerktoe gegaan word, hoe meer word die diens in die algemeen geniet en hoe meer funksioneel is dit vir die kerkganger. 'n Aansienlike persentasie (40,0%) van die gereelde kerkgangers (2 of 1 keer per Sondag)is tevrede met die erediens soos dit is en verlang geen verbetering nie.

Tot 'n groot mate dus lewer die predikant deur sy prediking en aanbieding van die kerkdiens 'n belangrike bydrae om kerkbesoek vir die jongman funksioneel te maak. Oor die leemtes sal vorentoe by die negatiewe gevolgtrekkings gewag van gemaak word.

Daar kan nooit genoeg klem gelê word op die belangrikheid van die predikant se bearbeiding in die tyd dat die seun by hom in die belydenisklas is nie. In 77,1% van alle gevalle het die predikant na bewering

tuis by die geleentheid gesprekke met die seuns oor geloofsekerheid gehad en hierdie persentasie stem dan ook baie ooreen met die persentasie wat geloofsekerheid gehad het by belydenisaflegging t.w. 71,4%. Dit is juis geloofsekerheid en vaste goedsdienstige beginsels wat so 'n groot bydrae lewer om die seun wat uit sy huis die wêreld in beweeg op die regte spoor te hou.

5.2.2 Negatiewe gevolgtrekkings en tendense

5.2.2.1 Kerkbesoek is ook disfunksioneel in 'n minder of meerdere mate vir sommige dienspligtiges

Uit die empiriese ondersoek blyk dit dat kerkbesoek progressief al meer disfunsioneel word namate die kerkbywoning persentasie van die dienspligtige afneem. Dit is immers logies aangesien hy uit die aard van die saak al minder kerktoe sal gaan namate die kerk vir hom disfunksioneel word. Aan die ander kant is dit ook so dat kerkbywoning baie minder betekenis het vir diegene wat ongereeld gaan. Faktore wat 'n bydrae lewer om kerkbesoek minder funksioneel by die dienspligtige te maak is die volgende:

(a) Die kerk is uit pas: Daar word deur sommige van die jongmense beweer dat die kerk uit pas uit raak met die jeug. Die kerk is te styf en formeel vir vandag se jongmense. Hulle wil nie bloot passief by die kerkdiens wees nie - hulle wil kan saam doen en saam praat en met hulle vriende en die predikant en daardie dinge bespreek wat na aan die hart lê en nou word daar gevoel dat daar nie altyd genoeg geleentheid daarvoor gebied word nie. 63,4% van alle dienspligtiges meen dan ook dat daar veranderinge aangebring kan word om die kerkdiens meer aantreklik te maak. Nou is dit so dat diegene wat minder kerktoe gaan altyd meer fout met die kerk soek en dit blyk ook uit die ondersoek maar die kerk kan sy oë nie

langer sluit wanneer byna 60% van diegene wat 2 keer per Sondag kerktoe kom en ook 60% van diegene wat 1 keer per Sondag kerktoe kom, d.w.s. die gereelde kerkgangers ook die mening toegedaan is dat die kerkdiens aantrekliker gemaak kan word nie. Hierdie bewering word ook gestaaf deur die hoë persentasie t.w. 57% wat verklaar dat hulle die kerkdiens slegs soms geniet.

Jongmense geniet dit ook om te sing en blykbaar word daar volgens hulle mening heelwat te wense oorgelaat by die sang in ons kerke. Meer as helfde van die dienspligtiges dink dat slegs sommige van die Psalms en Gesange lekker sing en heelwat stemme gaan op vir meer en opgewekter sang in en om die erediens.

Uit die ondersoek blyk dit dat ons jongmense nie altyd ewe welkom by die kerkdienste voel nie en dat. daar nie 'n warm en vriendelike atmosfeer heers nie. Dit is nou eenmaal die kwaal en tekortkoming van die groot gemeentes in ons moderne tyd dat ons as Christene nie baie vriendelik is veral teenoor vreemdelinge nie. Ons kom kerktoe en gaan weer huistoe sonder om mekaar te leer ken en dikwels sonder om mekaar te groet. In hierdie atmosfeer voel die jongmens, veral as hy ook nog vreemd in 'n gemeente is, hom nie altyd welkom nie.

(b) <u>Die predikant se bydrae tot disfunksionele kerkbesoek</u>: In die dienspligtige se kritiek op die kerk spring die predikant ook nie vry nie. Volgens sommige (25%) preek die predikant te lank en selfs onder diegene wat 2 keer per Sondag kerktoe gaan is daar 16,8% wat ook dieselfde mening toegedaan is. Wat 'n lang preek is is 'n relatiewe saak. Wanneer iemand onder moeilike omstandighede na 'n preek luister, soos dit soms die lot van die dienspligtige is b.v. in die warmte in die veld kan 'n kort preek al te lank word. Feit bly dat kapelane en predikante hulself sal moet begin afvra of hulle nie ook soms bydra tot disfunk-

sionaliteit van kerkbesoek deur preke wat te lank is en nie die gehoor boei nie.

In dieselfde trant word daar beweer dat die predikant vervelig preek (14,2%), onverstaanbaar is (8,9%), die hoorder nie boei nie (19,8%). Uit die wenke wat gegee word om dienste meer aantreklik te maak blyk dit ook dat predikante nie altyd duidelik en verstaanbaar praat nie, dat hulle te dikwels preek en nie gesels of praat met die gehoor nie en dat hulle nie altyd die behoefte van die jeug in hulle prediking raak nie. Hoewel dit so is dat die persoon wat min kerktoe kom altyd die eerste die fout by die kerk en die predikant soek toon die empiriese ondersoek dat daar wel goedbedoelde kritiek by die meer gereelde kerkganger is waarop daar gelet sal moet word.

'n Saak wat werklik kommer baar is die hoë persentasie dienspligtiges wat beweer dat daar geen gesprek met hulle gevoer was oor geloofsekerheid tydens belydenisaflegging deur hulle predikante nie t.w. 22,9%.

Die jeug van ons tyd het nog baie agting en respek vir die predikant maar hy wil daarvan verseker wees dat die predikant nog tyd oor het vir hom, sy probleme verstaan, in hom belangstel en dat die predikant ook 'n taal sal praat wat hy kan begryp en verstaan. Sodoende sal kerkbesoek vir hom meer funksioneel wees.

(c) <u>'n Verdere moontlik latente disfunksionele rede vir ongereelde kerkbesoek</u>: Daar is alreeds van die feit melding gemaak dat diegene wat minder gereeld kerktoe gaan altyd vir hulleself baie goeie verskonings maak vir die ongereeldheid en dat hulle in werklikheid hierdie verskonings self glo. Die ondersoek toon dat onverskilligheid 'n groot rol in hierdie

verband speel. 31,7% van alle dienspligtiges noem dan ook onverskilligheid as 'n rede waarom hulle nie meer gereeld kerktoe gaan nie.

5.2.2.2 Nonfunksionele kerkbesoek

Vroeër in hierdie hoofstuk is daarop gewys dat 17,3% van die dienspligtiges beweer dat hulle slegs met verpligte parades kerktoe gaan. Vergeleke wat met die res van die ondersoek aan die lig gekom het wil hierdie persentasie 'n bietjie hoog voorkom en dit is moontlik dat hier 'n mate van misverstand kon wees en dat hierdie syfer ook 'n aantal kon insluit wat slegs geleentheid kry om met hierdie parades kerktoe te gaan, of wat van mening is dat as hulle slegs met hierdie parades gaan dit genoeg sou wees en dat hulle in elk geval kerktoe sou gegaan het indien hulle nie verplig was om te gaan nie. Hoe dit ookal sy, onder hierdie groep is daar blykbaar 'n hele aantal vir wie kerkbesoek nonfunksioneel behoort te wees: die kerk het vir hom geen betekenis nie en hy gaan slegs omdat hy moet. Maar nou is dit so dat 'n mens selde onder die geklank van die Woord kan verkeer sonder om in een of ander opsig geraak te word - immers Paulus sê aan die Romeine dat die geloof uit die gehoor is en dat die gehoor deur die woord van God geskied (Rom.10:17). So gesien het die verpligte kerkparade ook sy betekenis en kan dit wat nonfunksioneel is hier baie maklik funksioneel word.

## 5.3 Enkele riglyne en aanbevelings vir die toekoms

Daar word vandag maklik gepraat van die jeug as dat hulle op die verkeerde pad sou wees, liberaal in hulle gedrag, gedagtes en godsdiensin en dat hulle kerklos is. Jeugverwildering het 'n algemene term geword in kerklike verslae. En nou is dit so dat daar 'n sekere deel van die jeug van ons land is van wie hierdie bewerings waar is maar hierdie ondersoek het weereens getoon

dat daar by 'n groot gedeelte van die jong seuns van die Ned Geref. Kerk nog 'n lojale en warm gevoel vir hulle kerk en t.o.v. hulle godsdiens bestaan.

Dit is waar dat daar van die kant van ons jongmense soms heelwat kritiek op die kerk kan wees, dikwels onverdiend maar seker ook soms ten regte. Hierdie kritiek moet die kerk as opbouend aanvaar en dit aanwend om kerkbesoek vir die jongmens nog meer funksioneel te maak en hom daardeur vaster aan sy kerk en bruikbaar as Christen te maak.

Die kerk, veral die Afrikaanse kerke en die Ned. Geref. Kerk is baie konserwatief en nie maklik vatbaar vir verandering nie. Juis vanweë hierdie konserwatisme werk die kerk sosiale verandering teë en dit is ook baie goed aangesien alle verandering nie altyd ten goede is nie. Maar die vraag is nou of die vorm waarin die institutêre kerk godsdiens bedryf, wat goed was vir ons voorvaders, nog net so funksioneel is vir die kinders van vandag? Met die loop van die jare het die Ned. Geref. Kerk wat sy institutêre vorm betref en veral ook wat die aanbieding van eredienste betref baie min verander. Moet daar nie nou 'n mate van verandering kom nie? Aan die suiwer en onvervalsde Evangelie van die Skrif kan daar geen verandering kom nie maar kan dit nie meer funksioneel aangebied word nie?

Baie vrae ruis by 'n mens op: Die kerk beskik oor statige en luukse kerkgeboue wat dikwels baie geld kos, maar is hulle altyd doelmatig gesien die behoeftes van veral die jeug van vandag?

Die aanbieding van eredienste is tot in die fynste besonderhede liturgies korrek, maar is dit altyd aanvaarbaar, verstaanbaar en interessant vir die moderne jongmens?

Psalms en Gesange word gesing waarvan daar baie woorde onverstaanbaar is en waarvan baie wysies vir 'n ander tyd gekomponeer was en die vraag ontstaan of die

jeug van vandag nie in ag geneem moet word by die opstel van nuwe Psalm- en Gesangbundels nie? Beslis nie popmusiek nie maar smake het ook met die loop van jare verander!

Daar word dikwels gesê dat die mens van vandag opgevoed moet word om kerkmusiek soos dit nou geken word te waardeer. Die vraag is of dit moontlik is om dit reg te kry? Moet kerkmusiek nie liewer aangepas word by die moderne smaak nie sonder om dit goedkoop of banaal te maak?

Die predikant klim meestal ten minste twee keer per Sondag op die preekstoel en preek vir die gemeente. Wat 'n geweldige geleentheid om die Evangelie te verkondig, maar is die manier van verkondiging, ook in ag genome die vermoëns en gawes van elke predikant, altyd die welaangewese metode om die Evangelie oor te dra aan sy jong gehoor?

Daar is nog talle vrae in dieselfde trant wat gevra kan word. Hierdie vrae word in alle beskeidenheid gevra. Dit moet nie gesien word as stellings wat gemaak word nie. 'n Ja en 'n nee kan nie gegee word voordat daar nie 'n deurtastende ondersoek na elkeen was nie en dit was nie die doel van hierdie verhandeling nie. Die vrae word na aanleiding van hierdie ondersoek gevra slegs maar om gedagtes te prikkel en denke te stimuleer.

Maar ten spyte van al die vrae en onsekerhede is daar tog een saak wat duidelik uit hierdie navorsing spreek: die jongmense voel dat daar een of ander vorm van verandering by ons kerkbyeenkomste moet kom. Eintlik kan die meeste nie presies verklaar wat hulle verlang nie. Hulle wil geen radikale verandering hê nie maar meestal 'n mate van informaliteit wat hulle meer tuis sal laat voel. Hulle wil nie onder die indruk verkeer dat hulle vasgespyker in die kerkbank sit waar hulle bloot passief deelneem aan die diens en 'bepreek' word nie.

Hulle wil dat daar met hulle gesels word en hulle wil graag af en toe die geleentheid ontvang om 'n mening te lug, al sou hulle nie daarvan gebruik maak nie! Hulle wil m.a.w. geken word en dit nie net deur die dominee nie maar ook deur hulle mede- en veral ouer kerkgangers. 'n Bietjie minder styfheid, 'n bietjie meer vriendelikheid onder ons kerkgangers onderling en veral teenoor die jonger kerkganger kan wondere verrig om kerkgang funksioneel te maak. Hierdie warmte wat so dikwels by ons ontbreek is die geheim van die sukses wat die sg. Pinksterkerke op die oomblik beleef. Die werklike gemeenskap van die heiliges soos in die kerk van ouds - 42% noem dit hier as 'n enkele behoefte - moet weer tot sy reg kom.

Ons belewe vandag 'n tydperk van spesialisasie op haas alle gebiede. Wie in die nywerheidswêreld nie wil agter raak nie moet spesialiseer. Op die gebied van die kerk is dit nog meer waar. Elke predikant, elke kapelaan moet 'n spesialis wees en dan veral op die gebied van die jeug en hoe om hom na Christus te lei want die jeug is die kerk van die toekoms.

Die kerk sal alles in sy vermoë moet doen om te verhoed dat die sekularisasieproses wat ook al in Suid-Afrika tot 'n groot mate sy invloed laat geld, nie ook tot 'n ontkerstenings-proses hier lei soos in Europa nie.

## 5.4 Slotopmerking

Tereg het Goddijn gesê dat waar daar mense is daar ook een of ander vorm van godsdiens is. Daarom het die verskynsel van godsdiens vanaf die vroegste tyd in die lewens van individue, groepe en volke 'n groot rol gespeel [1]. So ook het die Kruisevangelie 'n onmeetbare rol in die geskiedenis van ons land Suid-Afrika

1) Goddijn, W. en H.P.M. Godsdienstsociologie, p. 9.

gespeel. Mag die Kerk daarin slaag om hierdie Godsdiens altyd funksioneel te hou veral vir die jeug sodat dit 'n nog groter rol in die toekoms van die Afrikaner volk mag speel tot op die Jongste Dag. Per slot van rekening: die mens sal altyd 'n religieuse wese met 'n eindbestemming bly.

# S U M M A R Y

## THE FUNCTIONALISM OF CHURCH ATTENDANCE OF NATIONAL SERVICEMEN WHO BELONG TO THE NED. GEREF. CHURCH.

Chapter 1 consists of an introduction and orientation. In our modern world there is an ever growing tendency amongst man to become the captain of his own soul, the worker of his own salvation. This is especially true of the Western civilization where there is a distinct movement sway from the church as an institution. The Ned. Geref. Church in South Africa is also attempting to cope with the problem of poor church attendance and the purpose of this research is to emphasise some aspects thereof especially with regard to modern youth.

National Servicemen are made the object of the research, the aim of which is to ascertain how young people feel about their church in particular and church attendance in general, and also to assess the influence of family ties upon their religiosity.

The research attempts to prove that people attend church for a certain reason, in this case worship, and tries to ascertain whether church attendance is functional for National Servicemen belonging to the Ned. Geref. Church in the light of R.K. Merton's theory of functional analysis.

Chapter 2 is an exposition of Merton's theory of functional analysis and his definition of the term 'function' which he sees as "those observed consequences which make for the adaptation of a given system" [1]) is emphasised. His paradigma of functional analysis is described and the terms function, disfunction, non-function, manifest function and latent function and their relation to church attendance stressed.


1) Merton, R.K. Social Theory and Social Structure, p. 105.

Chapter 3 defines the sphere of study of the sociology of religion and the theological point of departure of this research. Various reasons are put forward as to why people go to church. The conclusion is reached that man as a religious being attends church in order to worship God and that church attendance can only be really functional when this is the reason for attendance.

Chapter 4 consists of an exposition of the empirical research, the questionnair is explained in detail, the results tabulated and interpreted and certain conclusions reached with regard to the functionalism of church attendance.

Chapter 5 summarises the conclusions reached and points to certain tendencies both positive and negative, and possible causes for the decrease in the functionalism of church attendance of National Servicemen who are members of the Ned. Geref. Church, and furthermore attempts to show a possible course of action to be followed in the future.

## BIBLIOGRAFIE


Anon. 20 Vrae omtrent die kerk beantwoord uit Gods Woord. Kaapstad, Die Protestantse Vereniging van S.A., s.j.

Badenhorst, W.T. Waarom gaan ek kerktoe? Kaapstad, N.G. Kerk-uitgewers, 1955.

Benson, P.H. Religion in contemporary culture. New York, Harper & Bros., 1960.

Cronje, G. Kerk en Huisgesin. Kaapstad, N.G. Kerk-uitgewers, 1958.

De Klerk, J.J. 'n Prinsipiële beskouing oor die positiveringstaak van die Gerformeerde Kerk Instituut in wisselwerking met die moderne samelewing. D. Phil. proefskrif P.U. vir C.H.O. 1966.

Dengerink, J.D. Critisch-historisch onderzoek naar de sociologische ontwikkeling van het beginsel der "Souvereiniteit in eigen kring" in de 19e en 20e eeuw. Kampen, J.H. Kok N.V., 1948.

De Villiers, J. Kerkgaan. Kaapstad, N.G. Kerk-uitgewers, s.j.

Die Bybel.

Du Plessis, H. Die kerstening van die Bantoe in 'n tyd van sekularisasie en sekularisme. (in Sendingwetenskap vandag. Pretoria, N.G. Kerk-boekhandel, 1968, Lux mundi 1).

Fairchild, H.P. Dictionary of sociology. New Jersey, Littlefield, Adams & Co., 1965.

Goddijn, W. & H.P.M. Godsdienstsociologie. Utrecht/Antwerpen, Het Spectrum, 1960.

Groenman, Sj. e.a. Het sociale leven in al zijn Facetten - sleutel tot de moderne maatschaplijke problematiek (Deel I). Assen, Van Gorcum, 1958-9.

Grosheide, F.W. e.a. Christelijke Encyclopaedie (deel III). Kampen, J.H. Kok, 1925.

Hattingh, F.N. Waarom gaan ek kerktoe? in <u>Die Voorligter</u>, 34,7, Junie 1971.

Heyns, J.A. Die sin van die erediens. Bloemfontein, S.A. Calvinistiese uitgewersmaatskappy Bpk., s.j.

Hoult, T.F. The sociology of religion. New York, Dryden Press, 1958.

Jaarverslag van die Sekretaris vir Ampsbediening en Evangelisasie van die Ned. Geref. Kerk van Noord-Transvaal 1970/71.

Johnson, H.M. Sociology: A systematic introduction (6e druk). London, Routledge & Kegan Paul Ltd., 1968.

Jonker, W.D. Is die kerk uit pas? in Die Kerkbode, CX,124,5, 2.8.1972.

Knudten, R.D. The Sociology of religion - an anthology. V.S.A., Meredith Publishing Co., 1967.

Martindale, D. The nature and types of sociological theory (4e druk). London, Routledge & Kegan Paul Ltd., 1970.

Matthews, Ruth. The way to church in The Reader's Digest, 82,492, April 1963.

Merton, R.K. Dysfunction, variant evaluation and change. (Schneider, L. Religion, culture & society. New York, John Wiley & Sons Inc., 1964).

Merton, R.K. Social theory and social structure (enlarged edition). New York, The Free Press, 1968.

Moberg, D.O. The Church as a social institution. Englewood Cliffs, New Jersey, V.S.A., Prentice-Hall Inc., 1962.

Nottingham, Elizabeth K. Religion and society. New York, Random House, 1954.

Otto, R. The idea of the holy (2e druk vertaal deur Harvey, J.W.). Oxford University Press, 1950.

Parsons, T. en Shils, E.A. Toward a general theory of action. Mass., Harvard University Press, 1951.

Pellisier, G.M. Waarom moet ek kerktoe gaan? Bloemfontein, Sacum Bpk., 1954.

Pieterse, J.E. e.a. Jeug en godsdiens. (Verslag van jeugondersoek deel IV). Johannesburg, Voortrekkerpers, 1967.

Schneider, L. Sociological approach to religion. New York, John Wiley & Sons Inc., 1970.

Spier, J.M. Inleiding in de Wijsbegeerte der wetsidee (4e druk). Kampen, J.H. Kok, 1950.

Steyn, A.F. Metodologiese benaderingswyses in sosiologiese navorsing. Pretoria, Universiteit van S.A., 1964.

Swart, P.H.J. Waarom gaan ons kerk toe? Pretoria, N.G. Kerk-uitgewers, 1963.

Timasheff, N.S. Sociological theory. Its nature and growth. New York, Random House, 1951.

Treurnicht, A.P. Wat gebeur daar in die kerk? Kaapstad, N.G. Kerk-uitgewers, 1957.

Van der Spuy, S.H. Waarom gaan ons kerktoe? in Die Kerkbode, CIX,124,17, 26.4.1972.

Van Dijk, R. Mens en medemens, Een inleiding tot de algemene sociologie. Wageningen, N.V. Gebr. Zomer & Keunings, 1953.

Van Ruler, A.A. Waarom zou ik naar de kerk gaan? Nijkerk, G.F. Callenbach N.V., s.j.

Wach, J. Sociology of religion (6e druk). Chicago, University of Chicago Press, 1951.

Wach, J. Vergelijkende godsdienstwetenschap. Utrecht/Antwerpen, Aula Boeken, 1965.

Waterink, J. Theorie der opvoeding. Kampen, J.H. Kok, 1951.

Wilson L. en Kolb, W.L. Sociological analysis. New York, Harcourt, Brace & Co., 1949.

Yinger, J.M. Religion, society and the individual (Deel I). New York, The Macmillan Co., 1957.

Yinger, J.M. Sociology looks at religion (2e druk). New York, The Macmillan Co., 1966.

BYLAE

VRAELYS AAN DIENSPLIGTIGES

Geagte Dienspligtige,

Hierdie vraelys staan in verband met 'n ondersoek van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys en handel oor die kerkbywoning gewoontes van dienspligtiges van die Ned. Geref. Kerk in die S.A. Weermag. U samewerking met die invul van die vraelys sal waardeer word. Die vraelys is nie genommer nie en u naam kom ook nie daarby nie - daar is dus niks wat dit aan u persoon koppel nie. Ons wil graag 'n EERLIKE antwoord hê. Gee dit asseblief want 'n eerlike antwoord kan ons help om die jongmens van vandag beter te benader. Baie dankie vir u samewerking.

E. HARRINGTON/KAPELAAN NED. GEREF. KERK

MAAK 'N KRUISIE IN DIE HOKKIE WAT OP U VAN TOEPASSING IS TENSY ANDERS GEVRA:

1. U OUDERDOMSGROEP:

1.1. 17 tot 20 ...... ☐

1.2. 21 en ouer ..... ☐

2. U AFDELING IN DIE WEERMAG:

2.1. Leer ............. ☐

2.2. Lugmag ........... ☐

2.3. Vloot ............ ☐

3. WATTER INNAME:

3.1. Januarie ....... ☐

3.2. Julie .......... ☐

3.3. Ander .......... ☐

4. SKOOLSTANDAARD GESLAAG:

4.1. Std. 10 ........... ☐

4.2. Nie Std. 10 nie ... ☐

5. U PROVINSIE (Waar u nou vandaan kom):

5.1. Kaap ........ ☐

5.2. O.V.S. ....... ☐

5.3. Transvaal .... ☐

5.4. Natal ........ ☐

5.5. S.W.A. ....... ☐

5.6. Elders ....... ☐

6. WAARVANDAAN KOM U?

6.1. Stad ............. ☐

6.2. Platteland ....... ☐

7. IS U 'N BELYDENDE LIDMAAT (aangeneem)?

7.1. Ja ....... ☐

7.2. Nee ...... ☐

8. HOE DIKWELS HET U SELF KERKTOE GEGAAN VOORDAT U MET U DIENSPLIG BEGIN HET?

8.1. 2 Keer per Sondag .................. ☐

8.2. 1 keer per Sondag .................. ☐

8.3. Ten minste een keer per maand ...... ☐

8.4. Ten minste een keer per jaar ....... ☐

8.5. Nooit .............................. ☐

9. HOE DIKWELS GAAN U TANS KERKTOE?

9.1. 2 keer per Sondag .................. ☐

9.2. 1 keer per Sondag .................. ☐

9.3. Ten minste een keer per maand ...... ☐

9.4. Ten minste een keer per jaar ....... ☐

9.5. Nooit .............................. ☐

10. GAAN U <u>SLEGS</u> KERKTOE MET VERPLIGTE KERKPARADES?

10.1. Ja ...... ☐

10.2. Nee ..... ☐

11. HOEVEEL KEER <u>DINK U</u> BEHOORT 'N MENS KERKTOE TE GAAN?

11.1. 2 Keer per Sondag ............... ☐

11.2. 1 keer per Sondag ............... ☐

11.3. Ten minste een keer per maand .... ☐

11.4. Ten minste een keer per jaar ..... ☐

11.5. Dis nie nodig om te gaan nie ..... ☐

12. WATTER DIENS WOON U DIE GRAAGSTE BY?

12.1. Oggenddiens ...... ☐

12.2. Aanddiens ........ ☐

12.3. Albei ............ ☐

12.4. Geen ............. ☐

13. INDIEN U NIE GEREELD 2 KEER PER SONDAG KERKTOE GAAN NIE WAT VERHINDER U? (Maak soveel kruisies soos u wil waar toepaslik):

13.1. My diensplig pligte verhinder my............. ☐

13.2. My ontspanningsbedrywighede verhinder my .... ☐

13.3. Die kerk is te styf en formeel ............. ☐

13.4. Die kerkmense is te onvriendelik ........... ☐

13.5. Die kerk is vir ouer mense ................. ☐

13.6. Die predikant preek vervelig ............... ☐

13.7. Die predikant preek onverstaanbaar ......... ☐

13.8. Die predikant boei my nie .................. ☐

13.9. Die predikant bedoel nie wat hy sê nie ...... ☐

13.10. Die predikant stel nie in my belang nie ..... ☐

13.11. Ek hou nie van die predikant nie ........... ☐

13.12. Ek het nie lus nie ......................... ☐

13.13. Ek beskou dit nie as nodig nie ............ ☐

13.14. Dis te veel moeite ........................ ☐

13.15. Ek glo nie aan die Bybel nie ............... ☐

13.16. Ek glo nie aan God nie .................... ☐

14. WAARMEE ASSOSIEER U DIE WOORD 'KERK' DIE MEESTE?
(Maak slegs in een blokkie 'n kruisie)

14.1. 'n gebou ........ ☐

14.2. God ............ ☐

14.3. 'n byeenkoms .... ☐

14.4. die predikant ... ☐

14.5. aanbidding ...... ☐

15. HOEKOM GAAN U KERKTOE?
(Maak kruisies in die betrokke blokkies by enige redes wat hieronder en op die volgende bladsy volg waarom u GEWOONLIK kerktoe gaan - u kan dus soveel kruisies maak soos u wil).

1. Omdat ek gewoond is om te gaan .............. ☐

2. Omdat alle ordentlike mense behoort te gaan .. ☐

3. Omdat ek my ouers nie wil teleurstel nie ..... ☐

4. Omdat my vriende my vra .................... ☐

5. Omdat my aster my vra ...................... ☐

6. Omdat my KJV maats gaan .................... ☐

7. Omdat die predikant mooi preek .............. ☐

8. Omdat ek hou van die predikant .............. ☐

9. Omdat die predikant gesê het ek moet gaan .... ☐

10. Omdat ek eensaam is ........................ ☐

/11 vervolg op vlg. bladsy....

11. Omdat dit aangenaam is om in 'n groep te wees.. ☐

12. Omdat ek vriende en bekendes daar raakloop .... ☐

13. Omdat dit gesellig is ........................ ☐

14. Om 'n aantreklike aster wat ook gaan raak te loop .................................... ☐

15. Omdat dit lekker is om daar saam met mede Christen gelowiges te wees ................. ☐

16. Om te aanbid ................................. ☐

17. Omdat ek 'n behoefte in die hart het ......... ☐

18. Om iets te leer .............................. ☐

19. Om gered te word ............................. ☐

20. Om iets vir my siel te ontvang ............... ☐

21. Om God daar te ontmoet ....................... ☐

22. Omdat ek gehoorsaam aan die Here wil wees ..... ☐

23. Omdat ek lus het ............................. ☐

24. Omdat my gewete my pla ....................... ☐

25. Omdat ek bang is ek gaan hel toe ............. ☐

26. Omdat ek bang is God straf my nou hier op aarde ..................................... ☐

16. Skryf in die onderstaande blokkies, IN VOLGORDE VAN BELANGRIKHEID, slegs die NOMMERS neer van die 3 REDES (in vraag 15 op die vorige twee bladsye genoem) wat u as die BELANGRIKSTE beskou waarom u kerktoe gaan:

16.1. Die nommer van u belangrikste rede........

16.2. Die nommer van u 2e belangrikste rede ....

16.3. Die nommer van u 3e belangrikste rede ....

17. MAAK KRUISIES WAAR U SAAMSTEM:

17.1. Die predikant preek:

17.1.1. te lank

17.1.2. te kort

17.1.3. net reg

17.2. Die Psalms en Gesange:

17.2.1. sing lekker .................

17.2.2. slegs sommige sing lekker ....

17.2.3. sing nie lekker nie ..........

17.3. My gedagtes dwaal tydens kerkdienste:

17.3.1. selde

17.3.2. dikwels

17.3.3. altyd

17.3.4. nooit

17.4. Hoeveel dienste behoort daar op Sondag te wees?

17.4.1. twee dienste .................. ☐

17.4.2. een diens ..................... ☐

17.4.3. slegs dienste op besondere geleenthede soos Kersfees of oujaarsdagnag .............. ☐

17.4.4. Dit is glad nie nodig om kerkdienste te hou nie ......... ☐

17.5. Ek geniet die diens:

17.5.1. altyd ☐

17.5.2. soms ☐

17.5.3. selde ☐

17.5.4. nooit ☐

17.6. By 'n diens kyk ek na my horlosie:

17.6.1. dikwels ☐

17.6.2. soms ☐

17.6.3. selde ☐

17.6.4. nooit ☐

18. KAN DIE KERKDIENS AANTREKLIKER GEMAAK WORD?

18.1. Ja ☐

18.2. Nee ☐

19. INDIEN DIE KERKDIENS AANTREKLIKER GEMAAK KAN WORD, TREK KRUISIES BY WELKE MANIER/E U SOU AANBEVEEL (u kan meer as een kruisie trek):

19.1. Die gemeente moet ook kan saampraat ....... ☐

19.2. Die predikant en die kerkraad moet die kerkgangers groet en welkom laat voel ...... ☐

19.3. 'n Gesellige koppie tee of koffie na die diens .............................. ☐

19.4. Optrede van popgroepe om die diens op te helder .............................. ☐

19.5. As u nog 'n wenk het noem dit kortliks hier:

________________________________________

________________________________________

________________________________________

20. IS DIT MOONTLIK OM DIE HERE IN DIE KERK TE ONTMOET?

20.1. Ja ☐

20.2. Nee ☐

21. HET U AL OOIT DAARVAN BEWUS GEWORD DAT DIE HERE OP DIE EEN OF ANDER MANIER TEENWOORDIG IS IN DIE KERK?

21.1. Ja ☐

21.2. Nee ☐

22. INDIEN U REEDS BELYDENIS AFGELê HET (aangeneem is), HET U GELOOFSSEKERHEID GEHAD MET BELYDENISAFLEGGING d.w.s. was u toe seker dat u kind van die Here was?

22.1. Ja ☐

22.2. Nee ☐

23. INDIEN U NOG NIE BELYDENIS AFGELê HET NIE (nog nie aangeneem is nie), HET U GELOOFSSEKERHEID?, d.w.s. is u seker dat u kind van die Here is?

23.1. Ja ☐

23.2. Nee ☐

24. INDIEN U WEL BELYDENIS AFGELê HET, HET U PREDIKANT TERWYL U IN DIE BELYDENISKLAS WAS MET U 'N PERSOONLIKE GESPREK GEHAD OOR U GELOOFSSEKERHEID, d.w.s. met u gesels oor die vraag of u 'n kind van die Here is? (Hierdie vraag moet slegs beantwoord word deur belydende lidmate d.w.s. persone wat reeds aangeneem is).

24.1. Ja ☐

24.2. Nee ☐

25. IS U SEKER DAT U NOU TERWYL U HIERDIE VRAAG BEANTWOORD KIND VAN DIE HERE IS?

25.1. Ja ...................... ☐

25.2. Ek is nie seker nie ...... ☐

26. AAN WATTER KERK BEHOORT U VADER? (Of as hy oorlede is aan watter kerk het hy behoort):

26.1. N.G. Kerk ............ ☐

26.2. Ned. Herv. of Geref. Kerk .......... ☐

26.3. Een van die Engelse kerke ........ ☐

26.4. Ander ................ ☐

26.5. Geen ................. ☐

27. HOE DIKWELS GAAN U VADER KERKTOE?
(Of as hy oorlede is het hy gegaan?)

27.1. 2 keer per Sondag .................... ☐

27.2. 1 keer per Sondag .................... ☐

27.3. Ten minste een keer per maand ......... ☐

27.4. Ten minste een keer per jaar .......... ☐

27.5. Nooit ................................. ☐

28. AAN WATTER KERK BEHOORT U MOEDER?
(Of as sy oorlede is het sy aan behoort?)

28.1. N.G. ............. ☐

28.2. Ned. Herv. of Geref............. ☐

28.3. Engelse kerke ............ ☐

28.4. Ander ............ ☐

28.5. Geen ............. ☐

29. HOE DIKWELS GAAN U MOEDER KERKTOE?
(Of as sy oorlede is het sy gegaan?)

29.1. 2 keer per Sondag ............... ☐

29.2. 1 keer per Sondag ............... ☐

29.3. Ten minste een keer per maand .... ☐

29.4. Ten minste een keer per jaar ..... ☐

29.5. Nooit ........................... ☐

30. HOU U HUISGODSDIENS TUIS, d.w.s. lees u as gesin saam uit die Bybel en gaan een van die gesinslede voor in die gebed?

30.1. Ja ............................ ☐

30.2. Nee ........................... ☐

30.3. Het geen ouerhuis meer nie ....... ☐

++++++++++++++++++++++++++++++++++++++++++++++++++++++++

Baie dankie vir u samewerking.